# HOOFSTUK 8

# DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING SEDERT 1951 EN VORSTER SE GROTER BETROKKENHEID BY DIE STREWE NA ´N ALGEMENE SINODE

## 8.1 DIE SINODES VAN DIE KAAPSE KERK IN 1953, 1957 EN 1961

Dr Koot Vorster sal veral onthou word vir sy kerkregtelike aandeel in die totstandkoming van die Algemene Sinode van 1962. Sy kerkregtelike bydrae het hy dwarsdeur sy lang bediening gelewer maar in besonder gedurende die jare 1951 tot 1962. Dit was die laaste jare van voorbereiding om die algemene sinodale kerkverband wat in 1862 deur ´n hofsaak verbreek is te herstel.

"Die kerk het voortgaande en opnuut met sy geskiedenis en kerkregering doenig geraak. Aan die een kant was hy onvergenoegd daarmee. Aan die ander kant het hy hom daaruit laat leer. In die verwerking het Vorster sterk leiding geneem." [Brown *NGTT* September1979:296] "Twee vrae, wat aaneensluit, is aan die orde gestel: moes die kerkwette met ´n kerkorde vervang word? Moes Ordonnansie 7 vervang word deur die Dordtse Kerkorde? Uitsluitsel oor hierdie vrae was belangrik vir die begeerte wat by die Ned Geref Kerke voortgeleef het om een kerkverband te `herstel'. Om dit te realiseer sou die bestaande kerke hulle vir ´n *synodus contracta* moes vind." [Brown *NGTT* September 1979:297]

## 8.2 VORSTER SE KERKREGTELIKE BYDRAE IN DIE VOORBEREIDING VAN ´N KERKORDE VIR DIE EERSTE ALGEMENE SINODE.

´n Goeie perspektief op Vorster se aandeel in hierdie voorbereiding kan gevind word in die *Gereformeerde Vaandel* van Augustus 1951. Met hierdie uitgawe was Vorster in die redakteurstoel en het hy die geleentheid gebruik om met die hulp van medewerkers in diepte na die regering van die Ned Geref Kerk, as

eie aan `n Gereformeerde Kerk op Suid-Afrikaanse bodem te kyk." [Brown 1979:297] In hierdie uitgawe het hy in die redaksiekolom geskryf onder die opskrif: "Soos een wat dien" [*GV* Augustus 1951: 122-123] en in dieselfde uitgawe verskyn `n artikel van prof D Lategan oor Ordonnansie no.7 van 1843 en sy waarde en betekenis vir ons tyd.[*GV* Augustus 1951: 130-138] Eintlik gaan dit om baie gewigtige kerkregtelike vrae: Voorop staan: "Kan die kerk besluit om die Ordonnansie af te skaf?" En te vervang deur die Dordtse Kerkorde"? Na sy mening staan dit die kerk vry alhoewel hy waarsku om met moontlike gevolge rekening te hou. [Brown in *NGTT* 1979:297]

Die kerkregtelike vrae wat beantwoord moes word was of die kerk kan besluit om die Ordonnansie af te skaf en te vervang met die Dordtse Kerkorde. Volgens Lategan sou die kerk dit kon doen, maar die kerk moes met moontlike gevolge rekening hou. [vgl Brown *NGTT* September 1979:297; Lategan *GV* Augustus 1951:136]

Vir meer as een kerkregkundige was dit nog altyd ´n jammerte dat die Dordtse Kerkorde nie na 1804 as grondslag gedien het nie. [Brown *NGTT* September 1979:297]

### 8.2.1 Kerkorde of Wette en Bepalinge ?

Die verdere vraag het gegaan oor die keuse tussen ´n Kerkorde of Wette en Bepalinge. Die Kerkwette was, volgens Brown, ´n lastigheid en het vir die kerke ´n verleentheid geword. [Brown *NGTT* September 1979:297]

Ander soos bv.Eybers was gemaklik met die benaming kerkwette en vir hom was dit maar dieselfde as ´n kerkorde. Geldenhuys praat ook dikwels van kerkorde as hy van die Wette en Bepalinge praat want dit gaan vir hom om kerkordening. Vir Brown was die kerkwette met hulle baie detail en reglementering "alles behalwe ´n kerkorde". [Brown *NGTT* September 1979:297]

Brown wys daarop dat daar reeds by die Sinode van 1949 gewys is op die onwenslikheid van ´n lywige en omslagtige wetboek. Daar word na Bouwman verwys wat o a gesê het dat hoe meer bepalinge daar is hoe moeiliker word dit om kerklike regspraak uit te oefen. As daar vir elke geval ´n bepaling is wat dit reguleer sou ´n mens later regsgeleerdes nodig hê om die klomp wette te kom verduidelik. Die geskiedenis van die Ned Geref Kerk alleen het al bewys dat dit nie kan werk nie. [Brown *NGTT* September 1979:297-298]

Die Kommissie vir Revisie beveel dan ook aan, "dat die Kommissie van Revisie gemagtig word om die hulp van ´n regsgeleerde in te roep om die Kerklike Wette en Bepalinge behoorlik te rangskik" [Hand. Sinode 1949:387] Die Kommissie vir Revisie "wil met groot beskeidenheid opmerk dat die opstel van lang reglemente en die veranderinge aan bestaande reglemente en die veranderinge aan bestaande reglemente by elke Sinodale sitting ook telkens die opstel van ´n nuwe Wetboek vereis. Dit kos die Kerk honderde ponde." [Hand Sinode 1949:387]

Aktuarii wat in die verband van hulle laat hoor het was die aktuarius van Natal, ds H J C Snyders, wat gewaarsku het: "Die neiging bestaan in al ons Kerke om wette op te stel vir elke voorkomende geval, en ons wetboeke ontaard in ´n soort Roomse Kasuistiek." [Brown *NGTT* September 1979:298] ´n Ander, die oud-aktuarius van die Kaapse Kerk, ds J F Mentz, se mening was: "Die Wetboek is vol artikels gemaak in plaas van dat die groot beginsels vasgelê is sodat na daardie beginsel geoordeel kon word. Ons vrees egter dat dit nou te laat is om terug te kom" [Brown *NGTT* September 1979:298] H J Pienaar, lid van die Kommissie vir Kerkwetrevisie en van die Regskommissie verwys ook na die wat hy noem, ondraaglike las van reglemente en voorspel dat dit nog ´n groot struikelblok kan word. Hy oordeel dat vir die kerklike lewe en Kerkregering baie beter sou gewees het as daar volstaan is met een algemene Kerkorde as leidraad en uitgangspunt. [Brown *NGTT* September 1979:298]

"Die Kerkorde van Dordt is opnuut aanbeveel op grond van sy twee groot en onmisbare beginsels vir ´n suiwer Kerkregering ...te wete, die oppergesag van die Woord van God en die koningskap van Christus, die Koning van die Kerk" [Brown *NGTT* September 1979:298]

"Vir ´n kerkorde het dr E A Venter hom laat vind maar beklemtoon dat Dordt nie die finale woord oor die gereformeerde kerkregering gehad het nie. En 'ons kerklike Wette en Bepalings toe en tans' het 'wel beantwoord aan al die vereistes van die Gereformeerde (dit wil sê Skriftuurlike) Kerkreg" [Brown *NGTT* September 1979:298] Mentz het gemaan teen burokrasie:"Ons meen dat baie van die kommissies waarvan sommige besig is om die werk van die Sinode te doen nog een dag die werk van die Sinode lelik in die war gaan stuur." Brown dink ook daar is nie vir hierdie gevaar genoegsaam voorsienng gemaak nie. [Brown *NGTT* September 1979:298]

**8.3 1951 VERGADERING SINODALE KOMMISSIE**

Op sy vergadering van 18 April 1951 het die Algemene Sinodale Kommissie die Verkleining van die Sinode weer bespreek. Ten volle bewus van die feit dat die volgende sinode oor bg saak sou besluit en dit wets- en geldelike implikasies sou inhou, het die kommissie dit na die Permanente Regskommissie en die Kommissie van Toesig en Kontrole verwys. [Hand Sinode 1953:212]

Die Permanente Regskommissie , met Vorster as skriba, het `n paar regsopinies ingewin. [Regsopinie is in die vorm van 17 vrae van `n aantal regsgeleerdes o a J T van Wyk, D P de Villiers, J de Vos en J C de Wet aangevra en verkry. Hierdie dokumente het as Bylaes verskyn tot die Handelinge van die Sinode 1953:565-577. Vorster was ook teenwoordig by `n onderhoud wat die Permanente Regskommissie met J C de Wet gevoer het oor die aangeleentheid. [Hand Sinode 1953:573]

Bogenoemde twee kommissies het die saak ondersoek en hul verslae is by die Algemene Sinodale kommissie se vergadering van 6 Augustus 1952 gesirkuleer en behandel. [Hand Sinode 1953:198] Die skaal het nou na die ander kant geswaai want met `n skrale 32 teen 26 stemme is besluit om `n verkleining van die sinode by die komende sinode van Oktober aan te beveel. [Hand Sinode 1953:199] Die vergadering het ook `n skema m b t samestelling van die sinode, kiesing van predikante en ouderlinge aanvaar.

Intussen het, soos dit seker verwag is, heelwat korrespondensie oor hierdie saak in die vorm van versoeke en beskrywingspunte op die tafel van die skriba van die sinode beland. Van die belangrikste was die wat vanaf ringe, gemeentes en lidmate uit Suidwes-Afrika en Oos-Kaapland gekom het en versoek het dat hulle tot die vorming van eie sinodes mag oorgaan. Presies soos wat Vorster dit vroeër reeds betoog het.

## 8.4 DERDE EEUFEESVIERINGE APRIL1952

In April 1952 is die driehonderd-jarige fees gehou en was Vorster ook lid van die Koordinerende Provinsiale Kommissie wat gemoeid was met die reëlings.Dit het vir hom nog groter bekendheid gebring. Dit was inderdaad ´n heuglike gebeurtenis maar ongelukkig sou die Van Riebeeckfees ook die kerklike verskeurdheid belig. Dis ook waarby prof F J M Potgieter aangesluit het in sy redaksionele rubriek in die *Gereformeerde Vaandel*. “En waar dit, helaas, ook van sy Kerk in ons vaderland geld dat die lede oral versprei en die liggaam vermink lê daar sou kerkherstel, wat hierdie feesvieringe betref, die kroon gespan het.” [Potgieter in *GV* April 1952:42]

“Die ware lede van die liggaam van Christus, dit wil sê dié lede wat die leer en lewe deur die Woord laat normeer en wat Hom aanbid en dien beide met die warme mistiek van die hart en die geheiligde verstand, hoort bymekaar. Tans is dié mense lede van drie verskillende kerke en ly die liggaam van Christus onder hierdie verskeurdheid.” Sy verlange is: “Sal die Here nie genadiglik die

drang na kerkherstel in ons harte laat posvat en ontvlam nie!" [Potgieter in GV April 1952:42]

## 8.5 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1953

Op 22 April hierdie jaar hou die Raad van Kerke sy 23ste vergadering in Kaapstad. Een van die Beskrywingspunte [no 2] lui:

"Organiese Vereniging van die Gefedereerde Kerke: Met die oog daarop dat:

a] Die vier Gefedereerde Kerke uit dieselfde moederskerk ontwikkel het en nog met bande van belydenis, liefde en enerse belange aan mekaar verbind is, en daar tog `n federale eenheid bestaan;

b] Die Sinodes van `n paar van die kerke reeds te groot geword het en verdere afstigting van kerke nie onmoontlik is nie, maar inteendeel selfs al beplan word:

c] dit die belange van die Kerk van Christus in Suid-Afrika sal bevorder; so besluit die Raad van die Kerke om by die verskillende Sinodes binne federale verband aan te beveel

1] dat die bestaande en moontlik te worde gestigte gefedereerde kerke tot organiese vereniging sal oorgaan;

2] dat daar een algemene sinode sal wees waarop elke kerk verteenwoordig sal word;

3] dat daar provinsiale- of streeksinodes sal wees om aanbevelings by die Algemene Sinode te doen en verder uitvoering te gee aan opdragte deur die Algemene Sinode gegee. [Hand Raad van Kerke 1953: 50] Verslag van Tydelike Kommissie vir Ekumeniese Sake

4] Organiese Vereniging van die Gefedereerde Kerke [ Agenda bls 50, Bp 2] In die lig van die besluit van die Raad van Kerke [1951] word aanbeveel dat hierdie saak sal oorstaan tot die volgende vergadering van die Raad van die Kerke. [Hand 22 April 1953:64]

## 8.6 VORSTER LID VAN KURATORIUM 1953

Vorster het in 1953 ook lid geword van die Kuratorium van die Teologiese

Seminarium te Stellenbosch. Hieroor sê Potgieter [1979:275]: “By die vorming van studente in die teologie was hy as lid van die Kuratorium sedert 1953 intens betrokke. Op talle van jongmanne het hy `n blywende indruk gemaak wat vir hulle rigtinggewend gedurende hulle bediening sou wees.”

## 8.7 VORSTER LID VAN FEDERALE RAAD 1953

In 1953 het Vorster lid geword van die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke en hy het daarvan lid gebly tot by die Raad se ontbinding in 1962. [Potgieter *NGTT* 1979:273]

## 8.8 VORSTER OP ANDER KOMMISSIES 1953

Gedurende die reses het Vorster sy kerk op `n hele aantal sinodale kommissies gedien. `n Kommissie wat daarby gevoeg moet word is die Kommissie insake Reorgansasie. Saam met ds W A Landman het hy gedien op hierdie subkommissie wat deur die Algemene Sinodale Kommissie saamgestel is in verband met die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging en die N G Kerkpers [Hand Sinode 1953:207] Vorster (Tafelberg) en Landman (Swartland) sou vir baie jare deel wees van die moderatuur.

## 8.9 1953 KAAPSE SINODE

Vanaf Donderdag 15 Oktober 1953 sou die twee-en-dertigste vergadering van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika [Kaapse Sinode] in Kaapstad gehou word. Ds J D Vorster en ouderling N Olivier was die afgevaardigdes van die Tafelberg-gemeente. [Hand Sinode 1953:7] Die Tydelike Regskommissie, waarop Vorster sitting gehad het, het reeds op Dinsdag 13 Oktober 1953 om 10:30 onder voorsitterskap van ds A G E van Velden vergader met die oog op die komende sinode. [Hand Sinode 1953:147]. Laasgenoemde het ook sedert 21 Maart as aktuarius waargeneem in die plek van ds F S Malan wat ongesteld geraak het en later dieselfde jaar oorlede is. [Hand Sinode 1953:147]

Heel eerste in die sinode kom die verslag m b t afgevaardigdes se geloofsbriewe op die tafel. Hierdie verslag het Vorster saam met ds W A Landman opgestel. [Hand Sinode 1953:2]

Op die eerste dag van die sinode het die Verslag van die Algemene Sinodale Kommissie gedurende die namiddagsitting gedien. Baie sake uit die verslag sou oorstaan omdat dit later in die sinode weer ter sprake sou kom. [Hand Sinode 1953:12]

Twee van hierdie sake wat sou oorstaan was juis die wat gehandel het oor die Verdeling of Verkleining van die sinode nl die Verslag van die Permanente Regskommissie [Handelinge Sinode 1953, Bylae 5 van A5, pt 88, p 209-211] wat deur die skriba, J D Vorster, onderteken is en die ander die Verslag van die Kommissie van Toesig en Kontrole wat deur die saakgelastigde, A A. van Schalkwyk, onderteken was. [Handelinge Sinode 1953, Bylae6 van A5, pt 89, p 212-213]

## 8.10 VORSTER VERKIES AS AKTUARIUS 1953

Op die eerste sittingsdag, Donderdag 15 Oktober, is Vorster genomineer vir die pos van aktuarius. By die tweede stemming verslaan hy vir W A Landman en drie ander genomineerdes t.w. ds D P M Olivier, ds C W I Pistorius en dr L V Rex en word met `n volstrekte meerderheid as aktuarius verkies. [Handelinge Sinode 1953:13] Landman sou weer herkies word as skriba. Vorster was nou in die stoel van die aktuarius en hy sou hierna by elke sitting as aktuarius herkies word totdat hy in 1975 Moderator van die Kaapse Sinode geword het en in 1979 finaal uitgetree het. Later, in sy eie woorde, het hy gesê dat dit wonderlike jare was: “Dit was vir my mooi jare want die Almagtige het my die voorreg gegun om vir 26 jaar my plek agter hierdie tafel in te neem en `n rykdom van kennis en ervaring en genade op te doen.” [Vorster 1979:781]

Saam met Vorster in die moderatuur het vir die grootste deel van hierdie 26

jaar, en wel vir 22 jaar [1953-1975], dr W A Landman die groen tafel met hom gedeel. Laasgenoemde het self ook ononderbroke vir 26 jaar [1949-1975] as skriba in die moderatuur gedien. Dit was twee predikante wat ook vir baie jare ononderbroke in een gemeente gedien het t.w. Vorster in Tafelberg, Kaapstad en Landman in Swartland, Malmesbury.

Hulle het albei sterk persoonlikhede gehad en nie geskroom om hul saak met oortuiging te stel nie. Dikwels het hulle standpunte teenoor mekaar te staan gekom. Uit gesprekke met Vorster blyk dit dat daar dikwels op kleiner vergaderings tussen die twee here gestem moes word en dat die uitslae aangetoon het dat elkeen vir homself moes gestem het. Elke stem het in sulke gevalle getel en daarom het die here so opgetree anders het die ander “party” die oorhand gehad.

Dit was duidelik dat Vorster in toenemende mate op die steun van lidmate in die kerk kon staatmaak want hy is algaande op meer kommissies van die sinode verkies. By die sinode van 1953 is hy, behalwe vir die Algemene Sinodale Kommissie waarop hy as aktuarius sitting gehad het, ook verkies op die Permanente Armsorgkommissie [Verteenwoordiger van die Ring van Kaapstad], Kommissie vir Kerkwet-revisie, Kweekskool-Curatorium, Kommissie vir N G Kerkuitgewers en die Permanente Regskommissie [Handelinge Sinode 1953:100-103] Hy is ook gekies om namens die moderatuur die Sinode se groete oor te dra op die Vrystaatse Sinode. [Handelinge Sinode 1953:126]
Op Maandag 26 Oktober was daar groot belangstelling vir die verslae en beskrywingspunte wat m.b.t. die verdeling of verkleining van die sinode aan die beurt gekom het. [Handelinge Sinode 1953:67] Die Moderator, dr A J van der Merwe, het gereël dat daar `n oop bespreking oor die hele aangeleentheid sal wees en dat sprekers met oplossings vorendag sal kom voordat die sinode die onderskeie voorstelle in behandeling sal neem.

`n Hele aantal sprekers het voorstelle gemaak en oor die saak gepraat. Ds Vorster het as aktuarius ook aan hierdie debat deelgeneem. [Handelinge Sinode 1953:67-69] Uiteindelik is `n Ordemosie van di A P Smit en D L Steyl aanvaar. Dit was `n poging om groter duidelikheid in die vergadering te bring.

Dit het gelui: "Met die oog op die baie en selfs uiteenlopende voorstelle op die tafel, die ingewikkeldheid van die hele vraagstuk en veral ook die onsekerheid oor die wetlike aspekte en implikasies daarvan, besluit hierdie Vergadering om die bespreking oor die toekomstige samestelling van die Sinode vir eers op te skort en die hele aangeleentheid staande die Vergadering terug te verwys na `n spesiale kommissie, wat sal bestaan uit:
1. Lede van die Permanente Regskommissie,
2. Die voorstellers en sekondante van die onderskeie voorstelle,
3. Die H E Moderator, die H E Assessor en die Saakgelastigde met eersgenoemde as sameroeper."

Vorster was dus ingesluit in hierdie spesiale kommissie en dit sou hom gepas het. "Die opdragte van hierdie kommissie", het die voorstel verder gelui, "sal wees:
1] Om verdere regsgeleerde advies in te win,
2] om die verskillende voorstelle tot `n minimum te reduseer,
3] om dan oor `n week met `n beredeneerde voorstel voor die Sinode te kom, wanneer die bespreking oor hierdie aangeleentheid voortgesit sal word." [Handelinge Sinode 1953:69]

Op Maandag 2 November dien die verslag van die Permanente Regskommissie voor die sinode. [Handelinge Sinode 1953:113] Daarin gee die kommissie rekenskap van die opdrag wat die ASK aan hom gegee het m b t die verdeling of verkleining van die sinode. Volgens die verslag is daar deeglike studie gemaak van die wetsimplikasies van die onderhawige saak, regsadvies is ingewin, die regsopinie van adv J T van Wyk is gekry en `n

breedvoerige verslag is aan die ASK gegee. [Handelinge Sinode 1953:288]

Nog `n ander saak waaroor Vorster sterk gevoel het en ook al oor geskryf het dien dieselfde dag voor die sinode wanneer die verslag van die Tydelike Regskommissie aan die beurt kom. In hierdie verslag reageer die kommissie o a op die beskrywingspunt van ds J Lange van Riversdal waarin hy die sinode versoek om “by die parlement aansoek te doen om die Ordonnansie no 7 van 1843 te herroep.” [Handelinge Sinode 1953:409] Ds Lange sou saam met Vorster vir baie jare soos twee karperde medestanders wees in sinodale vergaderings wanneer belangrike sake bespreek is.

Die kommissie se verslag vra in die verband vir die sinode dat ”hierdie saak na die Permanente Regskommissie verwys word met die opdrag om in die interim deeglik daarop in te gaan, regsadvies in te win en die volgende vergadering met `n beredeneerde rapport te dien.” [Handelinge Sinode 1953:529]

Die sinode het egter geoordeel om hierdie punt tot later te laat oorstaan. [Handelinge Sinode 1953:116] Dieselfde het gebeur met die verslag se voorstel rakende die moontlike stigting van `n Ned Geref Kerk in Suidwes-Afrika. [Handelinge Sinode 1953:117]

Tydens die sestiende sitting op Dinsdag 3 November 1953 het die moontlike verdeling of verkleining van die sinode weer op die tafel gekom. Die skriba het gerapporteer dat die spesiale kommissie wat aangestel is, regsadvies ingewin het en dit ter tafel lê. Vier voorstelle sou voor die vergadering gelê word. Aan die bespreking wat hierna plaasgevind het, het die aktuarius ds Vorster, ook deelgeneem. [Handelinge Sinode 1953:127]

Dit moes vir almal baie duidelik gewees het dat `n besluit oor hierdie belangrike saak nie ligtelik geneem kon word nie. Na deeglike bespreking het die moderator dan ook die vergadering versoek om “vir twee minute in stille

gebed te gaan om God se leiding te soek voordat gestem word." [Handelinge Sinode 1953:128] Daarna gaan die vergadering oor tot stemming en is die vier voorstelle agtereenvolgens gestel.

Die tweede voorstel wat gekies het vir afstigting van kerke met behoud van `n federale band is toe aanvaar met 345 teen 242 stemme. Hierdie voorstel het gelui: "Die sinode verwerp die beginsel van `n verkleinde Sinode en verklaar dat dit in die beste belang van die Kerk beskou word dat waar Kerkrade van `n bepaalde gebied daarom vra, selfstandige Kerke gestig sal word met dieselfde belydenis en kerkregering as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, met handhawing van die federale verband." [Handelinge Sinode 1953:127] Die saak is na `n Tydelike Kommissie verwys.

Hierdie besluit is dis geneem presies soos wat die aktuarius, Vorster, dit vroeër reeds as sy visie gestel en gepropageer het. Ander afgevaardigdes het natuurlik verskil en ook baie sterk daaroor gevoel want die volgende dag het `n hele paar o a die assessor, ds A.G E van Velden, die skriba, ds W A Landman, en die latere bekende kerkleier ds J S Gericke versoek dat hulle name genotuleer moet word as bewys dat hulle in die minderheid gestem het. [Handelinge Sinode 1953:133]

Hierdie historiese en ingrypende besluit het egter geval en die deur was nou oop vir verdeling van die sinode. Afgevaardigdes soos diegene wat van Suidwes-Afrika was, was ook ingenome met die besluit. Die volgende dag was `n voorstel van hulle heel eerste op die tafel. Volgens hierdie voorstel wat deur die bekende ds S H van der Spuy voorgestel is en deur ds C A C Gagiano gesekondeer is sou die sinode besluit dat die kerk in Suidwes-Afrika oorgaan om `n "eie selfstandige N G Kerk in SWA te stig" en verder om "sy morele steun toe te sê aan die stigting." [Handelinge Sinode 1953:129] Die sinode sou ook `n kommissie aanwys om met die stigting te help.

Oos-Kaapland se afgevaardigdes het by wyse van `n amendement dieselfde vir hulle streek gevra. Ook hulle wou goedkeuring vra "om afstigting van `n aparte Sinode in Oos-Kaapland binne die federale verband van die Ned Geref Kerke." [Handelinge Sinode 1953:130]

Nog twee verdere amendemente is ingedien. In albei gevalle was die hoofgedagte dat die saak na `n kommissie verwys sal word. Op `n Ordemosie van di J H Lange en P W de Lange besluit die vergadering om dit so te hanteer. [Handelinge Sinode 1953:130]

Betreffende die afstigting van kerke het die Tydelike Kommissie op Woensdag 4 November verslag gedoen en `n voorstel ingedien wat deur di J H Lange en J D Vorster onderteken is. Dit het gelui: "Die Sinode benoem `n kommissie bestaande uit die Moderatuur, die Permanente Regskommissie, en die volgende ander lede: dr L V Rex, di P W Jordaan, D P M Beukes, C W I Pistorius [Oos-Kaapland], S H van der Spuy, J H Steenkamp en C A C Gagiano [Suidwes-Afrika] en ds J H Lange, met die Saakgelastigde, Algemene Armesorgsekretaris en Algemene Sendingsekretaris in adviserende hoedanigheid.

Die opdrag van die kommissie word vervolgens duidelik uitgespel en dis goed om dit hier volledig aan te haal omdat die hand van Vorster baie duidelik hierin gesien kan word. Dis kenmerkend van sy deeglikheid dat hierdie voorstel min of meer al die vrese wat reeds voor die vergadering gedien het aangespreek het.

Die opdrag van die kommissie was om:
1] Uitvoering te gee aan A5, Bylae 5, paragraaf A [van begin tot aan die einde van punt 4] met inagneming van B.12 en D.18.
2] Om al die regsimplikasies wat hieruit voortvloei, te ondersoek, waaronder:
a] regte van minderhede en eiendomsreg

b] die korrekte prosedure vir stigting van Kerke te bepaal.
3] Aktes van Ooreenkoms wat aan al die vereistes sal voldoen, op te stel.
4] Om die moontlikheid te ondersoek van die daarstelling van `n bindende Kerkorde vir al die N G Kerke.
5] van tyd tot tyd aan die Algemene Sinodale Kommissie te rapporteer.

Die Algemene Sinodale Kommissie kry volmag om:
1] Indien nodig, parlementêre wetgewing te verkry
2] Die aansoek om stigting van `n Kerk in Suidwes-Afrika finaal af te handel.
3] Nadat alles bevredigend afgehandel is, die aansoek om stigting van `n Kerk in Oos-Kaapland aan die volgende Sinode voor te lê vir goedkeuring. Hierna sal die verskillende sinodes afsonderlik konstitueer."

Hierdie voorstel is deur die sinode aangeneem en die moderator is gevra om as sameroeper van die kommissie op te tree. [Handelinge Sinode 1953:132]

**8.11 VERSLAG INSAKE TUGUITOEFENING BY SINODE VAN 1953**

´n Baie belangrike saak wat by die sinode van 1953 ter sprake gekom het was die Verslag insake Tuguitoefening. Dit was saam met die vrae oor kerklike verenigings een van die brandpunte in daardie tyd. Dit was ´n stewige kommissie met 3 knap persone wat onder voorsitterskap van prof B B Keet die verslag ingedien het. [Hand Sinode 1953:295-300] In die verslag is gemeld dat die meerderheid van gemeentes gekla het oor die verslapping van die tug.

Na behandeling van hierdie deeglike verslag het die Sinode besluit: "Bewus van die droewige verval van die Christelike tug in die Kerk, dra die H E Sinode dit op aan die Kommissie van Evangelisasie om op voetspoor van die handleiding soos nou deur H E Vergadering aanvaar, ernstige pogings aan te wend om die Ringe en Kerkrade op te wek om die tug streng te beoefen." Daaruit lei Vorster tereg af dat die kerk ´n begeerte gehad het om die kerklike tug te herstel. [Vorster *GV* Des 1954:20] Hy het dit verwelkom as "´n aksie tot

kerkherstel" [Brown *NGTT* Sept 1979:299] en ´n voorstel ingedien wat genotuleer is as: "Die H E Actuarius en ds A P Smit stel voor dat hierdie verslag insake Tugoefening gedruk word, dat die drukkoste met 50 pond uit die sinodale kas gesubsidieer word, en dat die Kerkrade hulle bestellings verder op eie koste by die N G Kerk-Uitgewers mag plaas. Hierdie voorstel word deur die vergadering aanvaar." [Hand Sinode 1953:114]

"Daarmee het die Sinode getoon dat sy belydenis, dat die tugoefening een van die merktekens van die ware Kerk is, hom erns is. Vir die Kerk van Christus is dit ook ´n saak van gehoorsaamheid aan die Woord van God en die opdrag van die Koning van die Kerk." [Vorster *GV* Des 1954:20]

Die feit dat Vorster dit geskryf het, het natuurlik ook aangetoon watter groot bekommernis hyself gehad het oor die verval van die tug en kan sy teleurstelling begryp word toe die sinode die taak om herstel van tug op die skouers van die Kommissie van Evangelisasie geplaas het. Vorster het hom beywer vir ´n kommissie wat net met tug gemoeid is: "Dis uiters wenslik dat die Sinode ´n kommissie vir kerkherstel moet aanstel om die belangrike saak van die herstel en handhawing van die tug te behartig. Dis nou aan die Evangelisasiekommissie opgedra, maar hulle het ´n groot werk om te doen en hierdie saak is so dringend dat spesiale aandag daaraan gegee moet word. Dit moet ´n lewendige en ywerige kommissie wees, wat leiding aan kerkrade kan gee en ook daadwerklik kan help waar nodig." [Vorster *GV* Des 1954:27]

### 8.11.1 Vorster se siening van die tug

Kerkleiers se siening van tug en die toepassing daarvan is ´n aanduiding van hulle bereidheid en moed om onvoorwaardelik te buig voor die Woord van God. In die lig daarvan word meer breedvoerige aandag geskenk aan Vorster se standpunt oor tug, die redes wat hy aanvoer vir die verslapping van die tug en dit wat hy noodsaaklik ag vir die herstel daarvan.

Wanneer Koot Vorster ernstig oor ´n saak gevoel het, het hy altyd die pen opgeneem en daaroor geskryf. So het hy ook gedoen rondom die saak van tug en het hy tug "as onderwerp van ´n uitgawe van *Die Gereformeerde Vaandel* gemaak" [Brown *NGTT* Sept 1979:299]

Onder die titel: "*Die herstel van die tug in ons kerk*" het hy ´n artikel vir die blad geskryf. In die Redaksiekolom van hierdie uitgawe het Vorster sy siening gegee van wat die oorsake was vir die verslapping van die tug. Hy wys daarop dat daar gedurende die dekade wat verby is van verskillende kante die klagte gekom het dat die tug in die kerk verslap het. Daarom, sê Vorster, is die "noodklok" op die Sinode van 1945 reeds gelui toe daar ´n kommissie aangewys is om te kyk of daar wel verslapping van tug was. Die kommissie kon nie ´n verslag aan die Sinode van 1949 voorlê nie, maar die Sinode het dieselfde taak aan ´n nuwe kommissie toevertrou. Dit dui al reeds vir Vorster op die erns waarmee die Sinode die saak bejeën het. [Vorster *GV* Des 1954:2 en 20]

Vorster, die geroepe predikant en gereformeerde kerkregkundige, is aan die woord as hy sê dat die tugoefening ´n diep geestelike werk van die kerk van Christus in die kerk van Christus is. Verkondiging van die Woord en die uitoefening van dissipline moet, volgens hom, altyd saamgaan. "Die een is nie minder geestelik as die ander nie. Die een is nie van meer betekenis vir die behoud van die sondaar as die ander nie. Die twee sleutels van die Koninkryk wat die Koning van die Kerk aan sy knegte toevertrou het, waardeur Hy verheerlik moet word." [Vorster *GV* Des 1954:2] Tug is, volgens hom, noodsaaklik en onontbeerlik vir die welsyn van die kerk. Dit lê, sê hy, in die wil van Christus opgesluit en "Wat Christus verorden het is van lewensbelang vir Sy kerk. Wat Hy nodig geag het mag geen mens minag nie. [Vorster *GV* Des 1954:2] Die Skrif is self hiervan getuie as Vorster verwys na die twee gemeentes Pergamus en Tiatire [Op 2-3] wat aangespreek is juis omdat hulle nie die tug toegepas het teenoor die Nikolaiete en Isebel nie.

In die Ou Testament het die Here self individue, soos bv. Agan en die volk Israel getugtig. In die Nuwe Testament het Christus self die uitoefening van die tug aan die ampsdraers en die gemeente opgedra. Die beste voorbeeld hiervan is waar Jesus aan Petrus en die dissipels gesê het: "En ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy op die aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees: en wat jy op die aarde mag ontbind sal in die hemele ontbonde wees." [Vorster *GV* Des 1954:21] Hierdie twee sleutels is, na aanleiding ook van Matt 18:15-18, "die prediking van die Evangelie en die christelike ban of kerklike dissipline in engere sin." [Vorster *GV* Des 1954:21-22]

Vir Vorster kan die verval van die tug vanuit die kerkgeskiedenis waargeneem word as simptoom van "innerlike veragtering" van die gemeente. "Soos vervalle en slaphangende heinings op ´n plaas ´n slordige en swak boer verraai, so weerspieël die verslapte tug die geestelik ingesonke kerk." Die tug verslap alleen wanneer die verhouding met God nie reg is nie. Wanneer die sondebesef verflou, die roepingsbewustheid nie meer daar is nie en die kennis van God en die kennis aangaande die wese van die gemeente swak en gebrekkig is. [Vorster *GV* Des 1954:4]

Die kerkgeskiedenis, sê hy, bewys dat waar die tug verdwyn daar het die kerk gekwyn. Met die Reformasie het dit duidelik geblyk dat tug nie mense uit die kerk verjaag het nie maar eerder die kerke laat groei het. Aan die ander kant, sê hy, "waar die tug verwaarloos is, het die wêreld in die kerk gekom en het die heerlikheid van die Here, soos Esegiël dit in sy visioen gesien het, van die kerk gewyk." [Vorster *GV* Des 1954:2]

#### 8.11.1.1 Gebrek aan kennis van God se heiligheid

Vorster verduidelik verder waarom die verval van die tug nie aanvaar kan word nie: "Die verwaarlosing van die tug spruit uit ´n gebrek aan besef van die verskriklikheid van die sonde en die heiligheid van die Here teen wie daar

gesondig word. As die gemeente die sonde ken as ongeregtigheid en brutale uittarting en verwerping van God sal die sonde nooit in eie boesem geduld word nie. Nie alleen sal die Woord van God met krag tot veroordeling van die kwaad verkondig word nie, maar as dit nie die begeerde uitwerking het nie, sal - soos Christus deur sy voorsiening van die tweede sleutel dit ook bedoel het - die Christelike sensuur met vrese en gehoorsaamheid toegepas word." [Vorster *GV* Des 1954:2]

Christene moet daaraan herinner word, "God is heilig daarom kan dit nie toegelaat word dat die sonde in die gemeente ongestoord voortwoeker nie. As op die verkondiging van die Woord nie berou en bekerking volg nie moet op bevel van Christus die kwaad deur die toepassing van die tug besweer word." [Vorster *GV* Des 1954:2-3]

**8.11.1.2 Gebrek aan roepingsbesef by opsieners**

Een van die redes vir die verval van die tug is, volgens Vorster, die gebrek aan roepingsbesef by die opsieners. Wanneer gemeente en opsieners "onder die spanning van hulle roeping" leef sal daar by hulle geen vrees vir mense wees of die behoefte om mense te behaag nie. Die eer van God sal vir hulle bokant die eer van mense wees en dan sal die tug nie verwaarloos word nie. [Vorster *GV* Des 1954:3]

"Dit moet erken word dat die toepassing van die tug in die naam van die Here die moeilikste werk is wat God aan sy kerk toevertrou het. Die wat die tug moet toepas is self onvolmaakte mense wat nie alleen die stryd teen die sonde moet voer nie, maar ook hulle neerlae ken." [Vorster *GV* Des 1954:3]

**8.11.1.3 Ervaring van burgelike wette**

´n Ander probleem vir die toepassing van die tug is vir Vorster die feit dat lidmate se kennis van die burgelike wette is dat iemand wat ´n wet oortree aangekla, verhoor en gestraf word. Om hierdie probleem te bowe te kom wys

Vorster daarop dat die kerklike tug ´n geestelike karakter het. Dit is geestelik van aard en van doel. So ´n, "diep geestelike werk is dat tensy die kerkraad en gemeente naby die Here lewe hulle nie tot die behoorlike toepassing van die sensuur in staat is nie. Daarom eis die Skrif dat alleen vroom manne, wat oor hulle eie huise goed regeer, in die amp gestel moet word." [Vorster *GV* 1954:3]

Toepassing van die tug stel dan ook aan die kerkraad en gemeente die hoogste eise. "Dit verg ´n ootmoedige erkenning van die gesag van God en gehoorsaamheid aan Sy Woord. Kerkraad en gemeente moet, vir die regte gebruik van die tweede sleutel, naby die Here leef, want dis in Sy naam dat hule moet sluit en open. Deur toewyding aan die Here in Christus moet hulle bo alles die eer van God soek." [Vorster *GV* Des 1954:3-4] Verder moet die persone wat die tug toepas ´n "tere ontferming oor die sondaar" hè, "fyn mensekennis, warme harte, hoogstaande lewes en harte geheilig deur die vrese van die Here." [Vorster *GV* Des 1954:4]

**8.11.1.4 "Opwekkinge" mag tug nie vervang nie**

Uit die werksaamhede van so ´n kommissie, was Vorster se oordeel, "sal dit ook duidelik word dat die tug deur niks vervang kan word nie." Hiermee het hy bedoel die opvatting wat verkeerdelik soms in die verlede "gekoester" is dat "opwekkinge die tug moet vervang." Sonder dat dit in soveel woorde gesê is, sou mense volgens hierdie opvatting nie deur sensuur van die kerk weggejaag word nie, maar deur "opwekkingsdienste en bearbeiding na die Here gelei word." [Vorster *GV* Des 1954:27]

Vorster sien in so ´n opvatting twee foute nl dat tug mense van die kerk sou wegjaag en dat tug nie heilsaam sou wees nie. Sy uitgesproke siening is dat die tug, as deur die Here verordende middel nie onvrugbaar is nie en nie mense van die kerk wegjaag nie, maar dat dit juis tot heil van die gemeente gegee is. [Vorster *GV* Des 1954:27] Tug mag, volgens Vorster, deur niks

vervang word nie. “God het nie ´n alternatief vir die tug gegee nie. Die Kerk mag nie wyser wees as sy Koning nie.” En verder is iemand aan die woord wat in nederigheid die orde in die kerk liefhet: “Daarom moet ons met moed, takt en liefde aan die oproep van die Sinode gehoor gee. Moed sal nodig wees, want die weg van die Woord is altyd die weg van selfverloëning en gehoorsaamheid. Ook sal ons in diepe en volle afhanklikheid van die Here moet handel. Ons sal alleen moet optree in en onder die drang van die liefde van Christus vir die behoud van sondaars. Bowenal moet ons gedurig onder die besef leef dat nie die tug nie, maar Christus alleen die lewe kan gee. Ook moet ons in die uitoefening van die tug verseker wees van ons lewe en oorwinning in Christus, want as die lewe vir ons nie Christus is nie, sal die tug vir die kerk geen wins bring nie.” [Vorster *GV* Des 1954:27]

**8.11.1.5 Ongerymdhede in die toepassing van die tug**

Vorster wys op sekere ongerymdhede in die toepassing van die tug. As voorbeelde verwys hy hier na gevalle waar voorhuwelikse gemeenskap tereg ´n sensuurgeval is maar ander oortredinge soos bv “diefstal, aanranding, bedrog, egbreuk, dronkenskap, radikale ongeloof, onkerksheid en onenigheid word selde deur kerkrade met die oog op die toepassing van die tug behandel.” [Vorster *GV* Des 1954:20] “Ons het in ons gemeentes mense wat in jare nie in die Kerk was nie, die dag van die Here gedurig ontheilig en teen die Kerk vyandig staan, maar die tug word nie op hulle toegepas nie, en hulle bly lidmate met alle regte en voorregte daaraan verbonde.” [Vorster *GV* Des 1954:20] Ander ongerymdhede wat ook voor die sinode gedien het, is attestate wat nie meer uitgereik word wanneer lidmate uit die gemeente vertrek nie; in die meeste gevalle tree die predikante alleen in tugsake op; sommige meen daar is nie werklik ´n verslapping van die tug nie - dit lyk maar so omdat daar “veelal in die stilte opgetree word en vaderlike vermaning die plek van strenge optree van ´n regspraak ingeneem het.” [Hand Sinode 1953:295-296]

#### 8.11.1.6 Staat en kerk se noue verband vroeër as ´n oorsaak van verval van tug

Vir Vorster is een van die oorsake van die verslapping van die tug toe te skryf aan die feit dat die kerk en staat vroeër jare in ´n noue verband gestaan het. Hy haal voorbeelde uit die kerkgeskiedenis aan om te toon in watter mate die staat se betrokkenheid kerklike tug nadelig geraak het. Die staat het dikwels ingegryp in kerklike sake en die tug onmoontlik gemaak of ter syde gestel. In ander gevalle het die tug ´n "straf geword en so sy doel, betekenis en bestaansreg verloor." Kerkrade het die vrymoedigheid om die tug toe te pas verloor. [Vorster *GV* Des 1954:24]

#### 8.11.1.7 "Volkskerk"- gedagte as oorsaak van verslapping van tug

Onder die oorsake van die verslapping van die tug het die verslag voor die sinode melding gemaak van die onbesliste houding van kerkrade wat prakties die idee van ´n "volkskerk" gesteun het. In sulke gevalle is die noodsaaklikheid vir opsig en tug oor die hoof gesien. Vorster het hom verset teen die gedagte van ´n "volkskerk" en dit baie duidelik gestel dat die gedagte van ´n kerk wat die hele volk moet omvat vir die toepassing van die tug fataal is. "Ook in ons tyd sal daar van die tugoefening niks teregkom as ons nie breek met die idee, dat ons teen enige prys die Afrikaner formeel aan die kerk moet bind. In die kerk moet net een band wees wat die mens aan die kerk bind en dit is die geloof. Ons kerk is nie ´n volkskerk nie, maar ´n belydenis kerk."[Vorster *GV* Des 1954:24] Hy verduidelik verder: "Met al ons kragte moet ons daarvoor ywer dat die Afrikaner in die kerk moet kom waar hy kragtens afkoms en tradisie hoort, dog nie Afrikanerskap nie maar geloof in Jesus Christus alleen moet die lidmaatskap bepaal." [Vorster *GV* Des 1954:24-25] Die gedagte dat die tug Afrikaners uit die kerk verjaag is vals want die tug sal "alleen die uitsluit wat hulself deur hul ergelike en goddelose lewe en ongeloof reeds uitgesluit het. Bowendien is die groot vraag in die kerk nie hoe kan ek ´n lidmaat behou nie, maar hoe kan die sondaar gered word en Christus Jesus verheerlik word." [Vorster *GV* Des 1954:25]

#### 8.11.1.8 Daling van geestelike peil as oorsaak van verslapping van tug

Vorster bevind verder dat die "daling van die geestelike peil van die kerk" ook ´n vername oorsaak van die verslapping van die tug is. Volgens hom is "tugoefening die mees geestelike aksie van ´n kerkraad. Om in die naam van die meester, die Koning van die Kerk, iemand onder tug te plaas en as hy hom verhard en verset teen die roep van Christus om hom te bekeer, hom af te sny, is voorwaar iets wat die kerkraad alleen sal aandurf en reg kan doen as die broeders met die Here leef." [Vorster *GV* Des 1954:25] Tug is, volgens hom, die "geestelike handeling, wat gebore is uit die Wil van Christus om Sy liggaam heilig te hou en uit die begeerte van die gelowige en vir die Here afgesonderde kerkraadslid om die naam van die Here te heilig en die sondaar tot bekering te bring. Daarom is die tug nie ´n strafmiddel nie, maar ´n middel om tot bekering te bring." [Vorster *GV* Des 1954:25] Met verwysing na Jehu wat in die Ou Testament God se werk soos ´n beul gedoen het en nie in "geloofsgehoorsaamheid met vrees en bewing en in gemeenskap met God nie" meen Vorster, sal die tug ook in ons kerk alleen tot sy reg kom "as die geestelike lewe weer die vereiste peil bereik." Volgens hom is die tug die "geestelike middel by uitnemendheid en die tug, reg toegepas, is die Woord van God in aksie." [Vorster *GV* Des 1954:25]

#### 8.11.1.9 Gevaar van "verkeerde" mense in die kerkraad

´n Ander fout wat die herstel van tug vertraag is die fout om verkeerde mense tot die kerkraad te verkies. "Dit kom so baie voor", sê Vorster, "dat mense in die kerkraadsbanke kom om hulle mak te maak, of omdat hulle mense van aansien is of aan ´n bepaalde party of groep behoort. Dan word die kerk van Christus ´n vereniging." [Vorster *GV* Des 1954:25] "Ons moet manne kies wat in die gemeente vir hul godsvrug en ywer vir die Here bekend is. Van tug kan daar geen sprake wees nie as die manne nie onder die dissipline van die woord staan en 'kragtig'is in die Here en in die krag van Sy sterkte" [Vorster *GV* Des 1954:25] "As die geestelike peil, om van die sedelike peil nie eers te praat nie, van die kerkraad hoog is, sal hulle as wagters op die mure ook die

gemeente van die Here wil en kan beskerm teen almal wat in skaapsklere onder die kudde kom; en sal die oortreders die tugoefening verdra." [Vorster *GV* Des 1954:25] Dieselfde geld, volgens Vorster, ook die predikante. "As die predikant nie iemand is wat waarlik in die Here is, en navolger van Christus is nie, of sy eie naam en eer van groter belang ag as die eer en naam van Christus, kan die tug nie gehandhaaf word nie. [Vorster *GV* Des 1954:25-26]

**8.11.1.10 Gevaar van tugtoepassing wat aan tydsverloop gekoppel is**

In die verlede is die tug ook nadelig beïnvloed deur die "onhebbelike verskynsel" dat die tug vir ´n bepaalde tyd toegepas is. Dit herinner aan die burgerlike strafhof se vonnisse. Vorster maak dit duidelik dat die tug ´n geestelike middel tot betering van die lewe is en "as daar nie berou en bekering kom nie, gaan die sensuur voort totdat die berou daar is, of die persoon as heiden en tollenaar van die gemeente afgesny word." [Vorster *GV* Des 1954:26] Tug moet altyd vir ´n onbepaalde tyd opgelê word en sodra daar berou en bekering is hou die tug op. As dit anders toegepas word, "word die tug belaglik en word dit verydel. Dit moet steeds duidelik wees dat die tug voortgaan as die berou uitbly. As dit nie gedoen word nie handel ons in stryd met die Woord van God, verydel ons die doel van die tug, word die tug burgerlike straf, lei dit nie tot geestelike opbou nie, en moet dit tot verval kom. Om die tug te herstel moet ons dit hier regstel." [Vorster *GV* Des 1954:26]

**8.11.1.11 Gebrekkige kerkvisitasie**

As ´n verder probleem vir die herstel van die tug voer Vorster die gebrekkige kerkvisitasie aan. Daar sal met die "herstel van die kerklike tug nie na wens gevorder word nie alvorens behoorlike kerkvisitasie soos dit vroeër in die Kaapse Kerk gedoen is, nie herstel is nie." Vorster sê die kerklike ondersoek soos dit tans gedoen word is onbevredigend en die Ring het geen behoorlike kontrole of toesig oor die gemeentes nie en kan gevolglik ook nie die gemeentes met raad en daad bystaan nie. [Vorster *GV* Des 1954:26] In die verband sou Vorster wou sien dat die Ringe soos vroeër weer ervare en

kundige manne sal afvaardig om gemeentes te besoek en behoorlike ondersoek te doen. Dis volgens hom die beproefde metode om “sleur en verslapping teen te werk” en rampe en ongelukkigheid in die gemeentes vroegtydig op te spoor en te beredder. [Vorster *GV* Des 1954:26-27] Die predikant en die kerkraad kry op die wyse die geleentheid om met iemand te praat as hulle enige probleme het. Dit sal ook die kerkrade opskerp om getrou te wees in die toepassing van die tug. Vorster voel hieroor baie sterk en beweer selfs:”Die herstel van die visitasie in ons kerk is een van die grootste behoeftes van ons dag.” [Vorster *GV* Des 1954:27] Tug wat reg toegepas is het, volgens Vorster, ´n groot invloed op die geestelike lewe van die gemeente. Wanneer die persoon wat getug word agterkom dat dit nie uit haat gedoen word nie maar uit liefde en dat dit nie uitwerping is wat die doel is nie maar die begeerte dat hy oor die sonde sal triomfeer, het die tug ´n geseënde uitwerking op die gemeente. [Vorster *GV* Des 1954:4]

#### 8.11.1.12 Tugtoepassing ook goed vir die ampsdraers

Vir die ampsdraers is tugtoepassing, volgens Vorster, net so goed want die tughandeling lei tot “selfondersoek, ootmoedige belydenis van eie skuld en groter toewyding aan die Here. En die gemeente pluk van hierdie werk die heerlikste vrugte. Nie alleen word daardeur die gemeente suiwer gehou nie, maar dit lei tot heiliging van die verbond en die bewuste strewe om die naam van God te verheerlik in al hul lewe.” [Vorster *GV* Des 1954:4]

Vorster sluit die redaksionele kommentaar deur te sê: “In hierdie tyd wat gekenmerk word deur sy liberalisme en oorskatting van die vryheid, persoonlikheid en waarde van die mens sal die kerk alleen dan eerbied en ontsag afdwing as hy die sleutelmag met toegewyde hart tot eer van God en behoud van die sondaar gebruik.” [Vorster *GV* Des 1954:4]

“Ons sal bereid moet wees om af te gee wat miskien nou nog op ons boeke staan. Dit alles moet die Kerk egter nie vir sy roeping en taak laat terugdeins

nie. Met geduld en moed, takt en gebed moet die opdrag van die Meester uitgevoer word." [Vorster *GV* Des 1954:20]

### 8.11.1.13 Vorster oor die vraag hoe die tug toegepas moet word

Vorster meen dat dit rampspoedig sal wees as daar skielik in die gemeente tot die streng toepassing van tug begin sal word. So iets sal as ´n skok kom, mense tot opstand lei en die doel van die tug verydel. Daar moet volgens Vorster vooraf "propaganda" en waarskuwing wees. [Vorster *GV* Des 1954:21] Die woord "propaganda" wat Vorster hier gebruik kan verkeerd vertolk word omdat dit ´n woord is wat eerder in die politieke arena sou tuishoort waar partye hulle beleid propageer of in die handelswêreld waar produkte met advertensies gepropageer word. Wat hy bedoel het kom egter daarop neer dat die eis van die Skrif en noodsaaklikheid van strenger tugtoepassing duidelik vooraf aan die gemeente bekendgestel sal word en dat die gemeente meegeneem sal word in die implementering daarvan.

Volgens Vorster moet die weg tot herstel met groot erns, brandende liefde en onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Woord van God voorberei word. Dit moet beheersd en geheilig wees en deur gebed gedra word terwyl drie dinge beklemtoon word nl. dat die kerklike tug herstel moet word; waarom dit moet gebeur en in welke gees die tug toegepas en geoefen moet word.[Vorster *GV* Des 1954:21]

### 8.11.1.14 Woord van God as tugmaatreël

Waarom tug in die gemeente toegepas moet word en nie deur iets soos bv. opwekkingsdienste vervang kan word nie, is deur Vorster uiteengesit. Vir hom was die kort en kragtige antwoord op hierdie vraag: "Die Woord van God eis dit" Hy sê voorts: "Die Woord van God is die swaard van die Heilige Gees, en as die Woord die tugoefening beveel dan is dit heilsaam en goed, en kan en mag dit deur niks anders vervang word nie. Immers, dis die Gees wat die gemeente deur die Woord versamel. Wat die Gees dienstig tot die doel ag,

mag nie deur ons verag of verwaarloos word nie." [Vorster *GV* Des 1954:21]

Vorster benadruk dit dat die gemeente nie ´n versameling mense is wat rondom godsdiens bymekaarkom nie, maar die vergadering van die gelowiges is wat "hulle saligheid van die Here Jeus verwag, gewas is in Sy bloed en verseël is deur die Heilige Gees. In die gemeente is dit derhalwe nie die woord van mens wat tel nie, maar die Woord van God wat beslis. En dis die Woord van God wat die tug beveel." [Vorster *GV* Des 1954:21]

#### 8.11.1.15 Tug tot eer van God, welsyn van gemeente en tot heil van die sondaar

In ´n paar paragrawe sit Vorster dit duidelik uiteen dat die tug tot die eer van God moet strek, dat dit tot die welsyn van die gemeente moet wees en tot heil van die sondaar.

Vir hom is die eer van Christus met die handhawing van die tug gemoeid. Die gemeente is die geheiligdes, die bruid van Christus en as Koning van Sy Kerk het Hy die Woord en die Sakramente verorden om die geloof te werk en te versterk en die tug ingestel, "om Sy liggaam nie te ontheilig nie." [Vorster *GV* Des 1954:22] "Waar die tug nie gehandhaaf word nie, word die erenaam van lidmaat van die Kerk van Christus gedevalueer, en word Christus openlik tot skande gemaak. Ter wille van die eer van God moet die Kerk ook die tweede sleutel van die koninkryk in geloofsgehoorsaamheid gebruik." [Vorster *GV* Des 1954:22]

In die tweede plek, sê Vorster, vereis die welsyn van die gemeente die noulettende toepassing van die tug en om dit te staaf verwys hy na die merktekens van die kerk soos dit in art 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uiteengesit word. "Hierdie drie, die Woord, die Sakramente en die tug kan nie geskei word nie. As die een verwaarloos word, word die ander meteens nadelig geaffekteer. Word die tug nie toegepas soos die

Woord van God dit vereis nie, kom die wêreld in die Kerk, en kom gelowige en ongelowiges in dieselfde verband." [Vorster *GV* Des 1954:22-23]

Wanneer deur die verwaarlosing van die tug, die kerk nie meer in die wêreld staan nie, maar die wêreld in die kerk kom, word ook die prediking bemoeilik en van sy krag en betekenis beroof kan die gemeente ook nie tot diens geaktiveer word nie want die ongelowiges in die kerk se gebrek aan ywer, toewyding, dienswilligheid ens. affekteer die gelowiges sodanig dat.die amp van die gelowige daardeur verlore gaan. [Vorster *GV* Des 1954:23] Hy oordeel: "Met die verval van die tug , kwyn die geestelike lewe in die gemeente en oorweldig die poorte van die doderyk die gemeente." [Vorster *GV* Des 1954:23]

Derdens sê Vorster vereis die behoud van die sondaar die toepassing van die tug. Hy sê die stelling dat toepassing van die tug mense uit die kerk wegjaag word deur die kerk-geskiedenis as vals bewys. "Waar die tug nagelaat is om mense te behou, het die kerk juis leeg geloop en is die sondaar nie tot bekering gelei nie. Ook hier geld die Woord van die Meester 'want elkeen wat sy lewe wil red sal dit verloor.' Die tug, reg toegepas, is die deur God verordende middel om die gevalle lidmaat tot skaamte en berou te bring." [Vorster *GV* Des 1954:23]

### 8.11.1.16 Lidmate moet tug verstaan

Vorster is van mening dat wanneer die lidmate en, trouens, die hele gemeente verstaan dat die tug nie ´n "straf," of die "handhawing van ´n wrekende geregtigheid" is nie, maar ´n "liefdevolle kastyding met die oog op heil van die sondaar" en "deur die Koning van die Kerk ingestel is om die siel te red" (1 Kor 5:5) dan sal dit nooit sonder goeie uitwerking wees nie." Hy voeg by: "Die tweede sleutel van die koninkryk reg gebruik is net so effektief soos die eerste sleutel." [Vorster *GV* 1954:23]

Tug moet vir Vorster in liefde geskied. Daarom is dit vir hom belangrik dat die hele Kerk diep oortuig sal wees dat die drang van die liefde en dit alleen agter die toepassing van die tug sit. Ampsdraers in die Kerk van Christus is nie regters wat veroordeel nie, maar vaders wat kasty. Is daar nie liefde in die tughandeling nie sal die handeling tot verharding en verset lei want dan is dit nie meer kerklike tug nie maar eiegeregtigheid en selfverheffing. "Die kerklike tug in die hande van manne, wat in die hande van die Meester is, kan geen ander uitwerking hê, as die behoud van die sondaar en die heiliging van die gemeente." [Vorster *GV* Des 1954:24]

## 8.12 VORSTER PROMOVEER IN KERKREG

Intussen het Vorster sy studies voortgesit. "Dr Vorster het steeds ´n getroue en ywerige student gebly. Toe hy ´n politieke gevangene was, het hy met taaie volharding sy studies voortgesit en sy M Div -graad as eksterne student aan die Universiteit van S A behaal. In 1954 het hy aan die Universiteit van Potchefstroom sy Th D-graad verwerf. [T C Esterhuysen in *Die Voorligter* Desember 1962:13] Die titel van sy tesis was: "Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie -1652 tot 1795. [Huldeblyk *NGTT* Sept 1979,p 273]

*Die Kerkbode* van 14 April 1954 het Koot Vorster gelukgewens met die verwerwing van sy doktorsgraad: "Ook hierdie studie waarin baie eerstehandse argiefmateriaal verwerk is, is ´n mooi bydrae vir ons kennis van die kerkregtelike grondslae van ons Kerk. Mag dit hulle in staat stel tot nog vrugbaarder diens in ons kerk en tot uitbreiding van Gods koninkryk" [*Kb* 14 April 1954:493]

## 8.13 Raad van Kerke vergadering 1955

Nadat by die vorige vergadering in 1951 niks oor vereniging gesê is nie, is daar op die 1953 vergadering nog weer ´n kommissie aangewys om met praktiese voorstelle na die volgende vergadering te kom. [Van der Watt

1987:9] Op Woensdag 8 Junie 1955 het ds C B Brink, afgetrede voorsitter, die vergadering se openingsrede te Durban gelewer en sommer met die intrapslag na die drang na kerkvereniging verwys toe hy o a gesê het: "´n Hofuitspraak van byna honderd jaar gelede het ons eie kerke op ´n weg gestoot wat ons nie vrywillig en uit eie beweging gekies het nie." [Hand Raad van Kerke Junie 1955:102]

Organiese Vereniging van die Gefedereerde Kerke was andermaal op die tafel. ´n Beskrywingspunt wat gehandel het oor die noodsaak van organiese vereniging is opgevolg deur ´n tweede beskrywingspunt wat meer op die praktiese sy gekonsentreer het. Na aanleiding van bogenoemde beskrywingspunt word nou as volg voorgestel:

[a] Die Raad van die Kerke spreek homself uit ten gunste van organiese kerkvereniging;

[b] Die Raad benoem ´n kommissie om in die reses in die lig van die veranderde omstandighede praktiese voorstelle te formuleer om kerkvereniging te bevorder.

[c] Die Raad van die Kerke beveel sterk aan dat die sinodes van die gefedereerde kerke in die vervolg in dieselfde jaar sal vergader ten einde spoediger beslissings te verkry oor aanbevelings van die Raad. - Afgevaardigdes van die Transvaalse Kerk

[Hand Raad van Kerke 1955 :72; vgl Van Staden 1973:419- 420 ]

Op 9 Junie word hierdie voorstel van die Afgevaardigdes van Transvaal bespreek en almal goedgekeur. [Hand Raad van Kerke Junie 1955:84] Volgens Van Staden het die Raad van Kerke hiermee ´n baie belangrike besluit geneem. ´n Permanente Kommissie vir Kerkvereniging is deur die Raad benoem. Soos in die dae van 1911 het die Raad vir ´n tweede keer sterk gemotiveer en doelgerig organiese kerkverenigings probeer verwesenlik." [Van Staden 1973:420]

By hierdie vergadering is Vorster as voorsitter van die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke gekies. [Hand Junie 1955:94]

## 8.14 OKTOBER 1956, KOMMISSIE VIR AFSTIGTING VAN SELFSTANDIGE KERKE

Hierdie kommissie, met Vorster as die skriba, het in Oktober 1956 sy verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie voorgelê. [Hand 1957:Bylae 13, 243] Daarin sê hy dat gemeentes in Oos-Kaapland en Suidwes-Afrika deur `n kennisgewing in *Die Kerkbode* in kennis gestel is dat hulle voor 31 Desember 1955 op die amptelike vorm aansoek moes doen as hulle tot selfstandige kerke wou afstig. [Hand 1957:243]

In opvolging hiervan het die kommissie op sy vergadering van 25 April 1956 die aansoeke van Oos-Kaapland en Suidwes-Afrika nagegaan. [Hand 1957:243] Van die 25 gemeentes in SWA het 21 aansoek gedoen om afstigting en die kommissie het dit toegestaan. Uit die Oos-Kaap het slegs 27 aansoeke om afstigting gekom [Hand 1957:244]

T o v die sinodale opdrag om die moontlikheid van die daarstelling van `n bindende kerkorde vir al die Ned Geref Kerke te ondersoek rapporteer die kommissie as volg: "...dat die Raad der kerke reeds `n kommissie benoem het om dit te doen en wens aan te beveel dat daarmee volstaan word." [Hand 1957:244]

Verder in die verslag word al die implikasies t.o.v. pensioene, bruidskat, sending, armesorg ens uitgelig. [Hand 1957:244]

## 8.15 1956 VORSTER OOR VERENIGING VAN KERKE EN HERROEPING VAN ORD 7 VAN 1843

In die *Geref Vaandel* van Des.1956 het Vorster twee baie belangrike sake aangeraak.

Hy sê: “Uit kerkregtelike oogpunt gesien het die Nederduitse Gereformeerde Kerke op die vooraand van interessante en epogmakende ontwikkeling gekom. Dit dien as verdere bewys dat die Kerke na eeue van ontwikkeling nog nie enige ouderdoms-tekens van verstarring toon nie. Ook stem dit tot vreugde en optimisme dat die beoogde handelinge voorwaartse stappe in lyn met die gereformeerde beginsels vir die regering van die Kerk is. Ons dink hier bv aan twee baie belangrike dinge: die vereniging van die Kerke en die opstel van ´n kerkorde. Hierdie twee hang baie nou saam. ´n Kerkorde is absoluut nodig met die oog op kerkvereniging. Dit sal kerkregtelik die grondslag van vereniging wees, en die Bepalinge van die verskillende Kerke sal dan as reglemente van die onderskeie Kerke kan dien. Dit sal beslis ´n nuwe periode in die geskiedenis van die Kerk inlui.”

[Vorster *GV* Des1956:3]

“Terselfdertyd sal hierdie ontwikkeling die bewys lewer van die onvermoeide arbeid van die Kerke gedurende die afgelope eeu om, ook op kerkregtelike gebied, reg te loop en suiwer te bly. Met hierdie stappe sal die ontwikkeling van ´n eeu in perspektief gesien kan word.” [Vorster *GV* Des 1956:3]

Vorster sê verder: “Die herroeping van die Ordonnansie sal ´n klinkende historiese daad wees. Om die Kerk te help om hierdie stap met kennis en verantwoordelikheid te neem, is hierdie uitgawe aan die belangrike saak gewy. [Vorster *GV* Des 1956:3]

Die vraag wat Vorster hier stel is of die Ordonnansie herroep moet word. Dit was die vraag wat honderd jaar gelede ook gestel was. Daar was van die begin af baie besware teen die Ordonnansie en gemoedere is gekalmeer toe dit gewysig is deur die Wysigingswet van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 1898. Vorster sê: “Vandag staan die herroeping weer op die lys van

aktuele vraagstukke. Die Kerk het ´n stadium in sy ontwikkeling bereik dat hy verplig is om andermaal die vraag te stel of die tyd nie ryp is dat die Ordonnansie herroep moet word nie. Die uitbreiding van die Kerk, die vraagstuk van kerkvereniging en die grootte van die Sinode dwing die Kerk tot hierdie stap. Die Kerk staan voor groot beslissinge, en moet volkome vry wees om die pad te volg wat die Koninkryk van God die beste sal dien. Daar moet geen teuels wees wat hom in ´n bepaalde rigting stuur nie." [Vorster *GV* Des 1956:17] Vorster is realisties as hy sê: "Die voor- en nadele van die herroeping moet deeglik oorweeg word en die juridiese en praktiese gevolge van die herroeping moet deurgrond word." [Vorster *GV* Des 1956:17]

Duidelik wys Vorster uit: "Die Ordonnansie is nie ´n skepping van die Kerk nie. Die Kerk het dit nie begeer of gevra nie. Dis ´n staatswet wat te enige tyd weer deur die staat, sonder versoek of medewerking van die Kerk, herroep kan word." [Vorster *GV* Des 1956:17] Hy wys daarop dat in die Sinode van 1842 geen sprake van so ´n wet was nie. Die gedagte aan so ´n wet het by die owerheid ontstaan nadat die Sinode reeds verdaag het. "Die owerheid was eintlik ´n bietjie verleë met die moeilikhede in verband met die goedkeuring van die besluite van die Sinode en die onaangenaamhede tussen die Kommissarisse en die Kerk en het na ´n oplossing gesoek. So het die Ordonnansie onstaan as oplossing van die vraagstuk."  [Vorster *GV* Des 1956:17]

Vorster:"Die kerk is in sy werk geweldig gedwarsboom omdat alle besluite eers aan die Goewerneur vir goedkeuring voorgelê moes word en daar altyd groot vertraging was. Daarby het die Kerk hoe langer hoe meer met die Politieke Kommissarisse in botsing gekom en kon nie sy werk sonder dwarsboming doen nie. En wat meer is, die kerk kon nooit vrede hê met so ´n posisie van onderhorigheid aan die staat nie. Die Kerk het derhalwe na vryheid verlang en om die rede die Ordonnansie verwelkom as ´n stap in die rigting van vryheid." [ Vorster *GV* Des 1956:18]

Vorster sê die kerk is aan bande gelê en in ´n staat van onmondigheid gestel. Die Kerk is in sy uitbreiding gestrem as gevolg van die strekking van die wet dat die Kerk nie buite die grense van die kolonie kon strek nie. "In sy kerkregtelike ontwikkeling is die Kerk aan bande gelê deur die bepalinge in artikels 6 en 7 in verband met die regering van die Kerk en die samestelling van die Sinode. En as dit maar al was. In art 6, die bepaling van die leer en kerkregering van die Kerk, en in art 8, waarin die onaantasbaarheid van persone en hul eiendomme teen die Kerk gewaarborg word, lê daar die smaad op die Kerk asof die lede van die Kerk teen hul Sinode beskerm moet word. Vir die Kerk is dit voorwaar ´n vernedering." [Vorster *GV* Des 1956:18]

Vorster sê voorstanders van die Ordonnansie het dit van groot waarde geag veral omdat die Kerk daardeur vrygelaat is om te ontwikkel sonder gedurige inmenging van die staat. Daardeur is die Kerk in sy reg herstel en vryheid is vir die Kerk ´n groot skat. [Vorster *GV* Des 1956:18] Maar, sê Vorster, die Ordonnansie het die Kerk nog gebind. Daarvan getuig die Liberale stryd, die ondervinding in verband met kerkvereniging en enkele hofsake. "Die Ordonnansie het sommige bande, wat die Kerk gebind het, verbreek, maar nie almal nie. Die Ordonnansie staan nog in die pad van die vryheid van die Kerk. [Vorster *GV* Des 1956:18]

Baie, sê Vorster, het in 1870 al die vrees gehad dat ´n herroeping van die Ordonnansie die herlewing van die Kerkorde van De Mist tot gevolg sou hê. Regsgeleerdes is dit egter eens dat die Kerk nie sy vryheid sal inboet indien die Ordonnansie herroep sou word nie. Dit bied dus nie ´n beskermende funksie nie. Daar is wel beskerming in regsgedinge soos bv in die regering en veral in die uitoefening van tug maar dit is beskerming van beperkte omvang. [Vorster *GV* Des 1956:19]

Verder sê hy:"Die enigste voordeel wat die Ordonnansie die Kerk bied, wat ander kerke onder die gemene reg nie het nie, is die verskansing van die leer

en kerkregering van die Kerk. Vogens art 6 mag die kerk nie sy leer, soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Enigheid, verander nie en ook nie van die presbiteriale vorm van kerkregering afwyk nie. Hieroor het die kerk nie finale seggingskap nie. Die leer en regering is behoorlik verskans en kan alleen na wetswysiging verander word. Vir baie was dit steeds genoegsame rede vir handhawing van die Ordonnansie. Oënskynlik lyk dit ook of die Kerk hier met ´n voordeel te doen het wat hy nie maklik moet prysgee nie. Ongeloof in die gedaante van liberalisme en modernisme is die groot vyand van die Gereformeerde Kerke. Geen kerk is hierteen immuun nie. Hierdie verskansing van die leer en kerkregering is vir baie ´n gerusstelling. Die Ordonnansie word gesien as ´n borswering teen die onheil van die dwaling." [Vorster *GV* Des 1956:19]

Vorster sê hiervan: "Op hierdie vleeslike arm kan ´n kerk egter nie vertrou nie.. As dit mog gebeur dat die Kerk so liberaal word dat hy sy leer en kerkregering wil wysig, kan die Ordonnansie dit op die duur nie verhoed nie. Dit kan hoogstens die gang vertraag Die Kerk sou in so ´n geval, soos al dikwels met ander kerke gebeur het, sy leer onveranderd laat, maar in die praktyk daarvan radikaal afwyk. Daar is baie kerke met mooi ortodokse belydenisskrifte maar uiters liberale opvattinge." [ Vorster *GV* Des 1956:19]

"Dit sou ook die maklikste ding van die wêreld wees om ´n wysiging van die Ordonnansie aan te vra.. Waar die owerheid altyd meer liberaal as die Kerk is, sal so ´n aansoek nie geweier word nie. Immers die Ordonnansie is ´n staatswet wat te enige tyd deur die parlement, selfs sonder die medewerking van die Kerk, herroep kan word. Die verskansing bied dus geen absolute waarborg nie." [Vorster *GV* Des 1956:19]

Vorster gaan voort: "Die Kerk mag nie sy veiligheid in so ´n wet soek nie. Die Kerk se veiligheid en waarborg lê in sy geestelike krag en in sy onwankelbare geloofsvertroue en in sy waaragtige en ongekwalifiseerde oorgawe aan die

Koning van die Kerk. Dit is ´n selfstandige Kerk onwaardig dat sy leer en kerkregering teen homself verskans moet word. Dit sal ´n kwade dag wees as die staat die leer en kerkregering van die Kerk moet beveilig. Die Kerk durf hierdie smaad nie langer dra nie." [Vorster *GV* Des 1956:19]

Ander, sê Vorster, "beweer dat die Ordonnansie besondere gesag aan die wette en bepalinge van die Kerk verleen. Die Ordonnansie sou dan hierdie waarde hê dat die gewone lid van die Kerk meer ontsag vir die kerklike bepalinge het omdat dit deur die Staat gesanksioneer word. Dit is egter ´n twyfelagtige voordeel. Vir die gelowige is die gesag van die Gods Woord agter die verordeninge van die Kerk die een faktor wat hom laat buig." [Vorster *GV* Des 1956:20]

### 8.15.1 Vorster behandel die besware teen die ordonnansie

Vorster wys daarop dat voordele van die aard waarvoor ´n Gereformeerde Kerk hom mag verheug bied die Ordonnansie nie. Besware is daar egter baie. In 1870 was daar reeds besware. Die eerste van ds G van der Wall wat gesê het die kerk kan die Ordonnansie nie aanneem nie omdat die Kerk sy bestaan nie aan die Burgerlike Regering ontleen nie, maar aan die enige Hoof Jesus Christus. Andersyds omdat die Kerk iets prysgee wat hy nie uit sy hande mag laat gaan nie. Ds Andrew Murray het sy besware in 4 punte saamgevat:
"1) die Ordonnansie belet die Kerk om buite die grense van die Kolonie uit te brei;
2) dit belet die Kerk om sy regeringsvorm na eie insigte te wysig;
3) die Ordonnansie het die belydenisskrifte verkeerd aangegee en huldig ´n opvatting van die verhouding tussen Kerk en staat waarmee die Kerk hom nie mag vereenselwig nie;
4) die Ordonnansie beperk die Kerk in sy regte. [Vorster *GV* Des 1956:20]
Hierdie was van die vernaamste besware aldus Vorster. Van die besware is gedeeltelik uit die weg geruim met die Wysigingswet van 1898. Deur hierdie wet is aan die Kerk die reg verleen om buite die grense van die Kolonie uit te

brei, is die belydenisskrifte van die Kerk reg aangegee en is aan die Sinode die reg verleen om sy samestelling na goedunke te verander. [Vorster *GV* Des 1956:20]

Vorster noem dit dat daar al gevra is of bg wysigings nie die Ordonnansie skadeloos en niksseggend gemaak het nie. Sou dit die geval wees, is die herroeping daarvan eintlik onnodig. Die Kerk het immers ook nog altyd ,volgens hom, aangegaan asof die Ordonnansie nie bestaan nie. Vorster voel die Ordonnansie is nie so niksseggend nie. Die kerk se leer en kerkregering is o a daarin verskans. [Vorster *GV* Des 1956:20]  Vorster beantwoord die vraag as hy sê, "die Ordonnansie gaan uit van ´n standpunt van die verhouding tussen Kerk en staat waarmee die Kerk, soos ds. Andrew Murray in 1870 tereg gesê het, nooit vrede mag hê nie." [Vorster *GV* Des 1956:20]

"Die verwyt is dan ook dikwels", gaan Vorster voort, teen die hoof van die Kerk geslinger dat die Kerk nie selfstandig is nie, maar by die grasie van die staat leef. En dit kan nie ontken word nie, dat die ordonnansie in Erastiaanse gees opgestel is nie. Daarom het die vaders in 1870 reeds gevoel dat die Kerk nie langer die smaad moet dra nie"[Vorster *GV* Des 1956:21]

> "Ook moet die vryheid en reg van die Kerk wat die Ordonnansie bedoel het om te herstel, bo alle twyfel gestel word. Dit kan alleen geskied deur die ondubbelsinnige en algehele herroeping van die Ordonnansie. Dis ´n hoofbeginsel van die Gereformeerde stelsel van Kerkregering dat die Kerk nie oor die staat wil regeer nie, maar ook nie onder die staat mag staan nie. Met die herroeping van die Ordonnansie sal hierdie beginsel weer die broodnodige beklemtoning kry. Waar in ons dag totalitêre stelsels gegrond op die idee van staatsabsolutisme geen denkbeeldige gevaar vir kerke inhou nie, is dit van die grootste belang dat die selfstandigheid van die Kerk ondubbelsinnig en bo alle twyfel

gestel word. Die geskiedenis van die Lutherse Kerk dien hier as waarskuwing."

[Vorster GV Des.1956:21]

In verdere behandeling van die besware sê Vorster voorts:

"Ten spyte van die wysiging van die Ordonnansie in 1898 word die kerk nog deur die Ordonnansie aan bande gelê en in sy aksie beperk. In art 6 bepaal dit dat die kerk sy regering uitoefen deur Kerkrade, Ringe en ´n Algemene Vergadering´. Volgens regsadvies beteken dit dat die Kerk nie, sonder wysiging of herroeping van die Ordonnansie, streek of provinsiale Sinodes mag instel nie. Die Kerk mag wel sedert die Wysigingswet van 1898 die samestelling van die Sinode na goeddunke verander, maar daar moet net een Algemene Vergadering wees. Art 6 van die Ordonnansie staan dus, wat die Kaapse Kerk betref, kerk-vereniging en die instelling van provinsiale sinodes in die weg. Waar ons sinodale saal te klein is en kerkvereniging ´n aktuele saak is, word die Kerk hier aan bande gelê. Hierin kan die kerk nie berus nie. Die Kerk moet vry en onbelemmerd wees om in ooreenstemming met die Gereformeerde beginsels vir kerk-regering, ´n weg te volg wat in ons tyd die kerk van Christus en die koninkryk van God die beste kan dien. Hy mag nie toelaat dat die Ordonnansie hom in sy taak strem nie, veral as daar geen besondere voordele aan die handhawing van die Ordonnansie verbonde is nie. Ons het ´n stadium in ons ontwikkeling bereik, waar die herroeping van die Ordonnansie dus ´n saak van prioriteit geword het."

[Vorster *GV* Des 1956:21]

Vorster opper die vraag waarom die Kerk vir sovele jare ewe gehoorsaam met die Ordonnansie saamgeleef het en dit nie vroeër herroep het nie. Hy

beantwoord dit deur te sê dat dit lyk asof die Kerk na al die jare van onderhorigheid nie die volle verantwoordelikheid van die vryheid wou dra nie. Dis trouens ook soos wat ´n ouderling van Kaapstad dit gestel het. [Vorster *GV* Des 1956:21] Selfs die goed bedoelde adviese van sir William Porter, opsteller van die ordonnansie, blyk verkeerd te wees. Sy latere optrede in die Loedolf-saak bevestig vir Vorster maar net weer dat hy die "betekenis van die Ordonnansie oorskat het en nie gesonde advies gegee het nie." [Vorster *GV* Des1956:22]

Die gedagte was dus verkeerdelik dat die Ordonnansie in elk geval onskadelik was en dat die handhawing van die Ordonnansie vir die Kerk niks kwaad kan doen nie.Dit sou nie al die moeite en omwenteling wat herroeping sou meebring werd wees nie. Vorster sê dit lyk of die Sinode hom meer deur emosionele argumente laat lei het as deur redelike argumente. "Klinkende en swaarwigtige argumente vir die behoud van die Ordonnansie was daar nie. En na ons mening bestaan daar ook vandag geen enkele rede waarom die Ordonnansie moet behou word nie." [Vorster *GV* Des 1956:22]

**8.15.1.1 Vorster skets prosedure by die Herroeping van Ordonnansie**

Vorster sê indien die Sinode op herroeping besluit sal hy hom van die prosedure moet vergewis. Dis ´n staatswet en kan alleen deur die Volksraad herroep word. Dit kan met of sonder die Kerk se versoek gedoen word en daar behoort geen moeilikhede in die verband te wees nie. Op die vraag hoe dit die Kerk sal raak gee Vorster sy antwoord. sir William Porter was van mening dat die Sinode by herroeping van die Ordonnansie sonder kerklike bepalinge sou wees en verplig sal wees om te reorganiseer ´enals eene bloot Vrijwillige Vereeniging hare leer, tucht en wetten op nieuw vast te stellen´ Volgens beskikbare regsadvies, sê Vorster, sou so iets nie nodig wees nie. Hy sê die weg is veel eenvoudiger: "Aangesien die Wette en Bepalinge, wat die Kerk vir sigself opgestel het, tans hulle gesag ontleen aan art.3 van die Ordonnansie, sal dit gerade wees dat die Sinode, indien dit besluit word om die herroeping

van die Ordonnansie aan te vra, ´n verklarende besluit neem dat die Wette en Bepalinge bindend en van krag bly ook al word die Ordonnansie herroep." Vorster sluit die lang, deurdagte artikel met die belangrike woorde: "Die Sinode kan nou gerus maar doen wat hy in 1870 al moes gedoen het." [Vorster *GV* Des 1956:22]

## 8.16 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1957

By die Raad se 25ste vergadering in 1957 te Pretoria was Vorster ook teenwoordig as een van Kaapse Sinode se 14 lede. Die afgetrede voorsitter, ds H J C Snyders het in sy openingsrede ´n mooi uiteensetting van die ontstaan van die Raad gegee. [Bylae 1 Hand Raad van Kerke Maart 1957:102] By dieselfde vergadering is Vorster se naam op die groslys vir voorsitter maar ds P S Z Coetzee word verkies en dr A J van der Merwe as ondervoorsitter [Hand Raad van Kerke Maart 1957:82]

"En toe gebeur dit meteens! Asof dit in ons skoot geval het." Met hierdie woorde skets Du Toit die keer toe daar vir die eerste keer vordering gemaak is met kerkvereniging in 1957. [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11] Die vergadering het op voorstel van Vorster en dr D J Louw [Vorster *NGTT* 1979:328] besluit dat die vier actuarii benoem sal word op ´n permanente Kommissie van Actuarii. Aan hierdie Kommissie van Actuarii, waarvan Vorster ´n lid was, word dit opgedra om ´n konsep-kerkorde op te stel in oorleg met die Kommissie vir Kerkvereniging. Dit sou as basis dien vir kerkvereniging en sou duidelik die "verhouding tussen die verskillende provinsiale en die nasionale Sinode met hul magte en bevoegdhede moes aantoon. Die onderskeie Sinodes is ook versoek om hulle oor die vereniging as ´n praktiese moontlikheid uit te spreek en die pad wat geloop moet word om dit te bereik." [Hand Raad van Kerke 1955:90; vgl Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11; Van Staden 1973:420; Van der Watt 1987:9; Brown 1979:303]

Die opdrag is, volgens Vorster, toe so aan die actuarii gegee en "so wonderlik

was die hand van die Here oor Sy Kerk dat die werk buitengewoon voorspoedig was." [Vorster in *NGTT* 1979:328] Van der Watt noem hierdie opdrag aan die actuarii as `n stap nader aan die beoogde doelwit wat bereik was. [Van der Watt 1987:9]

Vorster was nie deel van die kommissie insake kerkvereniging nie, maar was wel deel van die actuarii as aktuarius van die Kaapse Kerk. [Hand Raad van Kerke Maart 1957:27 en 72]

Op die 29ste Maart het die Raad ´n dinee gehou om sy vyftigjarige bestaan te vier.en by daardie geleentheid o a mense uitgenooi wat vroeer lede van die Raad was: dr D F Malan, ds J Rabie, dr W M Nicol, ds M W Odendaal en ds J P van der Spuy.- slegs di Rabie en Van der Spuy het dit bygewoon. [Hand Raad van Kerke Maart 1957:5 en 83]

Vorster is gevra om namens die moderatuur die groete oor te dra by die Ned Geref Kerk- Sustersvereniging se stigting in Port-Elizabeth op 8 en 9 Mei 1957. Vorster sê in sy groeteboodskap o a:

> "U staan met albei voete in die Skrif met die stigting van hierdie Sustersvereniging, en dit is nie nodig om op die terrein te kom van degene wat ook in die veld werksaam is nie. Daar is met groot lof melding gemaak van die werk wat die V.S.B. in ons Kerk doen en die groot bydrae wat hulle lewer om die evangelie na die heiden te bring, en hul hande moet gesterk word. Maar daar is ook groot klem gelê op die behoefte en noodsaaklikheid om in ons eie gemeentes en aan ons eie deure die hand uit te steek na die eensames, kerkvervreemdes, gevallenes en gesonkenes, en also die tuisfront op te bou. Daar is groot behoefte aan ´n georganiseerde sustersvereniging in ons Kerk, soos alle ander Christelike Kerke reeds lankal het. "
>
> [Vorster *Kb* 3 Julie 1957:13]

## 8.17 KAAPSE SINODE 1957

Die aanstaande Kaapse Sinode is van so ´n groot belang beskou dat die redakteur van *Die Kerbode* aangekondig het dat daar beplan word om ´n biddag vir die aanstaande Kaapse Sinode te hou.[*Kb* 18 September 1957:500] "Op Donderdag 17 Oktober, het die Kaaplandse Sinode begin - ´n groot vergadering van 675 afgevaardigdes uit 344 gemeentes. Om hierdie samekoms te sien," het *Die Kerkbode* berig, "is ´n inspirasie. By die gedagte dat soveel kragte saamgesnoer is rondom die Kerk in sy geweldige werkprogram, word ´n mens vervul met dankbaarheid en hoop." [*Kb* 30 Oktober 1957:757]

Koot Vorster word met volstrekte meerderheid as aktuarius verkies op Donderdag 17 Oktober. Nadat die moderator hom gelukgewens het, het Vorster sy dank uitgespreek vir die vertroue wat in hom gestel is en die gesindheid wat hy van die kant van die lede van die sinode geniet het [Hand van Sinode 1957 :14]

Die ideaal van kerkhereniging is deur die jare lewendig gehou. Dit het onder andere duidelik geblyk by hierdie Sinode van 1957 toe afgevaardigdes van die susterkerke die geleentheid gekry het om hulle onderskeie kerke se groete oor te bring.

Ds J L von Wiellich het die groete van die Ned Geref Kerk Natal , die oudste susterkerk, oorgebring. Hy het dit duidelik gestel dat "die Kerk in Natal voel sy eenheid met die Susterkerke dwarsdeur Suidelike Afrika en verlang na organiese kerkvereniging" [Handelinge Sinode 1957:94]

In Die Gereformeerde Vaandel het ds H J C Snyders gerapporteer oor die Natalse sinode: "´n Besluit wat verreikende gevolge kan hê is ongetwyfeld om die Transvaalse Kerk te nader om ´n organiese verband met die Kerk te sluit. Daarom is die Natalse Moderatuur nog besig om die kerkregtelike posisie te

ondersoek en om in die lig van die advies wat ons inwin, te handel. Maar waarvoor ons dankbaar voel is dat die eerste stap gedoen is op die pad van Organiese Kerkvereniging waarna ons reeds so lank uitsien." [*GV* September 1957:11]

Vanaf die Vrystaat het dr D J Louw die woord gevoer en beklemtoon dat "die Vrystaatse Kerk ryp word vir organiese kerkvereniging" [Handelinge Sinode 1957:95]

Ds J H Steenkamp het die groete van die jongste susterkerk, Suidwes-Afrika,. oorgebring en gesê dat dit goed gaan met die Kerk in S W A en "die kerk beklemtoon sterk sy eenheid met die Moederkerk" [Handelinge Sinode 1957:95] Die sterkste pleidooi vir kerkhereniging het van die Ned Geref Kerk in Transvaal gekom. Ds A M Meiring het as Moderator van die Sinode van die Ned Geref Kerk in Transvaal self die groete van sy kerk oorgebring. "Hy beklemtoon die diepe verlange van sy Kerk dat daar nou erns gemaak word met die eenwording van die N G Kerke in Suid-Afrika en pleit vir daadwerklike optrede in hierdie verband. Hierdie sterk en onkeerbare verlange by al die Gefedereerde Kerke moet tot `n daad oorgaan. [Handelinge Sinode 1957:95] Prof dr J J Muller het as ouderling van Stellenbosch namens die Sinode die onderskeie groeteboodskappe in ontvangs geneem. Van hom het die slotwoord gekom: "Ook die Kaapse Kerk sal graag die dag wil belewe wanneer moeder en dogters weer in een huis sal saamwoon." [Handelinge Sinode 1957:95]

"Daarom was dit vir die kerk seker ´n goeie dag toe die sinode in 1957 besluit het om die Ordonnansie te herroep met die oog op moontlike kerkvereniging. [Vorster *Kb* 1961:464] "Waar die Ordonnansie, deur die staat aan die kerk opgelê, die kerk in sy gang en vrye ontwikkeling belemmer het en skadelike gevolge vir kerk en volk gehad het, sal ná die herroeping daarvan die eie Kerkorde wat die lewe en werk van die kerk reël na die beginsels wat op die

Woord van God gefundeer is, vir die kerk ´n onnoemlike seën wees." [Vorster *Kb* 1961:464]

Op die sitting is gerapporteer en voorgestel dat "met die oog op die ontwikkeling van ons Kerklike organisasie nie op hierdie stadium `n Kerkorde op te stel nie." [Brown 1979:303] Die vergadering het verder besluit dat die nuwe Wetboek regsgeldig sal wees wanneer dit gepubliseer en deur die H E Aktuarius onderteken is. [Hand Sinode 1957:42]

## 8.18 TWEE BELANGRIKE BESLUITE BY DIE SINODE VAN 1957

Jonker rapporteer in *Die Gereformeerde Vaandel* oor die Transvaalse Sinode oor twee belangrike besluite wat die sinode geneem het t w die besluit om die naam te herstel tot Nederduits Gereformeerd en die uitgesproke begeerte van die sinode dat organiese kerkvereniging so gou as moontlik tot stand sal kom. Oor hierdie laaste besluit sê hy:"Daar was ´n byna onstuimige entoesiasme in die sinodale saal telkens as daar maar na die organiese kerkvereniging verwys is." [Jonker *GV* September 1957:16]

## 8.19 JONKER VRA DIE HERSTEL VAN DIE DORDTSE KERKORDE

> "Dit raak albei die motiewe wat ons in die naamherstel van die Transvaalse kerk sien saamvloei het, nl. eenheid en gereformeerdheid. Is dit, met die oog daarop, nie nou die geleentheid om positief te dink aan die volledige herstel van die Dordtse Kerkorde nie? Wat verhinder ons kerk om, waar ons nou tog met die instelling van streeksinodes en ´n algemene sinode in die rigting van organiese kerkvereniging begin dink, terselfdertyd daaraan te dink om die vereniging te laat geskied op die grondslag van die Dordtse Kerkorde?
>
> [ Jonker *GV* September 1957:19]

"Tog is die Dordtse Kerkorde ons wettige besitting, en dit sou tog jammer

wees as ons die wysheid en suiwer Skriftuurlikheid van die beginsels wat daarin verwerk is, eenvoudig verontagsaam" [Jonker *GV* September 1957:19]

**8.20 1957 Sinode bespreek herroeping van Ord 7 van 1843**

Die herstel van die algemene sinodale kerkverband was nou in sig. Nog een hindernis op die pad na hereniging was die Ordonnansie No 7 van 1843 Ten spyte van die groot waarde wat soms aan die Ordonnansie geheg is het die herroeping daarvan nou vir almal vanselfsprekend geword. [Van der Watt 1987:10] Baie pogings is deur die jare aangewend om dit te wysig. Tog het dit wesenlik niks verander aan die feit dat daar van staatsweë `n beperking op die Ned Geref Kerk geplaas is nie. [Van der Watt 1987:10] Die Ordonnansie het ook geen ruimte gelaat vir `n Algemene Sinode [`n synodus contracta] waarvoor die konsepkerkorde voorsiening gemaak het nie. Die herroeping was dus nou `n vanselfsprekende noodsaaklikheid. [Van der Watt 1987:10]

Van der Watt [1987:10] se oordeel oor die Ordonnansie was dat dit in wese volkome vreemd aan die kerkregering van die Ned Geref Kerk was en in die praktyk geheel en al waardeloos. Dit het egter die krag van `n wet behou en kon daarom alleen by wyse van `n parlementêre-akte herroep word.

Op Maandag 21 Oktober word die verslag van die Permanente Regskommissie behandel en dien Vorster `n voorstel in wat deur ds J H Lange gesekondeer word wat as volg lui: "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verklaar en bevestig hiermee sy volgehoue historiese standpunt dat hierdie Kerk, as georganiseerde liggaam, steeds in eie kring `n selfstandige bestaan gevoer het, hoewel noodwendig onderhewig aan wetterregtelike bepalings wat van owerheidsweë van tyd tot tyd op die Kerk van toepassing verklaar is. Aangesien die bestaan van die Kerk dan nie van sodanige wetteregtelike bepalings afhanklik is of daarop gevestig is nie, besluit die Sinode hiermee dat dit aan die Moderatuur opgedra word om in die reses, ooreenkomstig regsadvies, die aangewese owerheidsinstansies te beweeg om

die ter sake wetteregtelike bepalings, nl Ordonannsie 7 van 1843, en latere wetgewing wat dit wysig, te herroep.

Ten einde alle misverstand te vermy, verklaar die Sinode dat: [i] hierdie stap geen aantasting van die wese, leer of presbiteriale regeringsvorm van die bestaande Kerk meebring nie, dog dat die Kerk sy identiteit, historiese karakter en regeringsvorm behou; en [ii] die herroeping van die Ordonannsie nie die geldigheid van die Bepalinge en Reglemente van die Kerk vir sy regering, soos van tyd tot tyd gewysig mag word, aantas nie."

In sy saaklike motivering van die voorstel het Vorster as aktuarius van die sinode die volgende stellings gemaak:
* die ordonnansie is nooit deur die kerk aangevra nie, maar is aan hom opgedring;
* die geskiedenis lewer bewyse ten oorvloede dat die kerk hom nooit met die ordonnansie versoen het nie en selfs ondervind het dat dit die kerk skade berokken;
* daarby het die ordonnansie na verloop van jare so verouderd geraak dat dit geen besondere voordele meer het nie, behalwe dat die leer en vorm van kerkregering beskerm is [Hand Sinode 1957:42; vgl Van der Watt 1987:12; Vorster *Kb* 5 April 1961:462] Hierdie voorstel is eenparig deur die Vergadering aanvaar. [Hand 1957:42] Die besluit dat die herroeping van die Ordonnansie sal geskied by wyse van `n private wetsontwerp het ook beteken dat geen nuwe wet in die plek daarvan gestel sal word nie. [Van der Watt 1987:12]

### 8.21 HERSIENIG VAN WETBOEK

Op Maandag 21 Oktober word die Kommissie van Revisie en Vorster as aktuarius besonder deur die sinode bedank vir die Hersiening van die Wetboek. Die voorstel word ingedien met ds G S J Moller as voorsteller en ds J D Steenkamp as sekondant en dit lui as volg: "Die H E Sinode het diep

onder die indruk gekom van die reuse-werk wat deur die Kommissie van Revisie en in besonder die H E Aktuarius onderneem is om die Bepalinge en Reglemente op so `n deeglike wyse om te werk, te herrangskik, uit te brei en te verbeter en die Sinode wens sy dank en waardering hiervoor te boekstaaf." Die Vergadering het hom heelhartig met hierdie voorstel vereenselwig en dit was natuurlik ´n pluimpie vir die deeglike werk van Vorster.[Hand Sinode 1957:43]

### 8.22 Indrukke van die Kaapse Sinode van 1957

Dr H L N Joubert, oor sy indrukke van die 33ste Sinode van die Kaapse Kerk, het te kenne gegee dat dit die grootste in die geskiedenis van die Kaapse Kerk was. Joubert gee toe dat so ´n groot vergadering nie altyd alles prinsipieël Gereformeerd gesien het nie. Hierdie hoogste vergadering het, volgens hom, ook sy swak oomblikke gehad maar oor die algemeen was daar die verlange om aan die Gereformeerde beginsels getrou te bly. Dit is duidelik dat die liberalisme en sektarisme nog nie die hart van die kerk verower het nie. [Joubert *GV* Maart 1958:33] Nog steeds word gepraat van die sinode as die "hoogste" vergadering en word na die lede van die moderatuur as "hoogedeles" verwys.

Joubert wys daarop dat Vorster as actuarius toe hy die voorstel gemaak het dat die Ordonnansie no 7 herroep word, gesê het dat die kerk die Ordonnansie nooit gevra het nie en hom nooit daarmee vereenselwig het nie en ook as gevolg daarvan groot skade gely het. "Eenparig is hierdie voorstel aanvaar en as die Parlement eersdaags hierdie ord. herroep dan sal die laaste reste uit die dae toe die kerk aan die staat onderworpe was ook formeel uit die weg geruim wees." [Joubert *GV* Maart 1958:33]

Oor die toekoms van die sinode rapporteer Joubert:

> "Toekoms van die Sinode. Aan hierdie saak is ´n hele dag van ernstige maar broederlike bespreking gewy. Eers is die

> handhawing van die huidige posisie voorgedra, daarna is die moontlikheid van gebiedssinodes voorgelê en ten slotte is die saak vir ´n verkleinde sinode gestel. Vir die 15de keer het die Kaapse Kerk die gedagte van ´n verkleinde sinode selfs in die vorm dat elke gemeente beurtelings sy predikant en ´n ouderling stuur, verwerp. Vir die tweede keer vind die sinode gebieds-sinodes, hoewel dit met klem as die maklikste weg tot uiteindelike organiese kerkvereniging voorgehou was, onaanneemlik. Met oorweldigende meerderheid is besluit om op die tradisionele wyse voort te gaan."
>
> [Joubert *GV* Maart 1958:34]

Joubert sluit af deur te sê dat ´n kerksentrum teen ´n groot koste opgerig sal word. "Die koste is geweldig maar hoe inniger die band tussen die plaaslike gemeente en die sinode, hoe lewenskragtiger en gesonder is die openbaring van die kerk van Christus." [Joubert *GV* Maart 1958:34]

**8.23 Raad van Kerke se vergadering 1959**

Onder korrespondensie skryf ds J R Albertyn oor die Raad van Kerke se aanstaande sitting op 20 Mei te Bloemfontein o a oor Organiese Kerkvereniging en die Konstitusie van die Algemene Sinode [*Kb* 13 Mei 1959:819] By hierdie vergadering is Vorster teenwoordig en word sy naam op die groslys vir skriba geplaas maar ds A J V Burger is herkies. Vorster word aangewys as Sameroeper van Tydelike Regskommissies [Hand Raad van Kerke, Mei 1959:108] Erkenning vir Vorster se "belangrike aandeel" in die voorbereiding vir die konstituering van ´n algemene sinode word deur Brown gemaak [Brown 1979:303]

Volgens hom [Brown 1979:304] moes die aanloop na `n herstelde kerkverband kerkregtelik begelei word en dis presies waarvoor Vorster hom dan ook beywer het. Dit was o.a. sy voorstel dat die kerkverband in een Algemene

Sinode in 1962 gekonstitueer het. [*NGTT* Sept 1979:273]

## 8.24 KONSEP-KERKORDE MET VREUGDE AANVAAR

By die vergadering in Bloemfontein het Vorster, as voorsitter van die kommissie, die Konsep-Kerkorde as basis vir Kerkvereniging voorgelê. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:50 en 120; vgl Brown 1979:303]

“Naas die konsep- Kerkorde het hulle aanbeveel dat indien die Kerkorde deur die Raad aanvaar word, ‘die verdere stappe wat gedoen moet word om uitvoering te gee aan die basis vir Kerkvereniging soos volg sal wees:

1] Die Kerkorde tesame met die besluite van die Raad van die Kerke daaroor word na die verskillende Sinodes verwys vir behandeling

2] Sodra ´n Sinode die skema aanvaar het, sal hulle die Scriba van die Raad van Kerke van hulle besluit in kennis stel, en sal hulle ook hul afgevaardigdes kies na die te worde stigte Nasionale Sinode.

3] Sodra al die Sinodes die skema aanvaar het, sal die Moderatuur van die Raad van die Kerke die leiding neem om die eerste vergadering van die Nadionale Sinode op te roep.

4] Die eerste sitting van die Nasionale Sinode sal in Kaapstad gehou word.”[Van Staden 1973:421]

Hierdie 4 voorstelle van die Aktuarii is aanvaar. [Van Staden 1973:421]

Die konsep-Kerkorde is in behandeling geneem, en na “deeglike bespreking waarvan die veelvuldige wysigings getuig, eenparig goedgekeur” en na die verskillende sinodes verwys met die versoek om wysigings aan te dui vir hulle afgevaardigdes na `n konvensie om `n algemene sinode te oorweeg. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:50 en 120; vgl Van Staden 1973:421; Brown 1979:303]

Dit het groot byval gevind by die vergadering want dit is “na grondige bespreking en wysinge op enkele punte eenparig goedgekeur.” [Van der Watt

1987:9]

"Daarby is besluit dat die Algemene Sinode by sy eerste sitting alle verdere bepalinge en reglemente om sy werksaamhede te organiseer, sal opstel, dat die bestaande federale liggame mutatis mutandis kommissies van die Algemene Sinode sal word, dat die Actuarii die gewysigde kerkorde vir publikasie gereed sal maak, dat die Sinodes enige wysigings aan die Kerkorde wat hulle wens aan te bring, aan die afgevaardigdes, wat eers vir die doel in ´n Kerklike Konferensie byeen sal kom, vir oorweging en finale beslissing voor te lê, en dat die Algemene Sinode sal konstitueer nadat die afgevaardigdes die finale basis van ooreenkoms in konferensie vasgestel het, terwyl die moderatuur van die Raad in medewerking met die moderature van die konstituerende Kerke die sakelys sal opstel." [Van Staden 1973:421]

Die jaar 1959 was vir die Ned Gerf Kerk ´n belangrike jaar vir soverre dit haar kerkregtelike ontwikkeling betref. Twee bydraes van twee belangrike kerkregkundiges wat in hierdie jaar verskyn het verdien ook verdere vermelding. Dit was die Redaksiekolom van die *NGTT* se Desember-uitgawe [*NGTT* Des 1959:129-131] waarin prof Tobie Hanekom onder die hoof: "Ons Kerkreg in Perspektief" noue aansluiting gevind het by die rede wat dr Koot Vorster gelewer het by die eeufees van die Kweekskool op Stellenbosch. Vorster het hom by die geleentheid uitgelaat oor die onderwerp: "Kerkreg op Reformatoriese Grondslag" en weer bevestig "die Kerkreg as heilige wetenskap vir die regering van die Kerk is vir die welwese van die Kerk onontbeerlik. Dit gee vastheid, orde en leiding aan die Kerk deurdat dit die beginsels van die Skrif vir die kerkregering ontwikkel en also die Kerk help om aan sy doel te beantwoord." [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664-665 en 680] In hierdie rede het Vorster ook sy bewondering uitgespreek vir sy leermeester B B Keet wat "met besondere helderheid en prinsipiële belyndheid die kerkreg gedoseer" het en onverskrokke aangedui het watter "kollegialistiese smette nog uit die Wette en Bepalinge van die Kerk verwyder moet word." Hierdie

eerlike standpunt van Keet het hom by die Kuratorium in die moeilikheid gebring maar, na bespreking, is hy in die gelyk gegee. Vorster was oortuig daarvan dat "die Kweekskool gedurende sy honderdjarige bestaan op kerkregtelike gebied op die Reformatoriese grondslag voortgebou het."

## 8.25 KRITIEK VAN GEREF KERK TEEN DIE KONSEP-KERKORDE

Ongelukkig was daar in dieselfde jaar, 1959, wanklanke van die kant van die Gereformeerde Kerk toe sy haar Eeufees-viering gebruik het om allerlei beskuldigings teen die Ned Geref Kerk in te bring. Hierdie beskuldigings het in boeke, feesredes en artikels in tydskrifte verskyn. Van die beskuldigings was o a die Ned Geref Kerk was, "vyandig teenoor die Afrikaanse volk in die vorige eeu, onverdraagsaam teenoor beswaardes (die sogenaamde Doppers), metodiste, liberalisties,ongereformeerd in leer, kollegialisties in kerkregering, belus op sensasie-prediking en skokmetodes, op ´n dwaalweg met ons Pinksterbidure en sendingverenigings, net soos met die Christen-studentevereniging waaraan ons steun verleen." [*Kb* 3 Junie 1959:916]
Die redakteur van *Die Kerkbode* het op hierdie beskuldigings gereageer en die Gereformeerde Kerk tot ´n broederlike gesprek uitgenooi. [Redaksionele kolom *Kb* Woensdag 3 Junie 1959] Prof S du Toit, rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom het in Die Kerkblad van 26 Augustus 1959 na die konsep-kerkorde verwys as die eerste stappe om ´n radikale omwenteling in sy stelsel van kerkregering aan te bring. Met hierdie skrywe is die indruk gewek dat die Ned Geref Kerk tot op datum nog altyd ´n ongereformeerd stelsel van kerkregering gehad het omdat dit, volgens hom, deur die gees en beginsels van die kollegialistiese Reglement van die Hervormde Kerk van Nederland uit 1816 regeer sou word. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:41]

Du Toit skryf verder dat wat die gees en hoofstrekking betref kan dit nie anders gesê word nie as dat nou, presies 150 jaar na De Mist en presies 100 jaar na die reformatoriese daad van 1859 dit wil voorkom of wat die NGKerk

betref, radikaal met De Mist en 1816 gebreek word. [Brown in *NGTT* 1979:303] Du Toit se gevolgtrekking is dat die Konsep-Kerkorde in die gees van Dordt is en dat dit so ´n groot verandering is op die huidige Wette en Bepalinge dat hy vrees dat die meeste lidmate dit as "verdoppering" sal sien. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960]

Eintlik het Du Toit se beskuldiging daarop neergekom dat die die Ned Geref Kerk se stelsel van kerkregering nog altyd ongereformeerd was. Uit die aard van die saak was dit ´n baie ernstige aanklag teen ´n ander gereformeerde kerk wat deurentyd gepoog het om gereformeerd te bly.

W D Jonker het op prof. Du Toit se aantygings geantwoord deur drie kort artikels wat agtereenvolgens in *Die Kerkbode* onder die opskrif: "Die ander kant van die saak!" verskyn het op die datums 13 Julie 1960:41; 20 Julie 1960:74 en  27 Julie 1960:107. Dieselfde het hy gedoen by wyse van´n brief wat op 14 September 1960 in *Die Kerkbode* verskyn het. [Jonker *Kb* 14 September 1960:375]

In ´n brief in *Die Kerkblad* van 16 September 1959 het prof WD Jonker ernstig beswaar gemaak teen Du Toit se voorstellings en vestig die aandag daarop dat daar hoegenaamd geen verskil t o v die beginsels van die kerkregering tussen die Wette en Bepalinge en die nuwe Kerkorde is nie. Dit is volgens hom niks meer as 'n nuwe vormgewing en ook nie ´n verandering van die stelsel van ons kerkregering nie. [Brown in *NGTT* 1979:303; Jonker *Kb* 13 Julie 1960:41]

Jonker onderstreep dat hier geensins sprake is van ´n   "radikale breuk" en nog minder van ´n verandering van die stelsel van kerkregering. Met die Wette en Bepalinge is daar reeds, volgens Jonker, gebreek met die beginsels van die kollegialistiese stelsel van regering sodat die Wette en Bepalinge die gereformeerde stelsel van kerkregering verteenwoordig het. [Jonker *Kb* 13

Julie 1960:42]

In die praktyk is Jonker egter verkeerd bewys en was Du Toit in die kol toe hy vasgeskop het deur te herhaal dat die Wette en Bepalinge kollegialisties was soos die Reglement van 1816. Hy het hiëragies-kollegialistiese elemente ontdek in die voorstelling wat die Wette en Bepalinge gee van die kerkverband, die gesag van die sinode, die praktyk in verband met geloofsbriewe en die samestelling van meerdere vergaderinge, die kommissiestelsel, die praktyk om leraars te bevestig in diens van die sinode, die magte van die ring, die gevaar van predikanteheerskappy en die reëling van alles tot in die laaste besonderheid. Verder ongereformeerde elemente was vir hom die wat verband hou met die aflegging van geloofsbelydenis, die feit dat gesê word dat ´n lidmaat aan die kerk behoort, die gekombineerde kerkraadsvergadering, hulpdienste, sake op die terrein van die staat of die maatskappy wat deur die kerk gereël word, huwelike op Sondae, tug soos ´n strafprosedure, kategismusprediking, spesiale Sondae, die kerk stig vereniging, vreemde gedagtes oor die erediens. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:42]

Vir du Toit was dit baie duidelik dat die Wette en Bepalinge "in gees en strekking" nog steeds ondubbelsinnig hulle kollegialistiese oorsprong verraai, dat die amp van die gelowige nie tot sy reg kom nie en die amp van ouderling en diaken gekortwiek word. Soos hy die Konsep-Kerkorde gesien het is niks minder nie, "as dat die hele gebou van 1842, met fondament en al, afgebreek is en dat daar ´n nuwe begin is in die gees van die Dordtse Kerkorde." [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:41]

Die artikels wat Du Toit vanaf November 1959 tot Mei 1960 onder die hoof: Die Kerkregtelike Ontwikkeling in Suid-Afrika in *Die Kerkblad*, mondstuk van die Gereformeerde Kerk geplaas het was natuurlik nie so toeganklik vir lidmate van die Ned Geref Kerk Daarom het Jonker opsommend van sy belangrikste punte van kritiek gepubliseer asook ´n antwoord vir plasing in *Die Kerkblad*.

Hierdie brief is nie geplaas nie omdat die korrespondensie vroegtydig deur die redakteur afgesluit is. Daarom het Jonker op versoek van leraars en lidmate besluit om die “anderkant van die saak” in *Die Kerkbode* te plaas. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:43]

Jonker beantwoord Du Toit se aantygings onder die tweërlei hofies dat Du Toit stellings maak wat hy nie bewys nie en dat sy redenasie nie logies is nie. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:43]

Jonker blameer Du Toit dat hy graag die Wette en Bepalinge van 1824 en 1842 met die Reglement van 1816 vergelyk en die Kerkorde vergelyk sonder om die Kerkorde te ontleed. Al wat hy sê is dat albei dieselfde foute het. Jonker antwoord hom deur ´n deeglike ontleding te gee waarin hy vir Du Toit bewys dat “die nuwe kerkorde bestaan uit artikels wat feitlik net die beenderestelsel van die bestaande Wette en Bepalinge vorm” [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:43]

Dit word weer aan Du Toit uitgewys dat die kerkregtelike beginsels in die nuwe kerkorde nie verander is nie maar dit alleenlik die vorm is wat verander het. As hy dus die kerkorde in orde vind behoort hy nie probleme te hê met die Wette en Bepalinge nie. Nou het hy met lg probleme en daarom sê Jonker is Du Toit nie logies in sy beredenering nie. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:44]

Jonker vra reguit aan Du Toit: “Waarom dan nie maar aan die lesers erken dat die Wette en Bepalinge prinsipieël die hoofbeginsels van die gereformeerde stelsel van kerkregering [selfstandigheid van die plaaslike gemeentes, drievoudige amp, noodsaaklikheid van die kerkverband, vryheid van die staat] aanvaar en ken nie.?” [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:44]

Die feit dat Du Toit o a teoloë binne die Ned Geref Kerk aangehaal het as hulle selfkritiek uitoefen teenoor die Wette en Bepalinge gemaak het en

daarvolgens sy eie afleidings gaan maak het word as onbillik beskou. Du Toit beweer hy is objektief maar sy beskuldigings is volgens Jonker verre van objektief. [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:74]

“Die basiese verskilpunt tussen die Wette en Bepalinge en die Reglement van 1816 is juis dat die Wette en Bepalinge sover moontlik die gewraakte hiëragiese tendense van die Reglement probeer bestry. In die Reglement van 1816 word die regering van die kerk gesien as afdalende van bo na benede, terwyl die Wette en Bepalinge van die begin af neergelê het dat die regering gesien moet word as uitgaande van benede na bo.” [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:74]

Wat die gesag van vergaderinge betref, sê Jonker, “Die kerkraad word in die volgorde kerkraad-ring-sinode as die fundamentele kerklike vergadering gesien aan wie die sleutelmag in eerste instansie toevertrou is.”[Jonker *Kb* 20 Julie 1960:74]

Jonker het Du Toit ook kwalik geneem omdat hy dinge in sy artikel aangehaal het wat nie ter sake is nie maar sommer net bygehaal word om aan die Wette en Bepalinge ´n kleur van kollegialisme te gee. Van hierdie sake is ampsdrag, kategismusprediking, huwelike op Sondae, spesiale Sondae, ondertekeningsformulier van die O V S, Natalse artikel oor kerkraadslede, bemoeienis van die kerk met die openbare onderwys ens. Jonker wys daarop dat Du Toit foute in formuleringe, soms net by ´n provinsie met min gemeentes, aan die groot klok hang en dit afmaak as ongereformeerd en dan die hele stelsel van kerkregering as ongereformeerd afmaak. [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:76]

Volgens prof Du Toit is dit die gronddwaling van die Wette en Bepalinge dat dit sê dat die gemeentes aan die kerk behoort. Hierop antwoord Jonker: “Dat die verskillende gemeentes saam een kerk vorm, is in ooreenstemming met al die

ou gereformeerde skrywers en met die Nedl Geloofsbelydenis art 32. " [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:76] "Die Wette en Bepalinge sien juis nie die kerk as ´n groot genootskap waarvan die samestellende dele die afsonderlike lidmate is nie, maar verstaan die kerk as ´n assosiasie van afsonderlike gemeentes. Maar hierdie gemeentes wat saamverbonde is, vorm dan ook ´n eenheid in institutêre sin en heet eenvoudig kerk in die enkelvoud. As dit die gronddwaling van die N G Kerk is, dan kan hy hom daarvoor op Voetius beroep, en dan sit die Geref Kerk in Suid-Afrika saam met hom in dieselfde bootjie!" [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:76-77]

Van Staden bewys dat Jonker met hierdie stelling van hom vir Voetius verkeerd vertolk en stel dit dan duidelik: "Dit is daarom, myns insiens, Skriftuurlik en volgens die Gereformeerde Kerkreg, ondersteun deur die Acta en Kerkordes van die ou Nederlandse Gereformeerde sinodes van die 16de en 17de eeu, nie korrek om van die plaaslike kerke in kerkverband as 'kerk' te praat nie." Gereformeerde kerkregtelik, sê hy, moet daarom van die 'Afrikaanse Protestantse kerke ens gepraat word en kan dit "bewys word dat die 'kerk'- enkelvoudstandpunt Kollegialisties of selfs Papalisties of Episkopalisties is." [Van Staden 1995:10-12]

"By die N G Kerk is, nog meer as in die Dordtse Kerkorde, teen ´n oorheersing van predikante op die meerdere vergaderinge gewaak deur te bepaal dat daar vir elke leraar telkens ook ´n ouderling afgevaardig word. Waarom altyd alles probeer sien as kollegialisme, terwyl die feite tog bekend is?" [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:77]

> "Ten spyte van wat ook al deur prof Du Toit beweer word oor die onselfstandigheid van die plaaslike gemeentes van die N G Kerk, wil ek tog daarop wys dat die kerkverband volgens die Wette en Bepalinge nie maar in die plaaslike gemeentes kan ingryp nie. Die eredienste, kategese, die

> pastorale sorg, die tug en die regeringe, die diens van barmhartigheid gaan van dag tot dag in die gemeentes voort sonder dat die meerdere vergaderinge of welke kommissie dan ook in die aktiwiteite van die plaaslike gemeentes ingryp. Die Wette en Bepalinge het immers nie ten doel om die ampsdraers in hulle ampsverpligtinge te belemmer of te stuit nie en neem hulle verantwoordelikheid nêrens van hulle skouers af nie. Geen enkele deel van die mag van die plaaslike gemeente word immers van hulle weggeneem wanneer die kerkverband hulp verleen by moeilike sake, by tug oor ampsdraers, by voortgaande sensuur, by die handhawing van die belydenis, by die afstigting van nuwe gemeentes. ens.  Nee wat, ´n mens moenie te gou spreek van kollegialisme en hiëragie waar dit nog gewoonweg gaan om die regeermag wat die kerk deur middel van sy meerdere vergaderinge op ´n egte gereformeerde manier uitoefen nie! Die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes word nie daardeur opgehef nie."
>
> [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:77]

Van Staden het intussen bewys dat Du Toit se waarneming reg was aangesien eersgenoemde dertig jaar later nog steeds kollegialistiese trekke by die Ned Geref Kerk bespeur. In die verband verwys hy na die feit dat die Ned Geref Kerk nog steeds daarvan praat dat, "´n persoon lidmaat word van ´n kerk" bedoelende ´n kerkverband.

### 8.25.1 Kritiek teen Gesag van sinode

Vir Du Toit was dit ´n groot dwaling dat daar gesê kan word dat die sinode die hoogste gesag in die regering van die kerk het. Jonker stem saam dat dit natuurlik nie mag wees dat ´n sinode groter gesag as Christus of die Woord van God het nie Die Wette en Bepalinge maak dit egter, volgens Jonker, baie

duidelik dat dit nie so is nie. Ons gereformeerde vaders het, volgens Jonker, dikwels die woord "hoër" en selfs "hoogste" gebruik. Die gebruik van die woord, wat ongelukkig soms gebesig word, moet egter verstaan word in die lig van die hele Wette en Bepalinge waarin nooit anders gespreek word nie as van meerdere vergaderinge. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:107]

Jonker sê Du Toit sou Voetius bepaald kollegialisties gevind het waar hy geleer het dat die sinodale besluite bindend en finaal is, dat meerdere vergaderinge mag ingryp as minderes hulle skuldig maak aan wanbestuur of nie doen wat hulle moes gedoen het nie en selfs met sensuur mag ingryp as hulle besluite nie uitgevoer word nie. In die N G Kerke is die sinode tog nie ´n tiran wat oor die gemeentes heers nie: dis ´n vergadering van die gemeentes wat gesamentlik vergader, wat uit ampsdraers bestaan, met gesag deur Christus beklee is en die belange van die gemeente behartig in sy Naam. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:107]

**8.25.2 Geref Kerk se verkeerde voorstelling van die kommissies**

Du Toit is, volgens Jonker blykbaar onder die indruk dat die kommissies regerende bevoegdhede besit, maar dit is tog kennelik nie die geval nie. Geen kommissie het regerende bevoegdheid nie, selfs nie die sinodale kommissie of die ringskommissie nie. Alles wat hulle doen buite hulle stiptelike opdragte, kan hoogstens provisioneel wees, terwyl die meerdere vergaderinge oor alles beslis en dit goed- of afkeur. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:107]

Geen kommissie van ´n meerdere vergadering kan werksaamhede in ´n plaaslike gemeente verrig sonder daartoe uitgenooi te wees of onder buitengewone omstandighede wanneer die meerdere vergadering bv vir die uitoefening van sy tugmag ´n kommissie van ondersoek na ´n klag of gerug of iets soortgelyks ´n dergelike opdrag gee nie. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:108]

### 8.25.3 Kritiek - Benaming Permanente Kommissie

Du Toit het ´n probleem gehad met die benaming permanente kommissie. Jonker verduidelik dat dit niks met bestuur te make het nie maar alleen so genoem word wanneer ´n meerdere vergadering ´n kommissie aanwys om by ´n volgende vergadering verslag te doen terwyl ´n tydelike kommissie nog by dieselfde vergadering verslag doen.

### 8.25.4 Kritiek insake Moderatuur

Alhoewel Jonker self nie die nodigheid van ´n Moderatuur naas die sinodale kommissie sien nie wys hy daarop dat die moderatuur niks anders as ´n kommissie of deputaatskap is nie en dat dit hoegenaamd geen regeermag ontvang nie. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:109]

### 8.25.5 Kritiek insake Verkiesing [beroeping] van ampsdraers

Du Toit se beswaar is dat lidmate nooit meewerk by die kiesing of beroeping van ampsdraers nie. Jonker wys aan dat die Wette en Bepalinge eis dat lidmate hulle ampsdraers met opsteking van hande kies in nuwe gemeentes, in gevestigde kerke kies die kerkraad en lees die name af vir approbasie. Lg reëling kom van die Konvent van Wezel 1568 en die Sinode van Emden 1571 en is in die Dordtse Kerkorde opgeneem as een van die twee maniere waarop ouderlinge gekies kan word. Die idee van ´n gekombineerde kerkraad, self baie oud met wortels tot in die tyd van die reformasie, is net nog ´n verdere toegewing aan die beginsel om die gemeente direk te laat deel in die kiesing van ampsdraers, en wel deur mense wat voorheen kerkraadslede was en dus beskou mag word as verantwoordelike en vrome manne. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:109]

Ander interpretasies van Du Toit waarop Jonker geantwoord het was:

1 Beroeping van leraars deur meerdere vergaderinge 1960:109

2 Openbare belydenis van geloof 1960:109

3 Gevaar van predikanteheerskappy 1960:110

4 Magte van Ring 1960:110

5 Hulpdienste en hulppredikers 1960:110

6 Vereniginge in kerk 1960:111

7 Setifikate van lidmaatskap en Attestate 1960:111

8 Bevestiging in naam van sinode 1960:111 [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:109-119]

Jonker sluit sy bydraes af deur te sê daar is twee kante van ´n saak. Dit gaan nie vir hom om die Wette en Bepalinge te verdedig nie.”Ons hoop van harte dat die N G Kerk binne afsienbare tyd die Wette en Bepalinge agter die rug sal hê en met sy nuwe kerkorde sal werk. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:119] “Dit gaan ons ook daarom dat elke vorm van hersiening van bestaande dokumente en praktyke deur die N G Kerk nie maar gesien moet word as ´n belydenis dat hy tot dusver nog altyd die gereformeerde spoor kwyt was nie. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:119]

**8.26 AANVAARDING VAN KONSEP-KERKORDE**

Die aanvaarding van die konsep-kerkorde het groot vreugde onder die lidmate van die Ned Geref Kerk gebring. Daar is getuig van hoe die hand van die Here in dit alles te sien was. Selfs lidmate wat in kerkreg onderleg was en die dokument krities ontleed het, het laat hoor, “......ons kan nie anders as om daarin ´n blyk te sien van die feit dat Christus, die Hoof van die Kerk, nog met ons besig is en veral in hierdie afgelope jare ons Kerke geseën het met ´n nuwe bloei en ´n nuwe liefde vir alles wat Bybels-verantwoord is. Wonderlik is die weë van die Here!” [Jonker *Kb* 18 November 1959:795]

Lidmate het met groot verwagting uitgesien na die dag van organiese eenheid. Nie slegs in uiterlike, organisatoriese sin nie, “maar veral in die geestelike sin van die feit dat ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie - dié Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers!” [Jonker *Kb* 18 November 1959:495] Die dokument sou nie net dien

as basis vir die organiese eenwording van die huidige vyf selfstandige gefedereerde N G kerke nie, maar ook ongetwyfeld meewerk om die gereformeerde karakter van die kerk te bestendig en te bevestig. [Jonker *Kb* 1959: 795; vgl Van der Watt 1987:9] Vir lg het die kerkorde die duidelike beginsels bevat wat, in ooreenstemming met Skrif en belydenis, die hooflyne vir die regering van die kerke aandui. Hy bevind ook in die konsep-kerkorde dat dit "onmiskenbaar die Dordtse Kerkorde se stempel [dra] nie net in sy indelings nie, maar soms ook in sy bewoording." [Van der Watt 1987:9]

Vir Jonker was die nuwe kerkorde ´n besliste vordering op die pad van kerkregtelike ontwikkeling. Hy gee erkenning vir die kommissie van aktuarius wat die konsep-kerkorde opgestel het en, "onmiskenbaar duidelik van gedagte uitgegaan het om daarmee so gou as moontlik by die ou Dordtse kerkorde aan te sluit." [Jonker *Kb* 18 November 1959:796]

Die waarde van die Dordtse Kerkorde word verder uitgelig as Jonker voortgaan: "Die Dordtse Kerkorde is immers sonder enige twyfel die beste en suiwerste historiese formulering en samevatting van die Skriftuurlike beginsels waarop die Gereformeerde kerkregering rus onaangetas in sy prestige as ´n deur-en-deur Bybels-Gereformeerde kerkorde." [Jonker *Kb* 18 November 1959:796]

> "Ek is nie in staat om te sê hoe enige Kerk wat werklik gereformeerd wil wees, by die opstel van ´n nuwe kerkorde aan die beginsels en selfs die formuleringe van die Dordtse Kerkorde verby sou kon gaan nie. Daarom is ons innig dankbaar tenoor ons actuarii dat hulle by die verrigting van hierdie groot en moeilike taak hulle so nou aangesluit het by hierdie kosbare ou dokument uit die skat van ons gereformeerde erfenis. Daarmee het hulle aan ons Kerk ´n diens bewys wat nie maklik na waarde geskat kan word nie."
>
> [Jonker *Kb* 18 November 1959:796]

Die lastige "wette en bepalinge" wat in 1824 ingang in die kerk verkry het, is nou vervang met `n kerkorde, wat die algemene beginsels neerlë vir die bediening van Woord en sakramente, die belydenis, ampte, tug en arbeid van die kerk. [Van der Watt 1987:9]

Groot waardering is betuig aan die Raad van Kerke wat met die aanvaarding van hierdie kerkorde die doel wat die Raad in 1907 gestel het nou in sig laat kom het. Gedurende vyftig jaar van arbeid en stryd het hierdie liggaam in adviserende hoedanigheid, maar veral as studieliggaam gedien en deur middel van sy kommissies belangrike verslae en aanbevelings aan die onderskeie sinodes voorgelë, om daardeur die onderlinge band tussen die verskillende kerke te verstewig en die besef van wedersydse afhanklikheid wakker te hou. [Van der Watt 1987:10]

Die acta van die onderskeie sinodes en van die Raad van Kerke lewer die onteenseglike bewys dat verantwoordelike kerkleiers en baie lidmate die verbreking van die een sinodale verband in 1862 beskou het as iets wat van buite af aan die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika opgedring is en aan die kerk self vreemd was. [Van der Watt 1987:10]

"Die ses-en-twintigste vergadering van die Raad van Kerke in Bloemfontein sal in die annale van ons Kerke beslis aangeteken staan as een van die belangrikste vergaderinge" [Jonker *Kb* 18 November 1959:795] In die geskiedenis van die Ned Geref Kerk sal die Raad van Kerke altyd `n monumentale en unieke plek beklee. Dit het onskatbare dienste gelewer as skakel tussen die verskillende kerke en as wegwyser tot die herstel van die algemene kerkverband. [Van der Watt 1987:10]

## 8.27 KONSEP-KERKORDE NA DIE ONDERSKEIE SINODES VERWYS VIR GOEDKEURING

Die vergadering het die konsep-kerkorde na die verskillende sinodes verwys

met die versoek om wysigings aan te dui vir hulle afgevaardigdes na `n konvensie om `n algemene sinode te oorweeg. [Brown 1979:303] Onder andere word dit aan die Kommissie van Actuarii opgedra om die kerkorde so spoedig moontlik te redigeer in ooreenstemming met die besluite van die Raad sodat die gewysigde stuk volledig in die Acta kan verskyn Die Sinodes word versoek om wysigings wat hulle aan die Kerkorde wens aan te bring aan die afgevaardigdes van die Algemene Sinode wat vir die doel eers in ´n Kerklike Konferensie sal saamkom, voor te lê vir oorweging en finale beslissing.

Nadat die onderskeie kerke se afgevaardigdes langs hierdie weg die finale basis van ooreenkoms vasgestel het, sal die Algemene Sinode konstitueer. Die Agenda vir die eerste vergadering sal voorberei word deur die moderatuur van die Raad van die Kerke plus die Moderature van die konstituerende Kerke.

**8.28 ACTUARII BY SINODES**

Die Raad van die Kerke het op voorstel van G P van Wyk en A J van Wyk as sekondant eenparig die verskillende Sinodes van die Gefedereerde Kerke versoek om op eie koste drs J D Vorster en F E O B Geldenhuys uit te nooi om in adviserende hoedanigheid hulle Sinodale Vergaderinge by te woon wanneer die behandeling van die Kerkorde op die Agenda verskyn. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:124]

Afgevaardigdes na die eerste Algemene Sinode sou eers in `n kerklike konvensie byeen kom. Hierdeur sou die afgevaardigdes in staat gestel word om die kerkorde aan te neem, en nadat die onderskeie sinodes se afgevaardigdes langs hierdie weg die finale basis van ooreenkoms vasgestel het, sou die Algemene Sinode konstitueer. [Van der Watt 1987:14]

Alles het daarop gedui dat die dekade-lange pogings tot eenwording besig was om tot ´n suksesvolle einde te kom. Met geesdrif het prof H D A du Toit

uitgeroep: Organiese kerkvereniging is in vooruitsig! [Brown in *NGTT* 1979:303]

**8.29 1959, PERMANENTE KOMMISSIE VAN DIE FEDERALE RAAD**

Die vyf actuarii van die Gefedereerde Kerke met dr J D Vorster as konvenor het hulle verslag by die raad ingedien. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:126] Besluite wat in antwoord op die verslag geneem is [Hand Raad van Kerke Mei 1959:124] het onder meer behels:

* Die beginsel van desentalisasie staan voorop. Die provinsiale sinodes het in `n mate hul selfstandigheid behou met eie bepalinge in sake soos sending, barmhartigheidsdienste en evangelisasie.
* Die naam van die kerk is sonder enige geografiese of provinsiale of staatkundige begrensing aangedui as Die Nederduitse Gereformeerde Kerk
*Die belydenis van die kerk, soos uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, is deeglik verskans, want die reglement bepaal dat die belydenis alleen verander kan word as die sinodes afsonderlik met tweederdes meerderheid ten gunste van die amendasie[s] besluit. `n Soortgelyke meerderheid word vereis van die Algemene Sinode as die kerkorde verander word of wanneer die ekumeniese verhoudinge geld.
* Die benaming “sinode” word gebruik in onderskeiding van Algemene Sinode, hoewel daarmee eintlik aangedui word streek- of provinsiale of partikuliere sinodes.
* Die Algemene Sinode het tot taak die vasstelling van die belydenis, die kerkorde, die liturgiese formuliere, opleiding van evangeliedienaars, die bepaling van die beleid en ekumeniese verhoudinge
* Sake wat deur die partikuliere sinodes behandel word kan nie voor die Alg Sinode dien nie tensy die betrokke sinodes hulle daarheen verwys het of in geval van hoër beroep. [vgl Van der Watt 1987:9]

## 8.30 1961, HERROEPING VAN ORD NO 7 VAN 1843 IN DIE VOLKSRAAD

Die groot oomblik het aangebreek toe Ordonansie no 7 van 1843 geskrap sou word en Vorster, wat hom vir jare daarvoor beywer het, dit toe ook kon beleef. Vir vier agtereenvolgende weke gedurende die maande Oktober en November 1960, het in beide amptelike tale in die Staatskoerant die kennisgewing van `n Private Wetsontwerp verskyn. Dit was `n private wet, na aanleiding van die besluit van die Kaapse sinode in 1957, wat in sy enigste klousule die herroeping van Ordonannsie No 7 van 1843 aangevra het. [Van der Watt 1987:12]

Op Woensdag 25 Januarie 1961 het die eerste lesing van die wetsontwerp, ingedien deur mnr J F W Haak plaasgevind. Op 30 Januarie is die wetsontwerp na `n Gekose Komitee van die Volksraad verwys. Voor hierdie komitee het dr J D Vorster en dr A J van der Merwe, onderskeidelik actuarius en moderator van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika verskyn om getuienisse ten bewyse van die wetsontwerp te lewer.[Van der Watt 1987:13] Van Vorster word getuig: “Op `n deeglike en uiters verantwoorde wyse het dr. Vorster die standpunt van die kerk gestel en `n duidelike uiteensetting gegee van die oorwegings ten grondslag van die sinode se besluit om hierdie private wetsontwerp aan te vra.” [Van der Watt 1987:13]

Op 15 Februarie het die Gekose Komitee die volgende besluit aangeneem: ”Dat die Voorsitter die Wetsontwerp sonder amendement rapporteer” Dit het beteken dat die tweede lesing `n blote formaliteit was. Mnr Haak het `n kort oorsig gegee van die ontstaan van die ordonannsie en nou die noodsaaklikheid van die herroeping daarvan. Die Opposisie het by monde van mnr J H de Kock sy steun aan die wet toegesë. Nadat die Raad in Komitee gegaan het, waartydens die klousules, aanhef en titel van die wetsontwerp gestel en goedgekeur is, is die wetsontwerp sonder amendement vir die derde maal gelees. [Van der Watt 1987:13]

Op 3 Maart 1961 is daar in die Volksraad geskiedenis gemaak.´n Private wetsontwerp om voorsiening te maak vir die herroeping van Ordonnansie 7 van 1843, ingedien deur adv Jan Haak op versoek van die kerk, is in rekordtyd sonder enige teenstand aangeneem. Die Ordonnansie wat in sy 118-jarige bestaan soveel beroering veroorsaak het en sulke verreikende gevolge vir kerk en volk gehad het, het ´n stille en maklike uitvaart gehad. [Vorster *Kb* 5 April 1961:462 vg. Van der Watt 1987:12] Daarmee is op heel onopspraakwekkende wyse ´n periode in die geskiedenis van die kerk, veral wat sy kerkregering betref, afgesluit." [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

Ook in die Senaat is die maatreël vinnig en sonder wysigings of teenkanting aanvaar. Op 6 Maart 1961 is die Wetsontwerp vir die eerste maal gelees terwyl die laaste twee lesings op 21 Maart geskied het. By hierdie geleentheid het senator [ds] Olivier voorgestel dat die Senaat die werk van die Volksraad goedkeur. [Van der Watt 1987:13] Op 27 Maart 1961 het die Goewerneur-generaal sy goedkeuring geheg aan Wet no 22 van 1961 en daardeur `n nuwe tydperk vir die Ned Geref Kerk  ingelui. [Van der Watt 1987:13]

Die herroeping van Ord 7 van 1843 was `n historiese gebeurtenis van groot betekenis. [Van der Watt 1987:13] Die weg was nou geopen vir die Kaapse sinode om op die basis van `n gemeenskaplike kerkorde met die ander Ned Geref sinodes in een sinodale verband te tree. [Van der Watt 1987:13] "Natuurlik het die herroeping van die ordonnansie geen verandering in die leer, organisasie of regering van die kerk meegebring nie." [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

### 8.31 VORSTER SE BLYDSKAP OOR DIE HERROEPING VAN DIE ORDONNANSIE

Vorster se opgewondenheid oor die herroeping van die Ordonnansie kan nouliks verberg word as hy skryf:  "Dit sal ´n nuwe tydperk vir die kerk inlui. Waar die Ordonnansie deur die staat aan die kerk opgelê, die kerk in sy gang

en vrye ontwikkeling belemmer het en skadelike gevolge vir kerk en volk gehad het, sal nà die herroeping daarvan die eie Kerkorde wat die lewe en werk van die kerk reël na die beginsels van die Woord van God gefundeer is, vir die kerk ´n onnoemlike seën wees.” [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] Verder sê hy, “die bestaan van die Ordonnansie het gelei tot die vorming van drie selfstandige N G Kerke in die noorde, ´n gebeurtenis wat seker die loop van die geskiedenis van kerk en volk beslissend beïnvloed het. Hy vra: “Hoe anders sou die geskiedenis nie verloop het nie as kerklike eenheid, ondanks staatkundige gedeeldheid, onbelemmerd voortgeduur het.” [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

## 8.32 RAAD VAN KERKE SE VERGADERING 1961

In Maart 1961 was die sewe-en-twintigste vergadering van die Raad van Kerke in Kaapstad en by hierdie geleentheid het die eer vir Vorster te beurt geval om die blye tyding te bring dat Ordonannsie no 7 van 1843 formeel herroep is. [Van der Watt 1987:13 en Hand Raad van Kerke Maart 1961:58]

Die moderatuur ontvang daarop volmag om die nodige praktiese reëlings te tref in verband met die ontbinding van die Raad en die oordrag van sy funksies, eiendomme, fondse en ander verpligtinge aan die Algemene Sinode. [Van der Watt 1987:13]

Met die oog op die toekoms van die Raad van Kerke het Vorster ´n voorstel ingedien wat deur F E O ‘B Geldenhuys gesekondeer is wat as volg gelui het: “Met die oog op die feit dat die Algemene Sinode van die verenigde Kerke moontlik binne die volgende twee jaar mag konstitueer, so besluit die Raad dat:

[1] Alle Kommissies van die Raad wat opdragte ontvang het, aan die Algemene Sinode rapport sal doen.

[2] Alle eiendomme, fondse en ander verpligtings van hierdie Raad aan die Algemene Sinode oorgedra word.

[3] Die Moderatuur volmag ontvang om die nodige praktiese reëlings te tref in verband met die ontbinding van die Raad en die oordrag van sy funksies aan die Algemene Sinode. Dit is deur die vergadering aanvaar. [Hand Raad van Kerke Maart 1961:75]

Hierop is ´n voorstel van dr H D A du Toit eenparig aanvaar:
"Met die oog daarop dat hierdie vergadering van die Raad van die Kerke moontlik die laaste sal wees, betuig die Raad sy dank teenoor die Here vir Sy leiding gedurende die afgelope 54 jaar van sy bestaan, en moedig die konstituerende kerke aan om intussen toe te sien dat niks sal gebeur om die vereniging van die Kerke te laat misluk nie. [Hand Raad van Kerke Maart 1961:75]

Alles was dus gereed vir die konstituering van die eerste Algemene Sinode; gedurende die jare 1960-61 het die onderskeie sinodes ook die konsepkerkorde met enkele wysigings aanvaar en formeel besluit om toe te tree tot een algemene sinodale verband. [Van der Watt 1987:13] In opdrag van die Raad van Kerke het die moderamen van die Raad in medewerking met die lede van die vyf moderature van die konstituerende sinodes die leiding geneem om die eerste vergadering van die Algemene Sinode op te roep en die agenda voor te berei.

**8.33 KAAPSE SINODE 1961**

Vanaf 19 Oktober tot 9 November het 714 predikante en afgevaardigdes in Kaapstad byeengekom vir die grootste sinode wat tot op daardie stadium vergader het. [Steenkamp 1961:13]

In al die provinsies was die behoefte aan kerkhereniging baie sterk. Op Woensdag 12 April 1961 het ds C W I Pistorius, wat vroeër die groete van die Kaapse Kerk aan die Ned Geref Kerk Natal oorgedra het, o a gesê: "Ek het die begeerte uitgespreek dat organisatoriese kerkvereniging binnekort ´n

werklikheid sal wees" [Hand Kaapse Sinode 1961:223]

By dieselfde sinodesitting rapporteer ds J H Lange:

> "Ek het die eer gehad om namens ons kerk op 27 April 1960 die groete oor te bring aan die Sinode van die Ned. Geref.Kerk in die O V S . Aangesien ek net 15 minute tot my beskikking gehad het, het ek slegs die aandag daarop kon vestig dat dit binne twee jaar [1962] 100 jaar sou wees dat die afgevaardigdes van daardie kant die Oranje uit die Kaapse Sinode weggestuur is om aparte kerke te vorm wat elk ´n eie sending gehad het om te volvoer; dat gedurende die 100 jaar daar steeds die verlange bestaan het dat die kerke weer eenmaal in een Sinode verenig sou wees; dat verskeie pogings om dit te bewerkstellig nog altyd misluk het, maar dat ons nou, waar die Federale Raad van Ned Geref Kerke met die grootste eenstemmigheid ´n kerkorde opgestel het wat voorsiening maak vir sodanige gemeenskaplike sinode, baie naby aan ons ideaal gekom het. Ek het in korte besonderhede getree," gaan ds. Lange voort, "om aan te toon dat die taak van die kerk tans so groot geword het dat ons dit nie meer kan bybring om apart van mekaar te staan nie. Ek het die hoop uitgespreek dat die kerk in die O VS , wat die eerste Provinsiale Sinode was om die voorgestelde Kerkorde te oorweeg, dit met dieselfde besieling, as spoorslag vir die ander Sinodes, sou aanvaar as waarmee hulle in 1916 die leiding geneem het om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Daarby het ek die moontlikheid genoem dat die eerste gesamentlike Sinode in 1962, presies 100 jaar nadat die afgevaardigdes van daardie kant die Oranje die Kaapse Sinode moes verlaat, in Kaapstad sou kan vergader en dat daarvan ´n groot feesgeleentheid vir die kerke sou gemaak kan word." Lange sluit af met: "Ek het die voorreg gehad om die bespreking oor die Kerkorde by te woon en die vreugde ondervind

dat die Sinode van die O V S dit aanvaar het."

[Hand Kaapse Sinode 1961:224]

In sy verslag oor die groete wat hy aan die Ned Geref Kerk van Transvaal op 10 April 1961 oorgedra het, sê ds A J van Wijk: "Die Kaapse Kerk sien met verlange uit na die moontlikheid van kerkvereniging. Die Kaapse Kerk voel sy eenheid met al die Gefedereerde Kerke in hierdie vinnig-veranderende wêreld en vasteland waar soveel faktore van binne en buite die voortbestaan en arbeid van die Kerk van Christus bedreig." [Hand Kaapse Sinode 1961:224]

Dr H W de Jager het die groete aan die Sinode van Suidwes-Afrika oorgedra op 1 Maart 1961 en o.a. gesê: "Ons het ook namens die Kerk in Kaapland die hoop en verlange uitgespreek dat hulle weldra weer een met ons sal wees in die besondere sin van organiese kerkvereniging." [Hand Kaapse Sinode 1961:224]

Tydens die sinode het Vorster nog ´n paar wetsveranderinge voorgelê vir o a Artikels 14, 48a, 50, 60, 70, 125, 126, 200, 214, 218, 219, 220, 229, 271,274 en Reglemente 18(7), asook wysigings vir die Reglement van die Raad van Kerke Daarna is die kerkorde wat voorsiening maak vir die organiese vereniging van die vyf gefedereerde N G Kerke eenparig deur die Kaapse Sinode aanvaar. Al vyf die sinodes het nou die kerkorde aanvaar en dus sou die eerste nasionale sinode van die verenigde kerk in die loop van die volgende jaar kan byeenkom. [Steenkamp 1961:12]

Tydens dieselfde sinode dien ouderling C A J Marais van Merweville ´n versoekskrif in waarin hy vra: "om nadat tot vereniging van die Gefedereerde Kerke besluit is, te ywer vir organiese eenwording van die drie Afrikaans Kerke en, in samewerking met die ander Afrikaanse Kerke ´n biddag uit te skryf met die oog op kerkvereniging." [Hand Kaapse Sinode 1961:575]

Met die oog op die eerste Alg Sinode in 1962 het dr J R Albertyn ´n artikel in *Die Kerkbode* geplaas waarin hy ´n pleidooi lewer: “Beskeidenlik word ´n pleidooi hier gelewer in belang van drie gewigtige sake: die stigting van ´n volwaardige Algemene Sinode, die skepping van ´n weloorwoë grondwet en die bepaling van ´n kleiner Sinodale ledetal as wat voorgestel word.” [*Kb* 3 Oktober 1962:469]

Pragtige verslae oor die besondere gebeurtenis is in *Die Kerkbode* 15 November 1961:710-711 deur ds H C Kinghorn van Pinelands gepubliseer asook in *Die Kerkbode* van 22 November 1961:754 terwyl *Die Voorligter* van Desember 1961 verskeie berigte en foto´s asook ´n fotoartikel deur ds L M Steenkamp laat verskyn het. Lg het oor sommige leierfigure in die sinode gerapporteer en sy respek vir Vorster kon aangevoel word as hy sê: “Dr J D Vorster kon as Actuarius weer soos in die verlede met sy forse stem en ernstige persoonlikheid leiding gee waar soms gevaar geloop is om te vergeet van al die implikasies van kerklike verordeninge en bepalinge” [Steenkamp 1961:12] Op een van die geskiedkundige foto´s verskyn Vorster as Aktuarius dan ook saam met dr A J van der Merwe (Moderator), ds J S Gericke (Assessor) en ds W A Landman (Skriba) [Steenkamp 1961:13]

## 8.34 SAMEVATTING

Gedurende hierdie tydperk vind die sinodes van 1953, 1957 en 1961 plaas wat baie belangrike aanvoorwerk gedoen het vir die totstandkoming van ´n Algemen Sinode in 1962. Dit was ook in hierdie sinodes waar Vorster tot sy reg gekom het as kerkregkundige. Behalwe dat hy in die gemeenskap die geleentheid gekry het om ´n groot deel te hê in die organisering van die Van Riebeeckfees van 1952, het hy binne die kerkverband skriba geword van die Ring van Kaapstad, lid van die Raad van Kerke, lid van die Kuratorium van die Kweekskool op Stellenbosch en op talle kommissies gedien en deur middel van korrespondensie sy standpunt oor baie sake bekend gemaak.

In hierdie periode het hy sy kommer oor die verslapping van die tug aangespreek en gesorg dat die saak by die sinodes en in die *Kerkbod*e en *Gereformeerde Vaandel* aangespreek word. Sy standpunt was duidelik dat die verval van tug baie oorsake het maar dit het omtrent altyd gedui op ´n verkeerde verstaan van die Woord van God en sy liefde vir die gevalle sondaarmense. Om dit reg te stel, in ooreenstemming met gereformeerde kerkreg moes die tug konsekwent en streng toegepas word.

Hy het goeie leiding gegee ten opsigte van die herroeping van die Ord no 7 van 1843 en hom met oorgawe daaraan gewy om dit te skrap. Die sinode het hom in die verband vertrou en hy het gewoonlik deel uitgemaak, en die leiding geneem in die kerk se voorbereidings en afvaardigings waar dit nodig was.

Soos so baie lidmate, was sy vreugde groot toe die laaste voorbereiding vir kerkhereniging in alle erns begin het. Hy het geskiedenis help maak en dit alles vanaf die binnekring van die kerk beleef, ´n voorreg wat vir min mense beskore is.

Oor die Konsep-Kerkorde het dit gelyk asof Vorster, nadat dit opgestel was, na die agtergrond getree het en dit vir kerkregkundiges soos Willie Jonker oorgelaat het om die Kerkorde te evalueer en te verdedig. Hy het egter self die geleentheid gebruik om op enkele besware te antwoord.

Met die aanbreek van die groot oomblik in 1962 was Vorster daar en kon hy terugkyk op dekades van stryd en ideale rondom eenwording. Heeltemal tereg is hy verkies as die eerste actuarius van die Allgemene Sinode.

Hy het getrou gebly aan homself en sy standpunt rondom gereformeerde kerkreg tot op die laaste stadium gehandhaaf en verdedig.

# HOOFSTUK 9

## LAASTE KERKREGTELIKE VOORBEREIDINGS VIR DIE VORMING VAN DIE ALGEMENE SINODE IN 1962

In Desember 1961 was die laaste voorbereiding vir eenwording reeds in die snelbaan en het *die Voorligter* oor die vordering berig. Saam met fotos van die vyf huidige moderators van die Ned Geref Kerke in Suid-Afrika, het die berig gelui: "Nou is dit ´n voldonge feit dat die vyf Ned Geref Kerke in 1962 gaan verenig. Die laaste sinode het so pas in Kaapstad ook eenparig ten gunste van eenwording besluit. In Mei sal die moderature onder leiding van die Moderatuur van die Raad van die Kerke met daadwerklike voorbereidingswerk begin en die datum van die eerste Nasionale Sinode is voorlopig vir Donderdag 11 Oktober 1962 vasgestel. Hierdie vergadering sal in Kaapstad plaasvind omdat die Moederkerk van Kaapstad sy setel daar het." [*Die Voorligter* Desember 1961:6]

### 9.1 VOORBEREIDENDE VERGADERING TE PRETORIA

`n Voorbereidende vergadering is op 24 Mei 1962 te Pretoria gehou. Daar is besluit dat op 11 Oktober 1962 `n konvensie van die kerk sal plaasvind, en wel volgens `n bepaalde prosedure:
1] die voorsitter van die raad lei die konvensie en spreek die openingswoord van die sinode;
2] die scriba van die Raad tree op totdat `n scriba deur die sinode gekies is;
3] na afloop van die konvensie sal die aanwesige lede van die Raad van Kerke vergader om die Raad te ontbind. [Van der Watt 1987:14]

Die verwesenliking van die ideaal wat die Raad sedert sy stigting nagestreef het - die herstel van die algemene sinodale verband- maak die Raad as sodanig nou oorbodig. Die bestaande federale of gefedereerde liggame sou

nou kommissies van die Algemene Sinode word, volgens reglemente wat by die Algemene Sinode se eerste vergadering opgestel en goedgekeur sou word. [Van der Watt 1987:14]

Die scriba van die Raad van Kerke het in die amptelike kerkblad die afgevaardigdes van die verskillende sinodes opgeroep om op 11 Oktober 1962 om 09:30 in Kaapstad te vergader, eers vir die konvensie en daarna vir die eerste Algemene Sinode,[Van der Watt 1987:14]

´n Paar dae voordat die lang verwagte sinodesitting sou begin en wel op 3 Oktober 1962 het dr J R Albertyn die sinode se aandag op drie sake gevestig te wete die vestiging van ´n volwaardige Algemene Sinode; ´n weloorwoë grondwet en ´n kleiner sinodale ledetal [Albertyn *Kb* 3 Oktober 1962:469-471] In *Die Voorligter* van Oktober 1962 verskyn ´n redaksionele artikel oor die Raad van Kerke se ontbinding en die toekoms van die kerk se tydskrifte [p 4]; ´n artikel van ds A J B Rawlins oor die Eerste Kaapse Sinode [p 6-7]; ´n artikel deur prof H D A du Toit oor die verwesenliking van kerkvereniging [p 10-11] asook ´n foto van die einde van die Raad van Kerke. [p 17]

### 9.1.1 1962 Algemene Voorbereiding vir Algemene Sinode

Met die oog op die totstandkoming van die Algemene Sinode het *Die Kerkbode* lidmate opgeroep tot gebed. Dit het verskyn onder die hofie Amptelik:

> “Leraars en kerkrade van al die gemeente van die Ned Geref Kerke in Suid-Afrika word hiermee vriendelik versoek om daarvan kennis te neem dat die Moderatuur van die Raad van die Ned Geref Kerke ´n biddag bepaal het op Sondag 30 September, met die oog op die Konvensie en die Algemene Sinode wat, DV, op 11 Oktober e v d in Kaapstad sal plaasvind. Voorbidding word gevra vir die seën van ons hemelse Vader op hierdie belangrike en geskiedkundige vergaderings en op

die eenheid waarna ons ganse kerk vir honderd jaar met verlange uitgesien het en waarvoor die Raad van Kerke hom nou reeds vir 55 jaar beywer het". (A J V Burger, Scriba Raad van die Kerke, 27/8/62)

[*Kb* 5 September 1962:337]

### 9.1.2 Konvensie 11 Oktober 1962

Op 11 Oktober 1962 het 450 predikante en ouderlinge van binne en buite Suid-Afrika in die Moederstad byeen gekom. In die stad van waar die Christendom sedert die volksplanting in 1652 verder uitgebrei het, het afgevaardigdes van die vyf provinsiale sinodes [Kaap, OVS, Natal, Transvaal en Suidwes-Afrika] vergader. Prof E P Groenewald, voorsitter van die Raad, het die formele opening waargeneem met Skriflesing en gebed Daarna het die vergadering gekonstitueer. [Van der Watt 1987:14]

Die voorsitter het in sy openingswoord gewag gemaak van hierdie historiese geleentheid en belangrike gebeurtenis wat `n keerpunt is in die geskiedenis van die kerk. Die herstel van die eenheidsstruktuur, waarna so vurig uitgesien is, staan voor die deur. [Van der Watt 1987:14] Na `n opsomming van die historiese verloop van sake, wat gelei het tot die sameroeping van die konvensie, het hy verklaar dat die doel van die byeenkoms is om die kerkorde, wat reeds deur die sinodes goedgekeur is, sy finale beslag te gee en dit dan aan die Algemene Sinode vir aanvaarding voor te lê. [Van der Watt 1987:14] Hierna het die konvensie die kerkorde puntsgewyse behandel en aanvaar en ook besluit dat die naam van die kerk voortaan sal wees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk [Van Staden 1973:422; vgl Van der Watt :1987:14]

### 9.1.3 Die naam van die kerk

Met betrekking tot die naam van die kerk het Vorster ook ´n besondere bydrae gelewer. Daar moes ´n naam vir die kerk gesoek word. Die Konvensie wat op 11 Oktober in Kaapstad vergader het, het ´n kommissie bestaande uit dr A J

van der Merwe, ds P S Z Coetzee en dr W M Nicol benoem om ´n voorstel aan die vergadering voor te lê. Die vraag was of dit moes wees Die Ned Geref Kerk van of in Suid-Afrika. ´n Ander moontlikheid was die Ned Geref Kerk van Afrika of heeltemal iets anders. [*Die Voorligter* Des 1962:20]

> “Rondom die koffietafel in die moderatuurskamer het die drie genoemde lede saam met prof E P Groenewald, ds A J VBurger, die voorsitter en scriba van die konvensie en dr. Vorster, actuarius van die Kaapse Kerk gestaan en gesels. Natuurlik het die naamkwessie ter sprake gekom. Dr Nicol, die sameroeper van die kommissie wou graag ook die menings van die ander koffie- drinkers hoor en allerhande voorstelle is gemaak totdat dr. Vorster meteens sê: “Dit mag nou ´n bietjie rebels klink, maar waarom nie volstaan net met die naam: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie? Is van Suid-Afrika of in Afrika dan nodig?” Onmiddellik sê dr Nicol: “Dis ´n plan! Daar is mos net een Nederduitse Gereformeerde Kerk in die hele wêreld.” Dit was die end van die saak. Al die verteenwoordigers het saamgestem en toe die kommissie in die konvensie die naam voorstel, is dit eenparig goedgekeur. Dit is dan nou die naam van ons kerk, net bloot eenvoudig Die Nederduitse Gereformeerde Kerk - sonder enige fraaings” [*Die Voorligter* Desember 1962:20] Die naam van die kerk was dus sonder enige geografiese of provinsiale of staatkundige begrensing.
>
> [Van der Watt 1987:9]

In die alledaagse skryftaal is die lang naam al dikwels afgekort tot N G Kerk. Vir Van Staden is dit “een van die grootste tragedies dat van hierdie historiese en mooi kerknaam deur vriend en vyand die karikatuur gemaak is om deurentyd van die N G Kerk’ te praat, wat beslis nie die naam van die Kerk is nie. Indien ´n afkorting soms gebruik moet word,” is sy gevoel, “is Ned Geref

Kerk die verkieslikste. Daar kan alleen maar gehoop word dat die lidmate van dié kerk genoeg trots vir hul Kerk sal ontwikkel om ook in die alledaagse spreektaal sy volle naam te besig, en dat die ampsdraers in mindere en meerdere kerkvergadering die navolgenswaardige voorbeeld sal stel" [Van Staden 1973:422-423]

### 9.1.4 Voorstel tot vereniging

Vir die Ned Geref Kerke, wat noodwendig as gevolg van ´n hofbevel, vir 100 jaar afsonderlik bestaan en georganiseer is hoewel hulle wesenlik een gebly het, was die einde van ´n lang en moeilike pad in sig. In *Die Kerkbode* van 10 Oktober 1962, letterlik op die vooraand van die Sinodale vergadering wat die volgende dag sou begin, berig die blad: "Die N G Kerk staan op die vooraand van ´n heuglike gebeurtenis. Op 11 Oktober vergader die eerste Algemene Sinode, bestaande uit 450 afgevaardigdes van die vyf Sinodes. Dit sal Kaapstad se voorreg wees om die Algemene Sinode vir sy eerste sitting te ontvang." [*Kb* 10 Oktober 1962:488] Die vreugde was groot, "Eindelik nou, as gevolg van die drang van die hele Ned Geref Kerk en al sy vertakkinge, gaan herstel van die organisatoriese kerkverband verwesenlik word." [Van der Watt 1987:15]

### 9.1.5 Vrydag 12 Oktober 1962

`n Plegtige oomblik het op Vrydag 12 Oktober 1962 aangebreek toe ds P S Z Coetzee [OVS] `n voorstel, gesekondeer deur ds D P M Olivier, ingedien het wat eenparig aangeneem is. Hierdie voorstel het gelui: Op grond van die goedgekeurde Kerkorde deur die verteenwoordigers van die vyf Nederduitse Gereformeerde Sinodes wat reeds deur die Sinodale besluite toestemming verleen het, besluit die konvensie nou tot herstel van die organisatoriese kerkverband deur die stigting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. [Van Staden 1973:423; vgl Van der Watt 1987:15]

### 9.1.6 Ontbinding van die Raad van Kerke en atmosfeer in die vergadersaal

Wat die Raad van Kerke betref was dit duidelik dat dit sy doel gedien het en die ideaal waarmee hy jare geworstel het, naamlik, organiese kerkvereniging, vewesenlik is. “Met die organiese kerkvereniging en die herstel van die Algemene Sinodale Kerkverband, was daar nie langer plek vir ´n federale Raad van die Kerke nie” en “besluit die konvensie vervolgens dat die Federale Raad van Kerke ontbind sal word.” [Van Staden 1973:423; vgl Van der Watt 1987:15]

“Dit was `n gevoelvolle en onvergeetlike historiese gebeurtenis toe die hele konvensie, na aanname van die voorstel en dankgebed deur ds J H Steenkamp en prof H D A du Toit, spontaan Prys die Heer aangehef het.” [Van der Watt 1987:15] Die gees wat in die vergadersaal geheers het kom mooi na vore in *Die Voorligter*. [Des 1962:20 en 21]

> “`n Gebeurtenis van besondere aard het hom nou in die sinode-saal afgespeel. Die lede van die Raad van Kerke wat teenwoordig was is opgeroep om in teenwoordigheid van die ander lede van die konvensie in die voorste banke van die saal plek in te neem. Weer eens word `n voorstel eenparig en staande aangeneem, hierdie keer afkomstig van die scriba van die Raad, ds A J V Burger: Aangesien die konstituerende kerke almal die nuwe kerkorde aanvaar het, en aangesien hierdie Konvensie, waarop al die Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerke verteenwoordig is, die Kerkorde ook aanvaar het en die eerste Algemene Sinode DV vandag gaan konstitueer, het die tyd nou aangebreek om die Raad van die Kerke te ontbind.” Die voorstel het verder behels dat al die Raad se fondse, besittings en oorstaande werksaamhede oorgedra word aan die eerste Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk.

[Van der Watt 1987:15]

Van hierdie oomblik getuig ander: “Dit was `n indrukwekkende oomblik toe die Raad van Kerke, wat vir 55 jaar bestaan het, op voorstel van sy scriba ontbind. Vir meer as `n halwe eeu het die Raad die federale bande tussen die Ned Geref Kerke behou en nog hegter vasgebind. Met sy ontbinding het die Raad maar net plek gemaak vir die Algemene Sinode, wat sy strewe sou bekroon”. [Van der Watt 1987:16]

### 9.2 BEOORDELING VAN RAAD VAN KERKE

“In die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk sal die Raad van kerke altyd ´n monumentale en unieke plek beklee. Dit het onskatbare dienste gelewer as skakel tussen die verskillende kerke en as wegwyser tot die herstel van die algemene kerkverband” [Van der Watt 1987:10] “Sedert 1907 het die Raad van Kerke bestaan en byna by elke vergadering pogings aangewend om die Ned Geref Kerk wat in federale verband gestaan het, onder een Sinode te verenig. [Van der Watt 1987:15]

### 9.3 1962 Algemene Sinode

Onmiddellik nadat die Raad van Kerke op voorstel van sy skriba ontbind het , “het die uur aangebreek dat die eerste Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kon konstitueer” [Van Staden 1973:423]

Volgens art 41 van die kerkorde [Van Staden 1973:423] is aan ds P S Z Coetzee die voorreg gegun om die voorsitterstoel in te neem en die sinode te lei. Hierna is as eerste moderatuur gekies: dr A J van der Merwe [moderator], ds P S Z Coetzee [assessor], dr J D Vorster [actuarius] en ds A J V Burger [sciba]. [Van der Watt 1987:16]

Soos algemeen verwag is, is Vorster by die Algemene Sinode tot Actuarius verkies: “Dr. Vorster was steeds ´n onverbiddelike vegter in belang van die

suiwerheid van die leer van die kerk. Hy het steeds ´n besondere belangstelling geopenbaar in die kerkreg. Sy kennis hiervan het meegebring dat hy reeds ´n geruime tyd Actuarius van die Kaapse Kerk is, en sy verkiesing as die eerste Actuarius van die Algemene Sinode was dus nie ´n verrassing nie." [Esterhuyzen *Die Voorligter* Des 1962:13] Vorster het as actuarius van die Algemene Sinode gedien tot in 1970 toe hy as moderator gekies is. Na voltooiing van sy termyn is hy as assessor gekies [Potgieter 1979:274]

So kom die Ned Geref Kerk by `n verwerking van sy geskiedenis en kerkregering wat hy kerkregtelik verantwoord het. Kerkregtelik moes hierdie herstelde kerkverband begelei word want sy geskiedenis is altyd by om hom in te haal. Daarvoor het Vorster hom beywer. [Brown *NGTT* 1979:304]

`n Mens word by die bestudering van die geskiedenis van die Ned Geref Kerkregering met die indruk gelaat dat die kerk eers as knelpunte opduik reformatories optree. Na probleme word verwys maar eers ernstig oorweeg as dit onhoudbare situasies skep. Hier word gedink aan die burokrasie, die uitgebreide werk van sekretarisse en kommissies, wat toegelaat word. [Brown *NGTT* 1979:304]

Volgens Van der Watt was die konstituering van die Algemene Sinode in 1962 nie `n vereniging of organiese hereniging van die kerke soos dit verkeerdelik genoem is nie, maar slegs die herstel van die algemene sinodale kerkverband [herstel van die organisatoriese vereniging in sinodale verband] soos dit voor 1862 bestaan het. [vgl Van der Watt 1987:16] Dit het, volgens hom, kerkregtelik en histories in die Loedolff-saak van 1862 nie gegaan om die versplintering van die Ned Geref Kerk nie, maar oor die samestelling van die sinode. Die uitspraak het daarop neergekom dat gemeentes buite die grense van die destydse kolonie geen aandeel kon hê aan die Algemene Sinode nie, maar moes konstitueer in verskillende provinsiale sinodes - nie as afsonderlike

kerke nie Daar is wel gepraat van die "Kaapse Kerk", "Natalse Kerk" ens. maar sulke aanduidinge van die kerke het weinig kerkregtelike inhoud gehad.. [Van der Watt 1987:16]

In ´n persoonlike gesprek wys Van Staden daarop dat hy op hierdie punt van Van der Watt verskil. Heeltemal tereg wys Van Staden uit dat die noordelike sinodes nie net uit die Kaapse Sinode uitgesluit was nie, maar in werklikheid uit die kerkverband van die Kaapse Kerk. Die bewys hiervan is, volgens hom, ook duidelik te sien in die feit dat die noordelike gemeentes nie sinodes gestig het nie, maar aparte kerke met eie kerkverbande. Soos dit hieronder aangedui sal word, het Vorster dit ook so gesien.

### 9.3.1 Opening van eerste Algemene Sinode

Die amptelike opening van die Algemene Sinode was op 14 Oktober 1962 in die gebou van die Groote Kerk, Kaapstad. Prof E P Groenewald, as laaste voorsitter van die Raad van Kerke het die Woord by daardie geleentheid bedien uit Sag 6:13. Dit was dieselfde teks wat ds A Murray presies 100 jaar gelede ,14 Oktober 1862, in dieselfde gebou die sinode geopen het. [Van der Watt 1987:17]

Prof Groenewald het die hartseer-gebeure van 1862 in herinnering geroep met die woorde: "Vandag, `n honderd jaar later vergader ons hier om te getuig: Waarlik, die Here het in ons midde sy Kerk gebou, en Hy het hieruit vir Hom heerlikheid berei" [Van der Watt 1987:17]

### 9.3.2 Eerste vergadering van Moderatuur

Op 31 Januarie 1963 het die Breë Moderatuur vir die eerste keer vergader.Soveel vertroue het die vergadering in aktuarius Vorster gehad dat hy gekies is om as verteenwoordiger van die Ned Geref Kerk die Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat in Augustus in die VSA gehou gaan word by te woon. [*Die Voorligter*, Maart 1963:15]

Vorster het hom uitgespreek oor ´n paar sake rakende die Algemene Sinode en die nuwe kerkorde.

## 9.4 VORSTER SE SIENING OOR DIE ALGEMENE SINODE

Uit die aard van die saak was Vorster baie ingenome met die konstituering van die Algemene Sinode in 1962. Saam met die res van die kerk was hy verheug en sê :"`n Merkwaardige gebeurtenis het in hierdie dae in Kaapstad plaasgevind. Geskiedenis is gemaak. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het `n periode in sy bestaan afgesluit en `n nuwe skof begin." [Vorster in *NGTT* 1979:327]

Dat dit gebeur het presies 100 jaar na die skeiding in 1862 is, volgens Vorster nie, so beplan nie maar "die Hoof van die Kerk, onse Here het so gelei, en dis net wonderlik in ons oë." [Vorster in *NGTT* 1979:327] Oor sy eie groot aandeel in die opstel van die Kerkorde was hy beskeie en sê: "Hierdie opdrag [opstel van Kerkorde] is aan die actuarii gegee en so wonderlik was die hand van die Here oor Sy Kerk dat die werk buitengewoon voorspoedig was. Die Sinodes het met die grootste eenparigheid die konsep-kerkorde aangeneem en tot die herstel van die sinodale verband besluit…." [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Volgens Vorster was die verband nou herstel en spreek die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur sy Kerkrade, Ringe, Sinodes en Algemene Sinode. Hierdie Algemene Sinode was volgens hom nie soos die ou Federale Raad slegs adviserend nie, maar beklee met gesag om te leer, te regeer en tug uit te oefen.

### 9.4.1 Vorster oor die mag en gesag van die onderskeie sinodes

Die gesag van die Algemene Sinode oor die Sinode is dieselfde as die van die Sinode oor die Ring en die van die Ring oor die Kerkraad. Die besluite van die Sinode is dus bindend. Soos die ander kerklike vergaderinge is die Algemene Sinode ook in sy taak en terrein beperk. [Vorster in *NGTT* 1979:328] Die

Kerkraad se gesag strek hom uit oor sake binne sy ressort en verband, so is die Algemene Sinode begrens daarin dat hy hom slegs moet bepaal tot die algemene sake [res generalia]. Art 22 van die Kerkorde bepaal dat meerdere vergaderinge [Ring, Sinode en Algemene Sinode] alleen die sake mag behandel wat daar tuishoort, deur mindere veraderinge na hulle verwys is of wat op mindere vergaderinge nie afgehandel kon word nie. [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Vir Van Staden is daar kerkregtelik ´n verskil tussen "gesag" en "seggenskap" en praat hy deurlopend van "seggenskap" waar Vorster dit oor "gesag" het. Vir Van Staden het die Algemene Sinode seggenskap oor die Sinode deurdat die seggenskap nie oor alles strek nie, maar, minder as gesag, alleen dit wat kerkordelik aan die Sinode en Classis toegesê word. Op die wyse is die besluite van die Sinode dus bindend ten opsigte van die werksaamhede wat die Kerkorde aan hom toegesê het.

Deur organisatoriese vereniging volgens die Kerkorde het die Nederduitse Gereformeerde kerk `n dubbele voordeel van enorme betekenis verkry. Die NG Kerk is nou een en het `n Algemene Sinode wat met gesag [*seggenskap-RWL*] beklee is en wat volgens die Kerkorde op sy terrein kan spreek en optree. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

Daarby deel ons in die ewe groot voordeel dat volgens die Gereformeerde kerkreg en die Kerkorde die onderskeie Sinodes hulle volle leer-, regeer- en tugmag behou, en dus binne hulle resort net so gesaghebbend is. [Vorster in *NGTT* 1979:329] Die kerk sal dus nie mank gaan of gestrem word of ly omdat sy Algemene Sinode met gesag [*seggenskap- RWL*] beklee is en net maar adviserend is nie. [Vorster in *NGTT* 1979:329] Aan die ander kant sal die Sinodes nie hiërargies van bo af gedomineer word en tot minderwaardigheid gedoem word of doodgewurg word nie. Die Kerkorde wat deur die Sinode aangeneem is, stel die kerk in staat om die maksimum diens te lewer. [Vorster

in *NGTT* 1979:329]

### 9.4.2 Vorster oor die eendrag wat die Kerkorde bring

Volgens Vorster het die liberaliste gejuig met die skeiding van weë in 1862 maar in 1962 het die regsinniges gejuig omdat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nou weer in een sinodale verband [*kerkverband - RWL*] verenig is. [Vorster in *NGTT* 1979:329] Die Sinode het aan die lig gebring dat die Kerk wat nou organisatories een is, ook innerlik een en eendragtig is. Die groot ideaal van vyande van ons volk om die N G Kerk te verdeel is vir goed na die gebied van pure wensdenkery verwys. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

Deur optrede en gesindheid, getuienis en koers het die Kerk sy eenheid, wat nou ook organisatories bevestig is gedemonstreer. Hieruit kan die lidmate krag en inspirasie put. Hiermee moet die vyande rekening hou. Hieroor het die regsinniges gejuig. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

Met hierdie N G Kerkorde sal die Nederduitse Gereformeerde Kerke weer die belydenis van 1824 herhaal, nl dat die Dordtse kerkorde ´n fundamentele stuk vir die regering van ons kerk is. [Vorster 1960 *NGTT*:18]

### 9.4.3 Vir Vorster is die Kerkorde Gereformeerd

Die regsinniges juig omdat die Kerke verenig het op die basis van `n Kerkorde wat deur en deur Gereformeerd is. Die Kerkorde is opgestel na die voorbeeld van die Dordtse Kerkorde. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

### 9.4.4 Volgens Vorster is die Kerkorde nie Kollegialisties nie

`n Kollegialisties gekleurde kerkorde, waardeur die Algemene Sinode hiërargies kon domineer, sou net die moontlikheid van opstand en botsing skep en die Kerke uitmekaar laat spat. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

### 9.4.5 Volgens Vorster is die Kerkorde nie Independentisties nie

`n Independentisties georiënteerde kerkorde waardeur die Algemene Sinode tot `n adviserende liggaam gedegradeer word , sou die Kerke uitmekaar laat dryf het.

In albei gevalle sou die Liberaliste gejuig het, maar nou het die Sinode deur die aanname van `n Kerkorde in ooreenstemming met die aard en karakter van die Kerk die regsinniges laat juig. Immers die kiem van verdeeldheid is doodgemaak en die moontlikheid van botsing is verwyder. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

## 9.5 ENKELE BESLUITE WAT DIE SINODE GENEEM HET

Oor die besluite wat daar geval het sal die liberale elemente in ons Vaderland wel treur, maar die regsinniges juig. Oor sondes soos owerspel en egbreuk het die Algemene Sinode in kloeke taal gespreek en `n sterk standpunt na die Woord van God ingeneem. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

## 9.6 VORSTER SE SLOTSOM OOR ALGEMENE SINODE VAN 1962

Die Algemene Sinode het dan ook op hierdie hoë noot geëindig dat as skeiding gedurende die afgelope honderd jaar so `n kragtige uitbreiding van die Kerk met soveel seën meegebring het, kan en moet die vereniging deur die herstel van die sinodale verband tot nog groter arbeid en bloei lei. [Vorster in *NGTT* 1979:330]

Vreemde uitgroeisels uit die tuin van die Liberalisme soos die Vrymesselary is met groot eenparigheid as ongewens op kerklike erf aangewys. [Vorster in *NGTT* 1979:330] Ook is afbuiginge soos die Chiliasme met beslistheid veroordeel. [Vorster in *NGTT* 1979:330] Positiewe stappe is geneem om die Kerk in staat te stel om sy opdrag uit te voer, die geloof wat eenmaal aan die vaders oorgelewer is, te verdedig, en die Naam van die Here te verheerlik. [Vorster in *NGTT* 1979:330]

## 9.7 VORSTER MEER AS EEN KEER OP DIE MODERATUUR VERKIES

Na die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 het Vorster aktief gebly op die kerklike terrein. In 1966 is hy as actuarius herkies, in 1970 as moderator en by die volgende sitting as assessor. [vgl Van der Watt 1987:392]

## 9.8 VORSTER SE EMERITAAT BY NED GEREF KERK TAFELBERG

Soos daar ´n begin is, is daar ook ´n einde. So het Vorster se bediening wat amptelik in 1935 by De Nieuwe Kerk begin het in dieselfde gemeente geëindig in 1979. Op Vrydagaand 25 Januarie 1980 het Tafelberg-gemeente afskeid geneem van dr en mev Vorster en op Sondag 27 Januarie het hy by die erediens om 10:00 sy afskeidsboodskap gelewer en net daarna om 10:30 sy demissie ontvang. [Gedrukte Afskeidsprogram 25 tot 27 Januarie 1980]

## 9.9 HOE ANDER MENSE VORSTER BEOORDEEL HET BY SY EMERITAAT IN 1979

*Die Burger* in ´n berig met die opskrif: "Dr Koot Vorster se laaste" bedoelende die Sinodesitting [Kaapse N G Kerk] wat DV op 16 Oktober sal begin, sê van Vorster: "´n Mens wonder in hoeverre die uittrede van dr Vorster beklemtonings sal verander. Dr Vorster het in al sy jare van diens ´n leidende rol in die sake van die N G Kerk gespeel,en hy was onder meer die argitek van die eenwording van die N G Kerke van Transvaal, die Vrystaat, Natal en Kaapland. [*Die Burger*, 9 Oktober 1979]

By die aanvang van die Kaapse Sinode in 1979 lewe Vorster die openingsrede. Daarin sê hy onder andere: "Na 44 jaar diens onder die genadige en barmhartige hande van die Here, het die tyd gekom dat ek ´n laaste woord vanaf hierdie platvorm aan u moet rig. Dit was vir my mooi jare want die Almagtige het my die voorreg gegun om vir 26 jaar my plek agter hierdie tafel in te neem en ´n rykdom van kennis en ervaring en genade op te doen.

> "Die Here was onuitspreeklik goed vir my. Ek kan nie ophou om Hom te loof nie, want in 1936 het ek my eerste sinode in ´n invalide-stoel net vir enkele ure per dag bygewoon. Die bevinding van die beste medikus wat ons volk nog opgelewer het, oor my was dat ek die res van my lewe ´n invalide sou wees en nooit weer gesond sou word of sou werk nie. En nou aan die einde van 44 jaar kan ek net jubel: Loof die Here, want hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. [Ps 136:1] "Tog was die Here so goed dat ek net vir die res van my lewe verbande moes dra."
>
> [Vorster *NGTT* September 1979:273]

Van die kant van Engelssprekendes het die huldeblyk gekom: "He will be missed in many ways and many an appreciative word was said at his departure from his congregation and from the different synods in which he had served." [*DRC Africa News* 1979:4] "The back is slightly bowed, the outlines of the well-known craggy face softened a little now by the passing of 70 years. But Koot Vorster is still Koot Vorster, and when he raises his voice in the Dutch Reformed Church´s lofty synodal hall in Orange Street, Cape Town, the attendant legions of white-tied, black-suited churchmen take heed." [*DRC News* Africa 1979:4]

He sits in the ranks now, and not on the dais, but his presence is undiminished. When he asks for the floor, there is a perceptible stir. " I like a good fight, but then people must be honest." [*DRC Africa News* 1979:4] "Dr Vorster, bogeyman of thousands of South Africans who disagree with his conservative views, wouldn´t have had his life any different from the way it was. "In our service we work for a God never underpays His servants. I got much more out of it than I put into it. I´m proud of it, the way a soldier is proud of his uniform. I´m proud of it and I´ll wear it to the end. After all, once a preacher, always a preacher" [*DRC Africa News* 1979:4]

Die Vaderland in ´n onderhoud met Vorster se emeritaat: “I must confess of two loves in my life - my love for my church, as well as my devotion to my people and my country” [Aangehaal in *DRC Africa News* 1979:4]

By die Wes-Kaapse Sinode van 1979 is hulde gebring aan Vorster. Prof F J M Potgieter het by die geleentheid gesê dat hy “ dr Vorster vyftig jaar gelede as student ontmoet het. Hoewel hy soms van dr Koot verskil het, kan hy agting vir hom hê, omdat hy ´n eerlike man is. ´n Mens weet wat jy aan hom het. Dr Vorster was ´n `hond van God´ wat soms sy tande gewys het as sy Baas bedreig was. Maar hy het dit uit liefde vir sy Baas gedoen. Dr Vorster is ´n genaakbare mens, en hy tree altyd met menslikheid op. Niemand het vir die oprigting van die Kerk se gebou wat die Sinodesaal huisves, so gepleit soos dr Vorster nie. As ons na dr. Vorster se verlede kyk, sien ons ´n reguit ry spore. Hy het net een koers gehad.” [*Die Burger* 23/10/1979]

By die Wes-Kaapse Sinode is ´n uitgawe van die *NGT*T met ´n keur van Vorster se geskrifte aan hom oorhandig deur ds W J van Zijl, direkteur van die N G Kerk-Uitgewers. By die geleentheid het ds Van Zijl gesê dat dit paslik is dat die laaste uitgawe van die jaar aan dr Vorster opgedra word, want niemand was nouer aan die tydskrif verbonde nie. [*Die Burger* 23/10/1979]

Vorster het by sy laaste Wes-Kaapse Sinodesitting op huldeblyke geantwoord deur te sê dat hy lekker gaan rus omdat hy weet dat “goeie jong manne op wag staan. Hier sit die leeus, ek het net af en toe gebrul,” het hy vir Churchill aangehaal. Die belangrikste ding wat die Here vir my gegee het, was toe Hy toegelaat het dat ek ´n voorstel by die Federale Raad indien vir die vier N G Kerke om een te word.” Ten uitvoering van hierdie opdrag het hy in twee en ´n halwe jaar sewe Sinodes bygewoon. Dit sal moontlik nooit weer met iemand gebeur nie. Die herinneringe wat hy oorhou, is die mooi pensioen waaruit hy lewe nou dat hy oud word. [*Die Burger* 23/10/1979]

Potgieter getuig van Vorster: “Hier is´n man wat nooit geskroom het om teen die verwording vanwee die sonde te getuig nie. Maar kenmerkend van hom is dat hy nie net negatief in sy benadering is nie, maar dat hy as Calvinis ook positief alles in sy vermoë doen om die koninkryk van God op alle lewensterreine te bevorder”. (Potgieter in *NGTT* 1979:275) “Aan hom sal ons bly dink as stoere kampvegter vir die geopenbaarde waarheid wat in die kern van sy persoonlikheid aangegryp is deur die woorde van sy Here en Heiland: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is verheerlik.” Só het sy mense hom leer ken en waardeer. [Potgieter in *NGTT* 1979:275]

“Wie intiem met hom kennis gemaak het, het egter ook geniet van sy fyne humor en agter die forse figuur ook die minsame vriend, vader van sy huis en geliefde herder van diegene wat die Here aan sy sorg toevertrou het, ontdek.” [Potgieter in *NGTT* 1979:275] Oor Vorster se arbeid ten spyte van sy jarelange siekte merk Potgieter op:”Die werkkrag van die man is eintlik verstommend” [Potgieter *NGTT* September 1979:273] “In sy betrokkenheid het hy geskrywe. Om sy standpunt te bedien, het hy na die pen gegryp. Op kongres na kongres het hy hom laat geld. Dit kon net hy wees was so skrywe en so praat.” [Brown, E *NGTT* September 1979:271] “Daar is min sektore van die kerklike lewe waar dr Vorster nie in die frontlinie beweeg het nie.” [Potgieter, F J M *NGTT* September 1979:275]

In 1953 het hy actuarius van die Kaapse Kerk geword en wel tot in 1975. “Hier het hy dienste van onskatbare waarde gelewer. Hy was nie alleen fyn akademikus nie, maar ook man van die praktyk.” [Potgieter F J M *NGTT* September 1979:273]

Na sy emeritaat het die Vorsters verhuis na die plaas Middelwater naby Steynsburg waar Vorster hom nog besig gehou het met studie en skryfwerk. Soms het hy ook nog eredienste waargeneem in die Ned Geref Kerk

Steynsburg. Op Vrydag 8 Januarie 1982 is hy skielik aan ´n hartaanval oorlede. Op 11 Januarie is hy begrawe vanuit die kerkgebou waar hy die Sondag nog die erediens sou hou. Ds G Moller, moderator van die Kaapse Kerk, het die begrafnisdiens gelei wat bygewoon is deur familie, vriende, kollegas en kerkleiers wat teenswoordige en vroeëre lede van die moderature ingesluit het. Dit was vir skrywer hiervan ´n aandoenlike oomblik maar ook ´n groot voorreg toe hy saam met Vorster se kinders, ander familielede en vriende sy graf kon help toegooi.

### 9.10 HULDEBLYKE NA VORSTER SE DOOD

Na Vorster se dood verskyn die volgende huldeblyk deur die Moderator van die Algemene Sinode, ds Tappies Moller, in die Kaapse dagblad *Die Burger*: "Ek onthou dr Vorster as ´n forse figuur, ´n man wat sterk leiding in die N G Kerk gegee het.

As kenner van die Gereformeerde Kerkreg het hy bekwame advies gegee wanneer kerkregtelike vraagstukke opgeduik het. Hy was die man wat hom nie net veel beywer het vir die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 nie, maar hy het ook al die voorbereidsels vir daardie belangrike konstitisionele ontwikkeling van die kerk beplan.

Met Vorster se afsterwe het dr O´Brian Geldenhuys die volgende huldeblyk gelewer: Hy was wat die Hollanders sou noem ´n man ´rechtdoorzee'. Hy het nooit ´n duim afgewyk van sy standpunt nie, want hy het nooit oor die korrektheid getwyfel nie. Jy het altyd presies geweet waar jy met hom staan, al het jy nie altyd saamgestem nie" [*Die Burger* 9/01/1982]

In sy huldeblyk het dr A P Treurnicht die volgende gesê: "Dr Koot Vorster was een van die merkwaardigste mense wat ek geken het. As vriend het hy deur dik en dun by jou gestaan en hy kon openhartig met jou verskil. Hy was vurige volksman en kerkman. As vegter vir sy volk het hy van die verhoog af en in die

geskrif sterk gereageer teen gevaarlike tendensies.” [*Die Burger* 9/01/1982]

Dr E P J Kleynhans se huldeblyk: “........ in dr Vorster verloor die N G Kerk een van die grootste kerkmanne van die eeu - ´n behoudende teoloog wat sterk leiding in die kerk gegee het. Hoewel hy soms na buite die indruk van onverbiddelikheid gewek het, het ek hom leer ken as iemand met ´n teer en liefdevolle hart.” [*Die Burger* 9/01/1982]

Die Kaapse dagblad, *Die Burger*, het bykans altyd negatief oor Vorster gerapporteer. In ´n huldeblyk met sy afsterwe berig hulle egter: “ ´n Strydros tot die einde - so sal dr Koot Vorster, een van die kleurrykste figure in die Suid-Afrikaanse kerklike lewe, onthou word.” [*Die Burger* 9/01/1982]

Berig oor Vorster se afsterwe in *Die Burger*: “Onder die baanbrekerswerk op kerklike gebied wat dr Vorster verrig het, is die vereniging van die vyf Sinodes van die N G Kerk (die vier provinsies en Suidwes) onder ´n Algemene Sinode - wat in 1962 tot stand gekom het. Hy was die eerste Actuarius. Dit was op sy voorstel dat die kerk se naam die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet wees.” [*Die Burger* 09/01/1982]

“ In die Kerk se hoogste liggame het hy diep spore getrap. Van 1970 tot 1974 was hy Moderator van die Algemene Sinode van die N G Kerk. ´n Jaar later het hy Assessor van die Algemene Sinode geword en later moderator van die Kaapse Sinode. Dr Vorster het altesame 44 jaar amptelik in die N G Kerk gedien” [*Die Burger* 09/01/1982]

Ds Tappies Moller, moderator van die N G Kerk het by Vorster se begrafnis op 11/1/1982 o.a. gesê: “In sy leeftyd het hy elke leiersposisie in die N G kerk beklee en daardeur het hy ook die vertroue van die kerk en die ganse volk geniet. ´n Stoere kerkman was hy wat nie geskroom het om reguit te praat nie en elkeen het geweet waar hy met hom staan. Hy het ´n besliste stempel op

die N G Kerk afgedruk.” [*Die Burger* 13/1/1982]

## 9.11 SAMEVATTING

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 was dit vir die kerk ´n heuglike dag want dit was die einde van ´n lang en opdraande stryd om weer in een sinode te kon verenig.Vir Vorster was dit ook ´n grootse gebeurtenis want ook vir hom was dit die einde van ´n lang stuk betrokkenheid van saamdink, beplan en oorreding.

Alhoewel hy baie nederig was oor sy bydrae, veral ten opsigte van die opstel van die nuwe kerkorde, het diegene wat saam met hom gewerk het en in vergaderings saam met hom gesit het die geleentheid gebruik om Vorster se reuse aandeel uit te lig.

Vorster het positief geoordeel oor die Algemene Sinode en dit baie sterk beklemtoon dat die kerkorde wat aanvaar was nie afgewyk het van die Dordtse Kerkorde nie. In sy oë was dit Gereformeerd en nie Kollegialisties of Independentisties nie.

Die feit dat Vorster nooit gehuiwer het om ´n standpunt te stel en daarby te bly nie het seker baie bygedra tot die feit dat vriend en vyand na sy emeritaat en afsterwe pragtige huldeblyke gelewer het. As hy bly leef het sou hy in 2009 honderd gewees het. Dit is hom nie gegun nie. Tog is dit ´n dankbare wete dat die jong predikant wat so sieklik was dat niemand gedink het dat hy lank sal lewe nie, toe ´n vrugtevolle 44 jaar in die bediening deurgebring het voordat hy in 1982 in die ouderdom van 72 jaar oorlede is.

Hy was inderdaad ´n merkwaardige mens.

# HOOFSTUK 10

## 10.1 INLEIDING

Aan die einde van hierdie stuk kan daar tot geen ander gevolgtrekking gekom word as dit wat reeds deur sovele kerkregkundiges en andere bevind en gesê is nie, naamlik, dat dit ´n onbetwiste feit is dat dr Koot Vorster ´n belangrike aandeel gehad het in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk en in besonder met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

Sonder om afbreuk te doen aan hierdie belangrike bydrae wat hy gemaak moet, in alle billikheid en regverdigheid, gewys word op faktore wat in sy guns getel het. Vanaf die begin van sy bediening in1935 tot met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962, het baie ideale wat lank op die sakelyste van kerklike vergaderings voorgekom het "ryp" geword vir hantering en afhandeling. Een van hierdie ideale was die skrapping van Ordonnansie no 7 van 1843 en die totstandkoming van ´n Algemene Sinode. Die veranderde sosiale en staatkundige omstandighede het hiertoe geen geringe bydrae gelewe nie. Die depressie, armoede, verstedeliking en gepaardgaande ontworteling van talle lidmate van die Ned Geref Kerk in 1935 het in 1962 plek gemaak vir die ekonomiese voorspoed, orde en veiligheid in ´n vrye republiek onder die sterk leierskap van dr H F Verwoerd. Aan die begin van die sestigerjare is die strewe na staatkundige vryheid verwesenlik, Republiekwording het volksgenote bymekaargebring en daar was ´n "gevoel van eenheid in die lug."

Alhoewel Vorster, in sy eie woorde, die gedagte van ´n "volkskerk" ten sterkste afgekeur het, was die meeste Afrikaners lidmate van die Ned Geref Kerk en, volgens die verkiesingsuitslae, ondersteuners van die regerende Nasionale Party. Binne die regerende party was dit weer Koot se broer, John, wie se invloed in so ´n mate gegroei het dat hy ´n paar jaar later Eerste Minister geword het. Dit was dus ´n unieke verskynsel dat twee broers gelyktydig sterk

leiding geneem het op die twee terreine van kerk en staat wat die lidmate ten nouste geraak het en moet dit seker as merkwaardig aangeteken word. Dit was egter in hierdie gunstige omstandighede dat Koot Vorster die voorreg gehad het om ´n bydrae te lewer in die opstel van die nuwe kerkorde vir die te stigte Algemene Sinode en om die verskillende sinodes te besoek met die oog op bespreking en goedkeuring daarvan.

Dr Koot Vorster was ´n uitnemende kerkleier wat gedurende sy bediening van 44 jaar in ´n plaaslike kerk ook in verskeie leiersposisies binne die kerkverband gedien het. Ds Tappies Moller, moderator van die N G Kerk het by Vorster se begrafnis op 11 Januarie 1982 o a gesê: "In sy leeftyd het hy elke leiersposisie in die N G kerk beklee en daardeur het hy ook die vertroue van die kerk en die ganse volk geniet. ´n Stoere kerkman was hy wat nie geskroom het om reguit te praat nie en elkeen het geweet waar hy met hom staan. Hy het ´n besliste stempel op die N G Kerk afgedruk." [*Die Burger* 13/1/1982]

Van die vernaamste van hierdie leiersposisies waarvan ds Moller gepraat het is onder andere:
1953 - Skriba van die Ring van Kaapstad
1953 - Kaapse Sinode Aktuarius [met meerderheid van stemme]
1957 - Kaapse Sinode Aktuarius [met volstrekte meerderheid]
1961 - Kaapse Sinode Aktuarius [met volstrekte meerderheid]
1962 - Algemene Sinode Aktuarius
1965 - Kaapse Sinode Aktuarius
1966 - Algemene Sinode Aktuarius
1969 - Kaapse Sinode Aktuarius
1970 - Algemene Sinode Moderator
1973 - Kaapse Sinode Aktuarius
1974 - Algemene Sinode Assessor
1975 - Kaapse Sinode Moderator

Dit beteken dat Vorster vir 22 jaar ononderbroke aktuarius van die Kaapse - en die Algemene Sinode was en gedurende hierdie tyd ´n groot invloed uitgeoefen het binne die kerk en sy stempel op die kerkregtelike ontwikkeling afgedruk het.

Vanuit die oord van diegene wat altyd met hom swaarde gekruis het, het die getuigskrif gekom: " In die Kerk se hoogste liggame het hy diep spore getrap. Van 1970 tot 1974 was hy Moderator van die Algemene Sinode van die N G Kerk. ´n Jaar later het hy Assessor van die Algemene Sinode geword en later moderator van die Kaapse Sinode. Dr Vorster het altesame 44 jaar amptelik in die N G Kerk gedien" [*Die Burger* 09/01/1982] As predikant en kerkleier het hy oral respek afgedwing met sy standpunte oor en hantering van verskeie belangrike sake.

Sy standpunte het deurgeskemer in sy studie van die kerkreg, sy Skrifgetroue en diepgaande, aktuele prediking, sy optredes in kerkvergaderinge, die talle mosies wat hy met groot deeglikheid vir kerkvergaderinge voorberei het en dit met groot oortuiging en oorredingsvermoë gestel het, sy talle rigtinggewende mosies wat na bespreking besluite van die vergaderinge geword het, sy talryke optredes by kerke en kultuurgeleenthede, sy bydraes in redaksionele kolomme en gewone artikels in kerklike blaaie en dagblaaie, sy briefwisseling met andersdenkendes in die kerk soos bv met "Bekommerd" in die dertigerjare, sy kerkregtelike adviese en, les bes, in dit wat ander kundiges van hom en sy arbeid getuig het. Dis dan ook hieraan dat hy, wat as gereformeerde kerkregkundige bekend was, beoordeel kan en moet word.

## 10.2 'N BEOORDELING VAN SOMMIGE KERNUITSPRAKE VAN VORSTER TEEN DIE AGTERGROND VAN SY EIE VERTOKING VAN GEREFORMEERDE KERKREG

### 10.2.1 Die Drieënige God

Soos Vorster grootgeword het in ´n huis waar godvresende ouers hom vir die eerste keer van die Here vertel het, so het hy ook voortgegaan en met sy hele hart in die lewende God geglo en Hom met oorgawe aanbid. Daar was geen oomblik in sy lewe dat hy getwyfel het aan die Drieënige God nie. Wat meer is - teen die agtergrond van goeie dokters se bevinding tydens sy siekte as jong man dat hy waarskynlik vir die res van sy lewe in ´n rystoel sou moes deurbring, is dit te begrype dat hy altyd sy kinderlike afhanklikheid van die genadige en grote God sou bely.

### 10.2.2 Die Bybel as die Woord van God

Dit is uit Vorster se uitsprake en lewenswandel baie duidelik dat hy soos ´n kindjie in die Woord van God geglo het. Al was hy ´n "groot" kerkleier was sy nederige gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif altyd daar vir almal om te sien. Daarom het hy as jong teologiese student reeds die moed gehad om op te staan teen teoloë soos prof Johannes du Plessis wat dele van die Skrif as minder belangrik geag het. Die ganse Bybel was vir hom die Woord van God en daarin het hy ontdek hoe God as ´n God van orde wil hê dat sy kerk op aarde regeer moet word.

### 10.2.3 Belydenisskrifte

Hy het die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls aanvaar as die drie besondere belydenisskrifte wat ondergeskik is aan die Bybel maar met die Bybel ooreenstem. Al die belydenisskrifte, maar veral die N G B, het hy beskou as allernoodsaaklik vir kerkregering binne gereformeerde geledere.

### 10.2.4 Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering

Koot Vorster was oortuig daarvan dat die Heilige Skrif die basis en vertrekpunt van gereformeerde kerkreg was. Hy het dan ook verklaar: "Die Gereformeerdes het ´n Kerkreg uit die Skrif ontwikkel. Hoeksteen van hierdie sisteem is die erkenning van die Koningskap van Christus wat sy Kerk deur ampsdraers regeer." [*GV* Augustus 1951:122] Die doel van gereformeerde kerkregering was vir hom om die alleenheerskappy van Christus oor sy kerk te verkondig. Daarvoor is die Woord van die Here en Christus se koningskap die besliste beginsels.

### 10.2.5 Dordtse Kerkorde

Hierdie Kerkorde, met sy wortels in die Hervorming, was vir hom ´n suiwer en skoon nalatenskap waarvoor hy die hoogste agting gehad het. Dit was ´n kerkorde wat die Woord van God en die koningskap van Christus eerste gestel het en daarom het hy dan ook groot moeite gedoen, en daarin geslaag, om dit as vertrekpunt te neem vir die Kerkorde van 1962. Dit was die kerkorde wat, volgens hom, die "vastheid, orde en leiding gegee het deurdat dit die beginsels van die Skrif vir kerkregregering ontwikkel het" [*Kb* 28 Oktober 1959; vgl Langner 2007:82]

### 10.2.6 Kerkorde van die Algemene Sinode in 1962

Reeds by sy eerste verkiesing as aktuarius van die Kaapse Kerk moes Vorster in die permanente regskommissie leiding neem om die sinode se opdrag uit te voer om die kerk se Wette en Bepalings te hersien. Daarmee is die eerste sooi gespit in die opstel van ´n nuwe kerkorde later. Saam met die kommissie het Vorster dit aan die hand van die Dordtse Kerkorde hersien en sy hand was duidelik sigbaar in die nuwe Bepalings en Wette. Opvallend het die Wette en Bepalings wat sedert 1843 gegeld het en in meer kollegialistiese taal gestel is, die nuwe opskrif gedra van Bepalings en Wette. Dit was duidelik dat Vorster en die kommissie wou wegdoen met enige vorm van kollegialisme. Dit het selfs ook geblyk uit die volgorde waarin sake aan die orde gekom het deurdat

die belydenis van die kerk, ampte van die kerk, kerkverband ens. eerste aan die beurt gekom het. Die hersiene werk was baie meer in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde.

### 10.2.7 Bedienaar van die Woord

Hy het geglo dat God hom geroep het om die Evangelie te verkondig. Nadat hy by geleentheid uit verskeie oorde versoek is om as leier van ´n nuwe politieke beweging op te tree het hy na gebed duidelikheid van die Here ontvang dat as "die Here nog werk op aarde vir hom oor het, was dit in die kerk." [Langner 2007:178] Uit die getuienis van sy gemeentelede in Tafelberg het hy in sy prediking en pastorale werk diepe erns gemaak met sy herderlike roeping. Hy was in alle opsigte tevrede om net ´n predikant te wees en daarom was hy elke dag in sy swart pak en wit das geklee. Vir hom was dit sy "uniform" wat hy met trots en dankbaarheid gedra het.

Vorster se prediking het oor ´n periode van 44 jaar in dieselfde gemeente vars en nuut gebly sodat dit elke Sondag tot die gemeente gespreek het. As rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat Vorster sy prediking met die grootste erns en verantwoordelikheid benader het. Na deeglike voorbereiding en ernstige gebed het hy sy preke uitgeskryf en getik en met die grootste ootmoed en eerlikheid gelewer in ´n boeiende, kragtige en forse toon. In sy eie woorde moes die preek "met soveel sorg en liefde voorberei word dat dit met vrymoedigheid eers aan die Here voorgelê kan word, voordat dit aan die gemeente afgelewer word." [*NGTT* September 1979:318]

In sy prediking het hy uitgeleef wat hy geskryf het: "Niemand minder dan God self het aan die prediking ´n enige plek in die geestelike lewe en in sy koninkryk gegee nie. Deur niks kan dit vervang word nie." En, vervolg hy, "Vir prediker en gemeente is die preek die deurstuur van die Woord van God, die krag van God tot saligheid vir elkeen wat hoor." [*NGTT* September 1979:318] Daarom moes die prediker nooit vergeet dat hy ´n gesant van God is en nie in

sy eie naam optree nie.

In Vorster se prediking het dit dan ook deurgaans gegaan om “op las van die Here en in naam van Christus die Skrifte te open” en nie ´n eie woord van ´n mens te spreek nie. Daarom moes die inhoud van die preek alleen in die Woord van God lê en die volle raad van God moes verkondig word. As ´n goeie gereformeerde prediker wat gereeld die kategismus van die kansel laat spreek het is die verbondsgedagte deurgaans sterk beklemtoon.

### 10.2.8 Outonomie van die plaaslike kerk

Op die vraag: “Wat is die Gereformeerde opvatting oor die outonomie van die plaaslike kerk en watter instansie dra die meeste gesag: die sinode (en die ring) of die kerkraad?, antwoord Vorster deur te sê dat die plaaslike kerk se outonomie daarin lê dat dit die middelpunt van die organisasie van die Kerk uitmaak en ´n volledige kerk is. Hy sê verder: “Die plaaslike kerk is nie vir sy wese en bestaan van die kerkverband afhanklik nie, maar is met sy ampte en bedieninge ´n volledige kerk.” [*Kb* 21 November 1962:705] Aan die hand van die Dordtse Kerkorde het hy die gereformeerde standpunt gehuldig dat die plaaslike kerk selfstandig is en dat die een kerk nie oor ´n ander heerskappy mag voer nie [art 84] Volgens art 30 kan meerdere vergaderinge alleen handel oor sake wat nie in die mindere vergaderinge afgehandel kon word nie. [*Kb* 21 November 1962:705]

### 10.2.9 Kollegialisme

Vorster het die kollegialisme ten sterkste verwerp as hy o a sê: “Volgens die Kollegialisme, wat die Kerk degradeer tot ´n genootskap of ´n blote vereniging van mense en los maak van die Koningskap van Christus, bestuur kerklike vergaderinge onbeperk met ´n meerderheidsstem.” [*GV* Augustus 1951:122] Hoewel Vorster enige hiërargiese stelsel verwerp het was hy, terugskouend, tog deel van ´n sisteem wat algaande aan die sinode al meer mag gegee het en beleef het dat bepalinge en wette vermeerder.

### 10.2.10 Skotse Presbiterianisme

Daar moet verskil word van Vorster in sy uitspraak dat die boek *Presbyterianism* van die Skot Macpherson "suiwer" was. Hierdie boek was vir meer as dertig jaar die handboek wat vir die bestudering van Kerkreg aan die Kweekskool op Stellenbosch in gebruik was. Die Skotse predikante en plaaslike hoogleraars wat in Skotland gestudeer het, het die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk beslis beïnvloed deurdat hulle daarmee saam ´n leer die kerk ingebring het wat in baie gevalle met die kollegialisme ooreengestem het. Vir hierdie beïnvloeding was Vorster nie op bedag gewees nie. Dit is onverstaanbaar dat hy wat so sterk gestaan het op die gereformeerde kerkreg toegelaat het dat daar van "hoër" en "laer" "besture" sprake was. Vorster het homself oënskynlik ook daarby berus dat hy by die talle sinodes as H E Actuarius aangespreek is.

### 10.2.11 Independentisme

Teenoor die independentiste het Vorster streng gereformeerd afwysend gestaan as hy verklaar: "Vir die Independentisme weer is die kerklike vergaderinge uitvoerende komitees of adviserende konferensies sonder ´n eie gesag. Die gelowiges regeer deur die besture wat hulle aanstel, en beslis oor die advies wat kerklike samekomste uitbring." [*GV* Augustus 1951:122]

### 10.2.12 Sinodokrasie

Na die totstandkoming van die Algemene Sinode, en dus buite die tydraamwerk van hierdie studie, het al die nuwe Bepalinge en Reglemente van die Ned Geref Kerk by elke sinode die kerkorde al dikker laat word wat daarop dui dat die rooiligte van sinodokrasie begin flikker het. Vorster het ongelukkig hieraan ´n aandeel gehad aangesien hy as aktuarius die antwoord op menige kerkregtelike kwessies maar wou laat oorstaan sodat die volgende sinode daaroor ´n uitspraak kan maak. Dis o a hierdie sinode-besluite wat by elke sinode bygekom het as nuwe Bepalinge en Reglemente. Kollegialistiese denke het dan weer hier kop uitgesteek. Vorster moet egter dit ter ere gegee

word dat dit iets is wat hy in die aanloop tot die eerste Algemene Sinode wou verhoed.

### 10.2.13 Liberalisme

Hierdie stuk het probeer aantoon hoe Vorster, as ´n behoudende gereformeerde kerkregkundige, sy hele lewe lank geveg het teen die Liberalisme in die kerklike en kulturele volkslewe [vgl Vorster 1977 in Afrikaner Liberalisme [red P S Dreyer] Wanneer die liberalisme in sy visier gekom het, het Vorster se vegtersgees baie duidelik in sy optredes en geskrifte na vore gekom. ´n Aanhaling wat hy graag in die verband gebruik het was die woorde van die moeder van Abdallah aan haar seun na die slag van Granada in 1492: “Dit pas jou om te ween soos ´n vrou oor dit wat jy nie verdedig soos ´n man nie.” [Vorster 1977:40]

### 10.2.14 Kommunisme

Vorster het die liberalisme die “pienk broer” van die kommunisme gesien. Daarom was sy stryd teen die liberalisme ook eintlik sy stryd teen die kommunisme. Hy was dan ook aktief betrokke by die bestryding van die kommunisme en was lank die voorsitter van die organisasie wat in die lewe geroep is om die kommunisme te beveg nl Antikom.

### 10.2.15 Ordonnansie no 7 van 1843

In hierdie studie is aangetoon dat Vorster meegeleef het met die ideaal dat hierdie wetgewing so gou as moontlik geskrap moet word. Teenoor diegene wat die ordonnansie as “skuiling” gesien het en dit geduld het, het hy altyd probeer oortuig dat dit nie tot die kerk se beswil is nie. Dit was dan ook vir hom ´n voorreg om ten nouste betrokke te wees met die voorbereiding en uiteindelike skrapping van hierdie wet.

### 10.2.16 Verkleining van sinode

In artikels, veral kort voor sinodesittings, het Vorster sy standpunt altyd baie

duidelik uiteengesit. Hy het rekening gehou met die praktiese probleme rondom die ruimte, geld en logistiek asook die onwenslikheid van groot vergaderings, maar het sy voorkeur vir verdeling van die sinode duidelik te kenne gegee en gemotiveer. Hy het die kerk gewys op gevalle waar verkleining van sinodes skeuring tot gevolg gehad het en daarteen gewaarsku.

### 10.2.17 Beroepstelsel

Vorster het oor hierdie saak sterk gevoel en na ´n oorsese studiereis sy standpunt breedvoerig in ´n boek gepubliseer. Vir hom was dit ongereformeerd dat sinodes leraars in gemeentes sou plaas. Op dieselfde lyn is die stelsel waarvolgens vakante leraarsposte geadverteer word en leraars vir ´n pos aansoek kan doen en vir onderhoude gaan ens. Vir hom moes leraars beroep word want daardeur alleen kon die leiding van die Heilige Gees, die leiding van die amp en die gemeente tot sy reg kom.

### 10.2.18 Kerklike Tug

Oor kerklike tug het Vorster baie sterk gevoel en wel die tug soos wat die Woord van die Here dit vereis. Hy was oortuig dat ´n kerk wat die tug toepas ´n lewende kerk is en dat lidmate nie deur liefdevolle tug van die kerk weggedryf sou word nie. Hy het baie daaroor geskryf en in die gemeente waarin hy gestaan het getuig die kerkraadsnotules ook daarvan. Welliswaar het hy in Tafelberg toegelaat dat diakens ook by tuggevalle betrokke was. Dit is teenstrydig met die gereformeerde kerkreg wat hierdie handeling aan die ouderlinge toewys. [vgl Tit 1:9-12, 1 Pet 5:1-3 e.a.]

Hy was egter met sy siening van tug binne gereformeerde denke toe hy dit as geestelike werk gesien het. Waar die tug verwaarloos word is daar ´n gebrek aan sondebesef en die heiligheid van die Here teen wie gesondig word. “God is heilig, daarom kan daar nie toegelaat word dat die sonde in die gemeente voortwoeker nie.” [*GV* Des 1954:20-27]

Vorster het gewaarsku teen die kollegialistiese kerkbegrip waarvolgens kerklike tug soos burgerlike straf gehanteer word en teen die gedagte van ´n volkskerk wat almal binne die volk binne die kerk moet kry al is hulle ook tugwaardig.

### 10.2.19 Verenigings in die kerk

Vorster het oor verenigings in die kerk geskryf en wou hê dat dit reggaan. Hy het onder andere bepleit vir beter koördinering sodat meer fondse, tyd en geld beskikbaar sou wees vir goeie, hoogstaande aksies en blaaie. Hy het ongelukkig die bestaan van verenigings, soos wat dit in sy tyd voorgekom het geduld. Daarmee was Vorster in stryd met die gereformeerde uitgangspunt.

### 10.2.20 Kweekskool te Stellenbosch

“En waar die kweekskool opgerig is om, onder meer, die selfstandigheid van die Kerk te bevorder en regsinnige leraars op te lei, kon dit met reg verwag word dat hierdie inrigting op die gebied van die Kerkreg besondere betekenis sou hê en op die Reformatoriese grondslag sou voortbou.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

“Die Kweekskool het weens die kleinheid van die Kerk en die gebrek aan middele, in 1859 met die allerminste begin. Twee professore moes al die teologiese vakke behartig. Daarom sal dit ook niemand verwonder dat Kerkreg in die eerste paar dekades nie as afsonderlike vak behandel is nie. Eers in 1884 is dit in die Wette en Bepalinge as afsonderlike vak ingesluit onder die vakke waarin die studente onderrig en geëksamineer moet word. Ons mag derhalwe aanneem dat Kerkreg as vak in daardie beginjare nie tot volle reg gekom het nie.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

Die feit dat Vorster hierdie leemte kon insien is seker voldoende getuienis dat hyself student was in die Kweekskool toe die vak al tot sy reg gekom het.

Buite die tydvak wat hierdie stuk dek was Vorster saam met ander kerkleiers soos bv dr Kosie Gericke baie bekommerd oor die rigting wat ingeslaan is by die teologiese opleiding te Stellenbosch en Pretoria en het hy ook gevoel dat ´n ander telogiese fakulteit daargestel moes word vir meer behoudende teologiese opleiding. [Vgl Langner 2007:181-182]

### 10.2.21 Ampsdraers en hulle gesag

Vorster sê Christus self het sy werk en lewe beskryf met die woorde, “Soos een wat dien.” Hiermee het Christus dan ook die wet vir die lewenshouding neergelê vir almal wat in Sy diens staan. [*GV* Augustus 1951:122] Vir hom het die woorde van Christus: “Soos een wat dien” dan ook besondere betekenis vir beide die ampsdraer en gemeentelid. Hierdie dienskneg-gestalte maak egter nie van die ampsdraer ´n kneg van mense nie. Hy staan onder die mense soos een wat dien, wat die Koning van die Kerk dien, en is dus beklee met gesag. Hy mag dus nie spreek om mense te behaag nie. Die ampsdraer tree ook nie op as ´n administratiewe beampte van die gemeente nie. Hy is in diens van Christus en dus staan hy in ´n voortreflike werk.

Vir Vorster beteken dit dat die ampsdraer altyd waardig die hoë roeping moet optree. Die ampsdraer sal, volgens hom, altyd gesterk voel deur die wete dat hy gesag het. Aan die ander kant sal die gemeente ook die gesag eerbiedig as hulle die Koning van die Kerk agter die ampsdraer sien. [*GV* Augustus 1951:122] Dit moet van Vorster gesê word dat hy altyd ´n waardigheid met hom saamgedra het wat die amp van gesalfde eer aangedoen het. Met sy netjiese wit hemp en das, swart pak en swart hoed was hy ´n soort van laaste skakel met die ouer generasie predikante en dosente wat die toga, manel en swart pak met soveel waardigheid en grasie in die kerk en klaskamer gedra het.

Gesag het, volgens Vorster, ook sy grense en hy wys daar op dat die wet wat Christus vir Sy Kerk gegee het bepaalde grense aan gesag stel. Hierdie wet

sny “alle selfverheffing en verwaandheid, alle aanmatiging en heerssug by die wortel af, en roep tot nederige hulpvaardigheid en toegewyde diens.” [*GV* Augustus 1951:122]

Vir Vorster was dit ´n lewenshouding dwarsdeur sy bediening: “Die Kerk behoort aan Christus en die wat daarin regeer moet dit doen soos een wat dien” Waar hierdie beginsel verontagsaam word lei dit tot die opslurping van mag en dit is iets wat vir die “gemeente rampspoedig en vir die ampsdraer tot ´n oordeel sal wees.” [*GV* Augustus 1951:122]

### 10.2.22 Kerklike vergaderinge en gevare rondom dit

“Kerklike vergaderinge, Kerkraad, Ring en Sinode is volgens Gereformeerde Kerke nie besture wat selfstandig na eie goeddunke handel en soewerein beslis nie” [*GV* Augustus 1951:122] Vorster waarsku teen twee gevare en dit kan kortliks hier uitgelig word:

1] “Besluite van Kerkvergaderinge mag nie independentisties as advies bejeen word nie”

2] Besluite van Kerkvergaderinge mag ook nie “liberalisties voor die vierskaar van eie insigte gesleep word nie” [*GV* Augustus 1951:122]

Volgens Vorster word Sinodale besluite te maklik ter syde gestel met die verskoning dat die Sinode nie oor al die nodige feite beskik het toe die besluite geneem is nie of dat daar nie oor die implikasie van die besluite gedink is toe dit geneem is nie. Vorster aanvaar dat ´n Sinode nie op onfeilbaarheid aanspraak kan maak nie, maar die feit is dat meerdere vergaderinge ´n bepaalde gesag en dwingende mag het wat aan sy besluite ´n bindende karakter gee. Elke poging wat, volgens hom, probeer om besluite van ´n meerdere vergadering te omseil, selfs waar dit met die beste bedoeling is, moet as gesagsondermyning bestempel word. Op sy beurt dra dit, volgens Vorster, die gevaarlike kieme van anargie en geld die woord: “Gehoorsaamheid is beter as offerande.” [*GV* Augustus 1951:122]

### 10.2.23 Kerkorde van 1962

Vir ´n skerper beoordeling van Vorster se getrouheid aan die gereformeerde kerkreg kan kortliks gekyk word na sy standpunt rondom die Kerkorde van 1962. In ´n artikel het hy die besware wat teen die kerkorde ingebring is behandel. Volgens hom het die Kaapse Kerk by die eerste Sinode wat in 1824 gehou is, “nie slegs sy gehegtheid aan die Dordtse Kerkorde uitgespreek nie, maar sy wil getoon om in sy kerkregering ooreenkomstig die beginsels in hierdie kerkorde neergelê, te lewe, ondanks die feit dat die kerk deur straatsoorheersing ´n ander kerkorde opgelê is.” [Vorster *NGTT* September 1960:12-13] Hy kom tot hierdie slotsom op grond van die feit dat die voorsitter en skriba van daardie sinode aan die Goewerneur die vergunning gevra het dat die, “Algemene Kerkenordening van de Synode Nationaal te Dordrecht als zijnde een fundamenteel stuk van alle de Regulatiën onzer Kerk, waaraan elk onzer gehouden is” vir verspreiding by die Staatsdrukkery gedruk mag word. [Vorster in *NGTT* September 1960:12]

Die kerkregtelike ontwikkeling in die 19de eeu lewer, volgens Vorster, dan ook bewys dat die verklaring van die sinode van 1824 nie slegs lippetaal was nie, want daar was oor baie jare talle hersienings van die kerkorde en almal het die Dordtse Kerkorde as norm geneem. Dit het, volgens hom, die reformerende krag van die kerk geopenbaar. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13] Selfs die jongste hersiening van die Bepaling en Reglemente van die Kaapse Kerk is na sy vorm en indeling op die lees van die Dordtse Kerkorde geskoei. Vir alle ingeligte mense, sê hy, sal dit duidelik wees, “dat die N.G.Kerke as basis van vereniging en reël vir die regering van die kerke ´n kerkorde opgestel het, wat nie anders beskryf kan word nie as die Dordtse kerkorde, aangepas aan die eise van ons dag. Die kerk het nie van stelsel verander nie, maar sy trou aan die Gereformeerde stelsel bevestig.” [Vorster in *NGTT* September 1960 :13]

Kerkregkundiges het die nuwe kerkorde verwelkom. “Vir elkeen wat die Kerk

van Jesus Christus liefhet behoort dit ´n oorsaak van groot vreugde te wees dat dit nou eindelik in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke sover gekom dat daar in ons kringe weer sprake is van die aanvaarding van ´n kerkorde, wat onmiskenbaar bedoel is geskoei te wees op die lees van die ou Dordtse Kerkorde." [Jonker *Kb* 18 November 1959:795]

Vorster was baie duidelik in sy skik dat die nuwe kerkorde bykans geen kritiek uitgelok het nie. Hy glo daar sou ´n koor van protes gewees het as ´n vreemde stelsel aan die kerk opgedring was. Dit het nie gebeur nie. Inteendeel, dit is met groot entoesiasme ontvang. Wat vir Vorster merkwaardig en verblydend was, was die feit dat baie betoog het dat die kerkorde nog meer gereformeerd sou kon gewees het. "Niemand het beweer dat dit vir die N G Kerke te gereformeerd was nie. Hiervoor is daar maar een verklaring: Die N G Kerke het nooit die Dordtse Kerkorde verloën nie en die Gereformeerd-Presbiteriale stelsel is nie ´n vreemde plant op ons kerklike erf nie." [Vorster in *NGTT* September 1960:13] Dis duidelik nie ´n vreemde plant nie want dit was, volgens Vorster, die vigirende kerkorde van die kerk in Suid-Afrika vir die eerste anderhalf eeu, dwarsdeur die donker dae van oorheersing in Europa, deur die rewolusiegees en die staatsoorheersing in Suid-Afrika. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13]

Vorster vind die gees waarin kritiek teen die kerkorde uitgespreek word as opbouend en ´n baie duidelike besef dat die kerk deur hierdie kerkorde nie in haar regering op ´n dwaalspoor gelei word nie. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13] Dit is die rede, sê Vorster, waarom die besware teen die kerkorde met kalmte en waardering bespreek kan word as hy voortgaan en dit onder die volgende hoofde behandel:

-Die koningskap van Christus in die Kerk

-Die Meerdere Vergaderinge

-Betekenis van die Ned Geref Kerkorde

**10.2.23.1 Die koningskap van Christus in die Kerk**

Vorster sê in Gereformeerde kringe staan dit vas dat Christus die hoof van Sy kerk is en dat Sy koningskap nie deur mense aangetas mag word nie. Dit is immers op hierdie punt waar die Gereformeerde stelsel van kerkregering lynreg teenoor die Kollegialistiese stelsel plek inneem. Op hierdie punt mag die Gereformeerdes nie toegee nie omdat die eer van die Koning op die spel is. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13]

Kommer is uitgespreek oor die feit dat die nuwe kerkorde nie sterk genoeg op hierdie punt staan nie en die besware is onder die punte van 1] die Moderatuur, 2] die Kommissiestelsel en 3] die Geloofsbriewe aangespreek.

**10.2.23.2 Moderatuur**

Vorster behandel die beswaar dat die moderatuur volgens art 39 en 40 na afloop van die sinode as permanente kommissie gekonstitueer. Hierdeur word die deur oopgemaak vir die hiërargie wat juis die Koningskap van Jesus Christus uitdaag. Wat die bekommernis nog groter maak is die feit dat daar aan die moderator ´n status verleen word wat in stryd is met die art 17 van die Dordtse Kerkorde. [Vorster *NGTT* September 1960:14]

**10.2.23.3 Die Meerdere Vergaderinge**

Vir kritici is dit belangrik dat ´n voorsitter van ´n meerdere vergadering na afloop van die vergadering nie meer sal voortgaan in offisiële hoedanigheid vanweë die feit dat hy voorsitter van die vergadering was nie. Sonder dat dit die bedoeling is kom daar mag in so ´n persoon se hande en kan lidmate hom later as hoof van die kerk sien omdat hy gedurig namens die kerk optree, onderhoude toestaan ens. Hierdie situasie word verder versleg as ´n moderator vir meer as een opvolgende sinode as voorsitter verkies word en dus vir ´n aantal jare aaneenlopend gekies word om leiding te neem. [vgl Jonker *Kb* 25 November 1959:835-836]

Dieselfde geld ook vir die res van die moderatuur wat na afloop van die

vergadering as ´n permanente kommissie van die Sinode bly voortbestaan om o a ook "namens die Algemene Sinode op te tree in sake van spoedeisende aard en algemene belang" Jonker argumenteer dat dit onnodig is om so ´n kommissie naas die sinodale kommissie te laat voortgaan na afloop van ´n sinode. [Jonker *Kb* 25 November 1959:836]

Jonker gaan selfs verder en vra of dit nodig is dat daar na afloop van ´n sinode ´n skriba en aktuarius gekies word vir die tydperk tussen sinodes. Hy vra of die Kerk nie ´n voltyds besoldigde skriba kan aanstel nie. Dieselfde geld, syns insiens, die aktuarius. Miskien was ´n aktuarius nodig toe die kerk met uitgebreide wette en bepalinge gewerk het, maar met die aanstaande "beknopte kerkorde wat so helder soos glas is" behoort alles duideliker te wees sodat lidmate minder adviese van ´n aktuarius verlang. Adviese het in elk geval geen regsgeldigheid nie. Vorster spreek vrese rondom die moderator-amp aan deur te sê dat dit ongegrond is dat ´n moderator tussen sinodes tot ´n heersers posisie kan ontwikkel want art 3 van die  Kerkorde stel reeds die Koningskap van Christus baie sterk en duidelik en "handhaaf dit onverswak dat geen ampsdraer oor ´n ander heerskappy mag voer nie." [Vorster *NGTT* September 1960:14]

Die moderatuur word ook nie met uitvoerende magte beklee of as ´n dagbestuur aangewys nie. Dit bly, volgens Vorster, ´n gewone kommissie met beperkte en omskrewe opdrag - iets waarvoor die Dordtse Kerkorde ook voorsiening gemaak het en waarsonder ´n kerk nie effektief kan opereer nie. Die nuwe kerkorde behou juis hiermee die beginsel van die Koningskap van Christus teenoor die hiëragie en as die moderatuur sonder eie mag of selfstandigheid sy beperkte opdrag uitvoer sal daar geen hiëragie wees nie. Vorster is nie blind vir die feit dat ´n moderatuur as kommissie tussen sinodes sy magte mag misbruik en sy opdrag te buite gaan nie, maar dan sal dit ´n verkeerde praktyk wees en nie op grond van ´n beginsel nie. Hiermee het Vorster sy insig geopenbaar want hierdie "verkeerde praktyk" waarvan hy

gepraat het, het dan ook later dikwels voorgekom toe moderators se uitsprake soms as uitsprake van die kerk vertolk is.

### 10.2.23.4 Kommissiestelsel

Kommissies met ´n goed omskrewe mandaat het, volgens Vorster, nog altyd ´n plek gehad in die Gereformeerde stelsel en dit maak nie die deur oop vir kollegialisme nie. Hy wys daarop dat daar volgens art 18 slegs vier gewone vergaderinge in die kerk is en dat kommissies nie selfstandige bestuursliggame is nie. Hulle is, soos die moderatuur na afloop van die sinode, blote deputaatskappe met beperkte opdragte waarvan die mandaat te enige tyd opgehef of verander kan word en hulle moet steeds aan kerklike vergaderinge verslag doen.

### 10.2.23.5 Geloofsbriewe

Sommige, sê Vorster, het beswaar dat die kerkorde nie van geloofsbriewe melding maak nie en is bevrees dat afgevaardigdes dus, "´n blanko tjek ontvang sover dit die Woord van God en die belydenis betref."

Vorster stel lidmate gerus deur te sê dat dit maar in die kerkorde ingevoeg kan word. Dis nie gedoen nie omdat "afvaardiging geloofsbriewe veronderstel. Ook is dit so ´n algemene praktyk dat uitdruklike omskrywing daarvan ´n oortollige goeie werk sal wees." [Vorster *NGTT* September 1960:15]

Op voetspoor van die Dordtse Kerkorde is daar ook geen uitdruklike bepaling ten opsigte van "geloofsbriewe met binding" nie. Waar die N.G.Kerkorde uitdruklik bepaal dat "die kerk hom op die heilige en onfeilbare Woord van God grond en dat die leer wat hy in ooreenstemming daarmee bely, in die drie Formuliere van Enigheid uitgedruk is spreek dit vanself dat geen afgevaardigde ´n blanko tjek het nie, maar dat alle afgevaardigdes in hul beraadslaginge en besluite daaraan gebonde is." [Vorster *NGTT* September 1960:15]

### 10.2.24 Die Meerdere Vergaderinge

Die bepaling oor die meerdere vergaderinge het, volgens Vorster, die meeste kritiek uitgelok en hy behandel dit onder die hoofde Gesag van Sinode en Samestelling van Meerdere Veraderinge.

#### 10.2.24.1 Gesag van die Sinode

Wat die gesag van die sinode betref, sê Vorster, was die besware presies die teenoorgestelde van mekaar. Die een beswaar was dat die gesag en status van die Algemene Sinode so aangetas sal word dat dit weinig meer as die huidige Raad van Kerke sal wees. Ander was weer bang dat volgens art 23 die besluite van vergaderinge bindend is en dat dit tog maar sal meebring dat die helfte plus een sal beslis en dat dit tot ´n hiëargiese-kollegialistiese dominasie van bo af sal lei.

Vorster besweer die vrese deur te antwoord dat die gesag van die Algemene Sinode, soos in art 36 van die Dordtse Kerkorde, onomwonde in art 20 gestel word. Die belangrike beginsel is:

> "Op meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge of wat op mindere vergaderinge nie afgehandel kon word nie. Dit beteken dat die gesag van die Algemene Sinode onverswak gehandhaaf word, maar dat sy aksiesfeer beperk word soos dié van die kerkraad, ring en sinode beperk is. As art 20 nie on-omwonde gestel word nie, dryf die kerk in die regting van gematigde independentisme, en as art 22 nie onverswak gehandhaaf word nie, kry jy juis kollegialistiese sinode-heerskappy. Die N G Kerk het nie een van die sypaaie gevat nie, maar reguit die gereformeerde koers gehou."
>
> [Vorster *NGTT* September 1960:16]

Ander kritici het gewys op die noodsaaklikheid dat dit gestel moet word dat besluite van meerdere vergaderinge bindend is tensy dat hulle in stryd is met

die Woord van God. Vorster verduidelik hierop dat dit onnodig is want art 1en 2 bepaal uitdruklik dat die kerk in sy kerkregering ooreenkomstig die Heilige Skrif en Belydenis sy taak moet volbring So ´n toevoeging mag ook verkeerdelik die indruk skep dat mindere vergaderinge nie aan so ´n vereiste gebind is nie.

### 10.2.24.2 Samestelling van Meerdere Vergaderinge

´n Kritikus het ´n probleem met die feit dat alle predikante lede van die ring en sinode is en sien daarin ´n hiërargiese-kollegialistiese element terwyl iemand anders daarin ´n verkragting van die presbiteriale karakter van kerkregering sien wat op predikante-heerskappy sal uitloop. Vorster bewys die bewering as ongegrond en sê die gereformeerde stelsel word hier net so min deur die klerikalisme van die Papale stelsel bedreig as wat die oorwig van ouderlinge en diakens die amp van die bedienaar van die Woord bedreig. Die drievoudige amp word ten volle in die N G Kerkorde erken.

> “Dat alle predikante na die ring en sinode gaan, is nie ´n afbuiging van die beginsel nie, maar ´n praktyk wat histories gegroei het in die besondere omstandighede aan die Kaap in die tyd toe die Dordtse Kerkorde die vigerende kerkorde van die kerk was en die kollegialisme as stelsel nog nie sy verskyning gemaak het nie. Al die predikante, selfs waar daar meer as een in dieselfde gemeente gestaan het, het reeds op die Gekombineerde Kerkvergadering van 1745 tot 1759 sitting gehad.”
>
> [Vorster *NGTT* September 1960:16]

## 10.3 BETEKENIS VAN DIE NED GEREF KERKORDE

´n Oordeel is uitgespreek dat die kerkorde ´n verandering van stelsel moet wees anders is dit bloot ´n oorkoepeling van ´n stelsel wat uit die erfenis van die kollegialisme kom en verhinder dit deeglike reformasie. By sulke mense bespeur Vorster ´n gebrek aan historiese perspektief en ´n verkeerde kyk op

die kerkregtelike ontwikkeling van die N G Kerk.

Vorster wys daarop dat daar ´n bepaalde geskiedenis vooraf verloop het.

> "Die kerkorde is nie onverwags en soos ´n vondeling-kindjie voor die deur van die kerk neergelê nie. Dis ´n natuurlike vrug, ´n logiese gevolg van wat voorafgegaan het. Dis ´n sluitsteen. Dis nie ´n verandering van stelsel of ´n oorkoepeling van ´n ou stelsel nie, maar ´n verwagte klimaks in die kerkregtelike ontwikkeling. Die N G Kerk het die kerkorde voortgebring omdat hy selfs onder vreemde oorheersing en staatsbemoeïng nooit die gereformeerde beginsels van kerkregering prysgegee of verloën het nie, en nooit is die Dordtse Kerkorde losgelaat nie. As klassieke uitdrukking van die Gereformeerde beginsels van kerkregering het dit steeds as maatstaf die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk gelei en gevorm. Hierdie ontwikkeling moes op die kerkorde uitloop."
>
> [Vorster *NGTT* September 1960:17]

Vorster gaan verder deur te sê: "Kerkvereniging was net die aanleiding tot hierdie logiese stap. Daarom dien die N G Kerkorde dan ook as basis van kerkvereniging, soos die kerkorde naas die belydenis altyd uitdrukking gee aan die kerkverband. Die kerkorde verenig organisatories dit wat organies een is." [Vorster *NGTT* September 1960:17]

Die betekenis van die N G Kerkorde lê in die volgende:

1) Waar dit gebaseer is op die Dordtse Kerkorde openbaar dit die Gereformeerde karakter van die kerk en spreek dit van sy trou aan die beginsels van kerkregering wat ontleen is aan die Woord van God.

2) Waar die Dordtse Kerkorde daardeur aangepas is aan die eise van ons dag sonder verkragting van beginsels, het die Dordtse kerkorde vir die kerk lewend geword.

3) Waar dit die bindende kerkorde vir die kerk sal wees, sal dit nie in die lig van die huishoudelike reglemente van die afsonderlike sinodes geinterpreteer word nie, maar sal die huishoudelike reglemente aan die kerk genormeer word
4)Hierdie kerkorde verenig die kerke wat nog altyd organies een is, maar wat deur ´n hofbeslissing verplig was om organisatories afsonderlik te leef en te werk. [Vorster *NGTT* September 1960:17]

## 10.4 ANDER TEOLOË SE STANDPUNT OOR DIE KERKORDE VAN 1962

W D Jonker in *Die Kerkbode* beskou die nuwe kerkorde as , "´n Voorwaartse stap op Dortse Grondslag" onder die hofie: "Die Nuwe Kerkorde": "Vir elkeen wat die Kerk van Jesus Christus liefhet, behoort dit ´n oorsaak van groot vreugde te wees dat dit nou eindelik in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke sover gekom het dat daar in ons kringe weer sprake is van die aanvaarding van ´n kerkorde, wat onmiskenbaar bedoel is om geskoei te wees op die lees van die ou Dordtse Kerkorde." [*Kb* 18 November 1959:795]

In die oë van Jonker was die vergadering van die Raad van Kerke te Bloemfontein in Mei 1959 geweldig belangrik as hy sê dit sal "in die annale van die ons Kerke beslis aangeteken staan as een van die belangrikste vergaderinge" Wat vir hom uitgestaan het van die vergadering was die eenparige besluit waarmee ´n konsep-kerkorde vir die regering van die Ned Geref Kerk goedgekeur is. ´n Kerkorde wat, volgens hom, nie alleen as basis sou dien vir die organiese eenwording van die huidige vyf selfstandige gefedereerde N G Kerke nie, maar wat ook, "ongetwyfeld sal dien om die Gereformeerde karakter van ons Kerke te bestendig en te bevestig" [*Kb* 18 November 1959:795]

Jonker sien met groot dankbaarheid die hand van die Here in hierdie proses van kerkherstel. Veral ook die seën wat die kerk ondervind in ´n nuwe bloei en ´n nuwe liefde vir alles wat Bybels-verantwoord is. Die kerk word geseën in die

uiterlike, organisatoriese sin op pad na organiese eenwording maar Jonker sien dit ook in ´n geestelike sin deurdat, "ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie - die Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers!" [*Kb* 18 November 1959:795]

Vir Jonker is daar met die aanvaarding van hierdie konsep-kerkorde groot vordering gemaak op die kerkregtelike terrein. Hierdie vordering was vir hom van tweeërlei aard. In die eerste plek was dit vir hom van groot vordering dat hier nou sprake is van ´n kerkorde in plaas van die gebruiklike "wette en bepalinge" Die tweede rede vir sy blydskap was die feit dat die,"kommissie van aktuarius, wat hierdie konsep-kerkorde opgestel het, onmiskenbaar duidelik van die gedagte uitgegaan het om daarmee so gou as moontlik by die ou Dordtse Kerkorde aan te sluit." [*Kb* 18 November 1959:796]
Jonker wys daarop dat die konsep-kerkorde, "volg wat sy indeling, en dikwels selfs wat sy bewoording betref, nougeset in die spoor van die Dordtse Kerkorde" [*Kb* 18 November 1959:796]

## 10.5 LAASTE WOORD

Ons sal Vorster onthou omdat hy sy luisteraars en lesers geboei het met sy kragtige, gloeiende taalgebruik. Dit het bygedra tot sy gewildheid as spreker by baie feeste en openbare geleenthede. Voorbeelde is volop maar twee artikels wat uitstaan is die  artikels wat in *Die Gereformeerde Vaandel* van Junie 1949 verskyn het. Die een is die Redaksiekolom bladsy 2 waar Vorster dit het oor, Die Woord en op bladsy 12 oor A Brakel en die Piëtisme [*GV* Junie 1949]

Ons sal Vorster ook onthou as die onverskrokke predikant en kerkleier: "Dr Vorster is ´n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat hom onomwonde identifiseer en onverskrokke sy standpunt stel." [Brown *NGTT* 1979:271] Onverskrokkendheid wat ook sy neerslag vind in die feit dat daar nie in een geval die hand op ´n stuk gelê kan word wat Vorster onder ´n

skuilnaam geskryf het nie. Dit was altyd onder sy eie naam.

Belangriker as dit alles sal hy egter onthou word as die kerkleier wat binne die geledere van die Ned Geref Kerk op die regte tyd op die regte plek was. Kan daar aan die einde van hierdie studie met groot sekerheid volstaan word met die bevinding: Dr Koot Vorster was ´n merkwaardige kerkleier wat ook sy foute gehad het as mens en selfs ook as kerkregkundige. Daarvan spreek die gevalle van teenstrydighede. Wat egter uitstaan is die feit dat hy in sy hart niks anders was en wou wees nie as ´n nederige dienskneg van die Here wat in gehoorsaamheid aan die Woord van God al sy besondere talente van hart en verstand sou gebruik om die kerk wat hy liefgehad het te help om in een Algemene Sinode te verenig op grond van´n kerkorde wat by die Dordtse Kerkorde aansluiting vind.

Koot Vorster het inderdaad getrou gebly aan die gereformeerde beginsels en kan hy in sy nalatenskap aangeteken word en gerespekteer word as een van die grootste gereformeerde kerkregkundiges wat die Ned Geref Kerk nog opgelewer het.